

PB099367



182571804F




**HSRC Library and Information
Service**

RGN-Biblioteek en Inligtingsdiens

DATE DUE - VERVALDATUM

--	--



* P B 9 9 3 6 7 *

**Eienaarskap van Nasionale
Varsproduktemarkte in die Republiek
van Suid-Afrika**

RGN-Reeks: Varsprodukte-onderzoek

Reeksredakteur: Sieg Marx

GEPUBLISEERDE TITELS

1. **Prysvorming by die bemarking van vars vrugte en vars groente in die Republiek van Suid-Afrika.** D S Langley, J van Zyl.
2. **Distribusie van vars vrugte en vars groente in die Republiek van Suid-Afrika.** J A de Villiers, J G van Deventer.
3. **Riglyne vir die uitbreiding, opgradering, verskuiwing en sluiting van bestaande marke, asook die vestiging van nuwe marke.** D B J van Rensburg.
4. **Standardisation of the grading, packaging, labelling, inspection, pallatisation and control systems in the fresh produce industry in the Republic of South Africa.** M A Louw, P F Birkby, J J Steenekamp.
5. **Inligtingsaangeleenthede met betrekking tot die bemarking van varsprodukte in die Republiek van Suid-Afrika.** Buro vir Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
6. **Inkomste- en kostestrukture van nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika** Buro vir Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
7. **Bylae B van die verslag oor die inkomste- en kostestrukture van die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.**
8. **Inkomste- en kostestrukture van markagentskappe op die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.** Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
9. **Eienaarskap van die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.** LHA-Bestuurskonsultante.
10. **Aankoop en verbruik van vars groente en vrugte deur private huishoudings in die metropolitaanse gebiede van die Republiek van Suid-Afrika.** J H Martins.
11. **Aankoop en verbruik van vars groente en vrugte deur institusies in die Republiek van Suid-Afrika.** J H Martins.
12. **Reklame-aangeleenthede met betrekking tot die bemarking van vars groente en vrugte in die Republiek van Suid-Afrika.** Departement Bedryfs-
ekonomie, Universiteit van Pretoria.
13. **Laws, by-laws and regulations which apply to fresh produce markets and the marketing of fresh produce.** K Miller, R Hirschowitz.
14. **Funksionarisse, bestuurstelsels en bedryfsvoering op die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.** Buro vir Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
15. **Hoofverslag: Bemarking van varsprodukte in die Republiek van Suid-Afrika.** Sieg Marx

**Eienaarskap van Nasionale
Varsproduktemarkte in die Republiek
van Suid-Afrika**

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1991

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlot van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of met enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, vermikrofilmig of inligtingsbewaring.

RG N BIBLIOTEEK 09 MAR 1999 HSRC LIBRARY	
CALL NUMBER 001.3072068 HSRC FPI 9	ACCESSION NUMBER PB099367

Uitgegee deur
RGN-Uitgewers
Privaatsak X41
0001 Pretoria

Inhoudsopgawe

Hoofstuk		<i>Bladsy</i>
1	Probleemstelling, doel, omvang en metode van ondersoek	1
2	Historiese ontwikkeling van huidige eienaarskap	7
3	Huidige eienaarskap	21
4	Omgewingstudie.....	45
5	Evaluering van huidige eienaarskap	55
6	Modelle vir die beoordeling van NVPM-eienaarskap.....	75
7	Aanbevelings.....	93
 Bylae		
A	Ontleding van die NVPM'e	107
B	Produksamestelling op die 15 NVPM'e gedurende 1988	173
C	Balanstate vir die 15 NVPM'e soos op 30 Junie 1989	183
D	Waardasie van vaste bates van die 15 NVPM'e.....	199
E	Verdiskonteerde kontantvloei-ontleding.....	207
	afdeling 1	209
	afdeling 2	255
F	Data wat gebruik is by die kwantitatiewe evaluering van die "verhuring van die markvloer"-model	301
G	Bibliografie	305
H	Vraelyste	309

Voorwoord

Die ondersoek na die bemarking van varsprodukte in die RSA het 'n wye terrein bestryk soos duidelik blyk uit die lys navorsingstemas wat op die binneblad van hierdie verslag verskyn.

Die hoofdoel van hierdie navorsing is om relevante en bruikbare inligting aan die beleidmakers en bedryfsvoerders beskikbaar te stel op grond waarvan hulle moontlik beter besluite in belang van die varsproduktebedryf kan neem.

Die belangrikste beginsels wat die ondersoek ten grondslag lê, is wetenskaplikheid en onpartydigheid. Verder is gepoog om diepgaande, demokratiese en aanbevelingsgerigte navorsing binne 'n relatief kort tydsbestek te doen.

Ten einde die doelwitte te bereik en die beginsels te verantwoord, is al die belanghebbendes by die varsproduktebedryf, te wete produsente, verbruikers, markeienaars, markbesture, markagente, groothandelaars, kleinhandelaars, die kettingwinkelgroepe, institusionele kopers, die informele sektor, bemarkingsrade en beurse, die sentrale en provinsiale owerhede, die georganiseerde handel, vervoerinstansies en verskaffers van landbou-insette deur middel van posopnames en/of groeppesprekings en/of persoonlike onderhoude by die ondersoek betrek.

Waar toepaslik, is bepaalde aspekte van die bemarking van varsprodukte in die RSA, ook in die lig van oorsese bemarkingspraktyke, in perspektief geplaas.

Dit word vertrou dat die inligting in hierdie verslag wat oor die "Eienaarskap van Nasionale Varsproduktemarkte in die Republiek van Suid-Afrika" handel, die betrokke bedryfsvoerders in staat sal stel om die regte dinge die eerste keer reg te doen en hulle besluite so te neem dat tydig, ekonomies en effektief aangepas kan word by die huidige en toekomstige geleenthede en bedreigings in die varsproduktebedryf.

Ten slotte 'n opregte dankwoord aan:

- ▣ Minister Jacob de Villiers, voormalige Minister van Landbou wat die ondersoek goedgekeur het en die fondse daarvoor bewillig het.
- ▣ Die Departement van Landbou en die Kommissie vir Varsproduktemarke vir hulpverlening.

- ▣ Die Hoofkomitee en tien werkkomitees vir vakkundige en bedryfskundige bydraes.
- ▣ Instansies en individue uit die varsproduktebedryf vir finansiële bydraes.
- ▣ Die deelnemers aan die ondersoek vir inligting, voorstelle en standpunte.
- ▣ Die navorsers vir hulle taak.
- ▣ Mnr. Dave Langley vir vakkundige koördinerings.
- ▣ Mev. Elsa Geldenhuys vir administratiewe koördinerings.
- ▣ Die Raad van Geesteswetenskaplike Navorsing en meer bepaald die divisie Menslike Hulpbronstrategieë van die Groep: Menslike Hulpbronne vir verskaffing van 'n infrastruktuur.
- ▣ Die Topbestuur vir die Universiteit van Pretoria wat toegestem het dat ek die ondersoek as navorsingsdirekteur kon lei.

SIEG MARX
Reeksredakteur

Maart 1991

Inhoudsopgawe

Bladsy

Bestuursopsomming	xix
1 Probleemstelling, doel, omvang en metode van ondersoek ...	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Doel met en omvang van die ondersoek	2
1.2.1 Doel van die ondersoek	2
1.2.2 Omvang van die ondersoek	2
1.3 Plan van die verslag	4
1.4 Begripsbepaling	5
2 Historiese ontwikkeling van huidige eienaarskap	7
2.1 Inleiding	7
2.2 Die Grosskopf-kommissie	7
2.2.1 Bevindinge van die Grosskopf-kommissie	8
2.2.2 Aanbevelings van die Grosskopf-kommissie	9
2.2.3 Implementering van aanbevelings van die Grosskopf-kommissie	10
2.3 Die De Klerk-komitee	10
2.3.1 Bevindinge van die De Klerk-komitee	11
2.3.2 Aanbevelings van die De Klerk-komitee	11
2.3.3 Implementering van aanbevelings van die De Klerk-komitee	12

2.4	Die De Swardt-komitee	12
2.4.1	Bevindinge van die De Swardt-komitee	12
2.4.2	Aanbevelings van die De Swardt-komitee	13
2.4.3	Implementering van die aanbevelings van die De Swardt-komitee	13
2.5	Die Slater-komitee	13
2.5.1	Bevindinge van die Slater-komitee	13
2.5.2	Aanbevelings van die Slater-komitee	15
2.5.3	Implementering van aanbevelings van die Slater-komitee	16
2.6	Die Jacobs-komitee	16
2.6.1	Bevindinge van die Jacobs-komitee	16
2.6.2	Aanbevelings van die Jacobs-komitee	17
2.6.3	Implementering van aanbevelings van die Jacobs-komitee	17
2.7	Die Browne-komitee	17
2.7.1	Aanbevelings van die Browne-komitee	17
2.7.2	Implementering van aanbevelings van die Browne-komitee	18
2.8	Die Croeser-werkgroep	18
2.9	Ander grondwetlike ontwikkelings	18
2.9.1	Grondwetlike ontwikkeling	18
2.9.2	Streeksdiensterade	18
2.10	Samevatting	19
3	Huidige eienaarskap	21
3.	Inleiding	21
3.2	Oorsig van NVPM'e in Suid-Afrika	21
3.2.1	Markgrootte	21
3.2.2	Groei van NVPM'e	24
3.2.3	Relatiewe belangrikheid van die onderskeie NVPM'e	26
3.2.4	Produkstamstelling op NVPM'e	27
3.3	Markfasiliteite	31
3.3.1	Opsomming van markfasiliteite	31
3.3.2	Benutting van markfasiliteite	32

3.4	Bedryfsvoering	33
3.4.1	Missiestellings van NVPM'e	33
3.4.2	Gesagstrukture	33
3.4.3	Munisipale dienste	34
3.5	Finansiële resultate	34
3.5.1	Inkomstestate van NVPM'e	41
3.5.2	Balansstate van NVPM'e	41
4	Omgewingstudie	45
4.1	Inleiding	45
4.2	Demografiese verwagtinge	45
4.2.1	Geskiedkundige oorsig van bevolkingsyfers	45
4.2.2	Toekomstige bevolking van Suid-Afrika	45
4.2.3	Verbruikersbesteding	47
4.2.4	Opsomming	48
4.3	Wetlike aspekte	48
4.3.1	Die Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarkte, Wet No 82 van 1970	48
4.3.2	Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika	49
4.4	Owerheidsbeleid	50
4.4.1	Witskrif oor privatisering en deregulering	50
4.4.2	Owerheidsbeleid ten opsigte van die openbare sektor se betrokkenheid in die landbousektor	51
4.4.3	Opsomming	52
4.5	Privatiseringsinisiatiewe van die Departement van Landbou	52
4.5.1	Suid-Afrikaanse Abattoirkorporasie	52
4.5.2	Wet op Agentskapsverkoop van Landbouprodukte	53
4.5.3	Opsomming	53
4.6	Samevatting	54
5	Evaluering van huidige eienaarskap	55
5.1	Inleiding	55
5.2	Produsente-organisasies	55
5.2.1	Metode van ondersoek	55
5.2.2	Ontleding van bevindinge	56
5.2.3	Verwagtinge ten opsigte van alternatiewe eienaarskap en bestuur	58

5.3	Produsente betrokke by direkte bemarking	58
5.3.1	Metode van ondersoek	59
5.3.2	Ontleding van bevindinge	59
5.4	Bemerkingsrade/beurse	60
5.4.1	Inleiding	60
5.4.2	Ontleding van bevindinge	60
5.5	Handel	61
5.5.1	Inleiding	61
5.5.2	Ontleding van bevindinge	62
5.6	Susterwinkels	64
5.6.1	Inleiding	64
5.6.2	Ontleding van bevindinge	64
5.7	Markagente	64
5.7.1	Inleiding	64
5.7.2	Ontleding van bevindinge	64
5.8	Vervoerinstansies	66
5.9	Markmeesters/-direkteurs	66
5.9.1	Inleiding	66
5.9.1	Ontleding van bevindinge	66
5.10	Sentrale owerheid	68
5.11	Provinsiale owerhede	69
5.12	Streeksdiensterade	69
5.12.1	Inleiding	69
5.12.2	Rol van Streeksdiensterade	70
5.12.3	Streeksdiensterade en NVPM'e	70
5.13	Verenigde munisipale bestuur	71
5.13.1	Inleiding	71
5.13.2	Rol van plaaslike owerhede	71
5.13.3	Toekomstige betrokkenheid van plaaslike owerheid by NVPM'e	71
5.13.4	Riglyne vir alternatiewe eienaarskap van NVPM'e	72
5.14	Samevatting	72
6	Modellering	75
6.1	Inleiding	75
6.1.1	Agtergrond	75

6.1.2	Kwalitatiewe evaluering van alternatiewe	75
6.1.3	Finansiële evaluering van alternatiewe	75
	6.1.3.1 Finansiële data	75
	6.1.3.2 Verdiskonteerde kontant-vloei-analise	75
6.1.4	Alternatiewe modelle	76
6.2	Oordrag	77
6.2.1	Bedryfsfilosofie	77
6.2.2	Insette deur belangegroepes	77
6.2.3	Finansiële evaluering	78
	6.2.3.1 Finansiële data	78
	6.2.3.2 Analise	79
	6.2.3.3 Resultate	79
6.2.4	Samevatting	80
6.3	Uitverhuring van sakeregte	80
6.3.1	Bedryfsfilosofie	80
6.3.2	Insette deur belangegroepes	80
6.3.3	Finansiële evaluering	81
	6.3.3.1 Finansiële data	81
	6.3.3.2 Analise	82
	6.3.3.3 Resultate	82
6.3.4	Samevatting	84
6.4	Korporasie	84
6.4.1	Bedryfsfilosofie	84
6.4.2	Insette deur belangegroepes	84
6.4.3	Finansiële evaluering	86
	6.4.3.1 Finansiële data	86
	6.4.3.2 Analise	87
	6.4.3.3 Resultate	88
6.4.4	Samevatting	89
6.5	Deregulering	90
6.5.1	Bedryfsfilosofie	90
6.5.2	Insette deur belangegroepes	90
6.6	Status quo	90
6.6.1	Bedryfsfilosofie	90
6.6.2	Insette deur belangegroepes	90
6.6.3	Finansiële evaluering	91

6.6.4	Samevatting	91
6.7	Samevatting	91
7	Aanbevelings	93
7.1	Inleiding	93
7.2	Witskrif oor privatisering en deregulering	93
7.3	Ekonomiese lewensvatbaarheid van NVPM'e	94
7.3.1	Netto batewaarde van NVPM'e	94
7.3.2	Potensiële verdienvermoë van NVPM'e	94
7.4	Alternatiewe model vir markeienaarskap	95
7.4.1	Bedryfsfilosofie	95
7.4.2	Ontleding van model	96
7.4.3	Finansiële evaluering	96
7.4.4	Kwalitatiewe evaluering	101
7.4.5	Opsomming	102
7.5	Samevatting	103
7.5.1	Inleiding	103
7.5.2	Ekonomiese lewensvatbaarheid	103
7.5.3	Deregulering	104
7.5.4	Huidige wetgewing	105
7.5.5	Ander oorwegings	105
7.5.6	Samevatting van aanbevelings	105

Opgawe van tabelle

<i>Tabel</i>	<i>Bladsy</i>
3.1 Massa en waarde van varsprodukte.verkoop Op 15 NVPM'e (1989 – kalenderjaar)	23
3.2 Gemiddelde groei van NVPM'e (1986– 1989; %p.j.)	24
3.3 Relatiewe markgroottes, 1989	26
3.4 Produksamestelling vir die NVPM'e, 1988	28
3.5 Markfasiliteite op die 15 NVPM'e; Maart 1990	29
3.6 Produktiwiteit van markvloeroppervlakte van die 15 NVPM'e; 1989	32
3.7 Inkomstestate vir die 15 NVPM'e vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989 (R'000)	34
3.8 Bates van die 15 NVPM'e soos op 30 Junie 1989 (R'000)	42
4.1 Totale bevolking van Suid-Afrika bereken volgens 1985 – grense; 1936 – 1985 duisende	46
4.2 Vooruitskatting van bevolkingsgroei in Suid-Afrika, binne die 1985-landsgrense; 1990 – 2000; duisende	46
5.1 Evaluering deur produsente van stadsrade as NVPM-eienaars	56
5.2 Verwagtinge van produsent-respondente oor alternatiewe eienaarskap van NVPM'e	58
5.3 Produsente se redes vir direkte bemerking	59
5.4 Evaluering deur bemerkingsrade/beurse van stadsrade as NVPM-eienaars	60

5.5	Verwagtinge van bemarkingsrade/beurse oor alternatiewe eienaarskap en bestuur van NVPM'e	61
5.6	Evaluering deur handel van stadsrade as NVPM-eienaars	62
5.7	Verwagtinge van handel oor alternatiewe eienaarskap en bestuur van NVPM'e	63
5.8	Evaluering deur markagente van stadsrade as NVPM-eienaars	65
5.9	Verwagtinge van markagente oor alternatiewe eienaarskap van NVPM'e	66
5.10	Evaluering deur markmeesters/-direkteure van stadsrade as NVPM-eienaars	67
5.11	Verwagtinge van markmeesters/-direkteure oor alternatiewe eienaarskap en bestuur van NVPM'e	68
6.1	Houding van stadsrade oor oordrag van NVPM'e	78
6.2	Eienaarskapmodel: oordrag; potensiele verdienvermoë van NVPM'e (R'000)	79
6.3	Houding van stadsrade oor uitverhuring van sakeregte as eienaarskapmodel vir NVPM'e	81
6.4	Eienaarskapmodel: uitverhuring van sakeregte; potensiele verdienvermoë van NVPM'e	83
6.5	Houding van stadsrade oor die korporasie-model as eienaarskapmodel vir NVPM'e	86
6.6	Eienaarskapmodel: nie-belastingpligtige korporasie; potensiele verdienvermoë van NVPM'e.....	87
6.7	Houding van stadsrade oor die handhawing van die huidige eienaarskap en bestuur van NVPM'e	91
6.8	Houding van belangegroep oor alternatiewe eienaarskapmodelle vir NVPM'e	92
7.1	Evaluering van finansiële voordeel vir stadsrade; eienaarskapmodel: inkomste van mark gegrond op verhuring van markvloeroppervlakte	98

Opgawe van figure

<i>Figuur</i>		<i>Bladsy</i>
3.1	Totale deurse en omset op die 15 NVPM'e	22
3.2	Verandering in massa deurse en gemiddelde pryse op die 15 NVPM'e	25
3.3	Relatiewe markgrootte	27
3.4	Totale produksamestelling op die 15 nvp'm'e	28
4.1	Verbruiksbesteding teen konstante 1985 pryse. 1948 - 1988	47

Bestuursopsomming

'n Omvattende ondersoek na die bemarking van varsprodukte in Suid-Afrika is op versoek van die varsproduktebedryf deur die Minister van Landbou goedgekeur. Die hoofdoel met die ondersoek is die formulering van 'n effektiewe beleid wat die varsproduktebedryf se ontwikkeling sal bevorder. LHA is aangestel om die eienaarskap van die 15 nasionale varsprodukte-markte (NVPM) te ondersoek en duidelike aanbevelings daarvoor te maak. Hierdie verslag dokumenteer alle bevindinge van die ondersoek, terwyl die hoofbevindinge hieronder opgesom word.

Die ondersoek bevind dat die eienaarskap en bestuur van NVPM'e, gemeet aan die kriteria vir privatisering en deregulering soos vervat in die relevante Witskrif, in beginsel nie by die openbare sektor tuishoort nie.

Weens die hoë kapitaalinvestering, relatief tot hul verdienvermoë, is die privatisering van NVPM'e tans nie ekonomies lewensvatbaar nie. Onmiddellike privatisering word nie aanbeveel nie.

LHA beveel egter aan dat die privatisering van NVPM'e as 'n *langtermyn*doelwit gestel moet word. Om dit te kan behaal, moet drie kritiese voorvereistes aangespreek word, naamlik ekonomiese lewensvatbaarheid, deregulering en huidige wetgewing.

I) EKONOMIESE LEWENSVATBAARHEID.

Ten einde die NVPM'e vir privatisering voor te berei, is dit belangrik dat 'n winsgeskiedenis vir elke NVPM opgebou sal word. Dit is ook belangrik dat alle belangegroepes regverdig finansiële voordeel uit die oorgangsproses, asook die eindresultaat, sal put. In die verband word die volgende aanbeveel:

- Toekomstige kapitaalinvestering deur huidige NVPM-eienaars moet aan die kriteria vir ekonomiese lewensvatbaarheid voldoen. In dié verband is dit belangrik dat die ruimtelike benutting van die marksaal, deur byvoorbeeld die gebruik van rakke op die markvloer, uitgeput sal word voordat 'n vergroting van die markvloer oorweeg word.

Bestuursopsomming

- Die huidige markgeldstelsel as hoofinkomstebron vir NVPM'e moet afgeskaf word. Die verhuring van die markvloer aan belanghebbenders in die varsproduktebedryf, word as alternatief voorgestel. Hierdie model sal die volgende in die hand werk:
 - Die handhawing van die inkomstevlakke wat stadsrade tans uit hul NVPM'e verkry.
 - Herstrukturering van die inkomste- en uitgawestruktuur van NVPM'e ter voorbereiding van hul kommersialisering, in die verband kan uitgawes besnoei word deur die byvoorbeeld markpersoneel met minstens 50% te besnoei. Die aantal personeel vir die 15 NVPM'e is 1 326, waarvan ongeveer 660 persone deur so in besnoeiing geraak sal word. Die res kan moontlik deur verhoogde aktiwiteite van markagentskappe, of in die munisipale struktuur, opgeneem word.
- Plaaslike owerhede moet ondernemings/winsentrum as instrumente stig om plaaslike NVPM vir privatisering voor te berei. In die verband beveel LHA aan dat die stigting van 'n maatskappy oorweeg word, waarvan alle aandele deur die plaaslike owerheid besit sal word. Die take van sodanige maatskappy word soos volg neergelê:
 - Die uitskakeling van *alle* kruissubsidiëring tussen die munisipaliteit en NVPM. Hierby word eie kapitaalfinansiering, verdeling van winste en inkoop van dienste soos instandhouding-, personeel- en rekeningkundige dienste ingesluit.
 - Finansiële boekhouding volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk. Die opstel van afsonderlike bateregisters word hierby ingesluit.
 - Die opbou van 'n winsgeskiedenis.
 - Die bestuur van NVPM'e op 'n sakegrondslag.Waar die ekonomiese lewensvatbaarheid van NVPM'e nie sodanig verhoog kan word om privatisering moontlik te maak nie, word die volgende twee alternatiewe aanbeveel:
 - Die staking van die markdiens, of
 - die handhawing van die mark deur plaaslike owerhede as 'n *diens* aan sy gemeenskap.
- Omdat finansiële betrokkenheid, byvoorbeeld die besit van aandele, 'n voorvereistes is in die verkryging van inspraak in so 'n maatskappy, beveel LHA aan dat die mark bestuur word deur personeel wat deur die NVPM-eienaar, dus die stadsraad, aangestel word. Kundige insette van produsente en markagente/handelaars kan deur die aanstelling van sodanige verteenwoordigers op die direksie van die genoemde maatskappy, verkry word.

II) DEREGULERING

Die privatisering van NVPM'e kan slegs sinvol onderneem word *nadat* die wetlike raamwerk waarbinne dit moet geskied, duidelik gedefinieer is. In hierdie verband beveel LHA deregulering ten opsigte van die volgende aan:

- Eienaarskap. Hierby word die oprigting en plasing van markte, asook veranderinge aan markinfrastruktuur, ingesluit.
- Bedryf. Die gebruik, bestuur en bedryf van NVPM'e, asook hul inkomstebron(ne), moet gedereguleer word.
- Ander. Weens die interafhanklikheid tussen NVPM'e en die markagent onder die voorgestelde eienaarskapmodel, beveel LHA aan dat die aktiwiteite van markagente asook die aktiwiteite van ondersteuningsbedrywe op die markterrein, gedereguleer moet word.

III) HUIDIGE WETGEWING

Huidige wetgewing maak geen voorsiening vir die stigting van so 'n privaatmaatskappy deur plaaslike owerhede nie. Konsepwetgewing in hierdie verband sal egter binnekort in die Parlement ingedien word. Die uitvoerbaarheid van hierdie aanbeveling berus daarom op die aanvaarding van toepaslike wetgewing.

IV) ANDER OORWEGINGS

Die outonomie van plaaslike owerhede met betrekking tot besluitneming aangaande sy NVPM se eienaarskap word erken. Aksies ter privatisering van die plaaslike NVPM hou die volgende voordele vir hierdie owerhede in:

- Die verkryging van addisionele inkomste.
- Ondersteuning van aksies gemik op die effektiewe aanwending van produksiefaktore, optimale funksionering van markkragte en die verhoging van privaatinvestering.

Privatisering van NVPM'e hou dus op die langtermyn vir alle belangegroepe voordele in.

Waar die dereguleringsvereistes en onvoldoende huidige wetgewing alle voorafgenoemde aanbevelings moet voorafgaan, kan aksies ter verbetering van die ekonomiese lewensvatbaarheid van NVPM'e reeds deur plaaslike owerhede onderneem word. In die verband kan riglyne soos vroeër bespreek, gebruik word.

V) SAMEVATTING VAN AANBEVELINGS

Die aanbevelings van hierdie ondersoek word vervolgens kortliks opgesom. Die implementering daarvan kan in drie fases ingedeel word.

Bestuursopsomming

Fase 1. Die stadsraad bly die eienaar van die markeiendom, naamlik die grond, geboue en toerusting. Bedryfsvoering op die mark word ten volle gedereguleer. Transaksiebeheer moet dus vanaf die stadsraad na die huurders van die markvloerruimte oorgedra word. Die bestuur van die markeiendom word deur die stadsraad behartig.

Fase 2. Ten einde die kommersialisering en uiteindelijke privatisering van selfs die eiendomsbelang van stadsrade te bewerkstellig, word aanbeveel dat 'n maatskappy gestig word wat hierdie markeiendom besit en bestuur. Aanvanklik besit die stadsraad alle aandele in hierdie maatskappy.

Fase 3. Aandele van genoemde maatskappy word aan die private sektor verkoop sodra 'n winsgewendheidsrekord opgebou is.

Probleemstelling, doel, omvang en metode van ondersoek

1.1 INLEIDING

'n Omvattende ondersoek na die bemerking van vars groente en vrugte in die Republiek van Suid-Afrika is op versoek van die varsproduktebedryf deur die Minister van Landbou goedgekeur. Die totale studie bestaan uit tien ondersoeke en sluit onderwerpe in soos prysvorming by die bemerking van vars groente en vrugte, die distribusie daarvan, en die verbruikersmark daarvoor in Suid-Afrika.

Die doel met die totale studie word soos volg deur die RGN in hul inligtingstuk daaroor gestel : "Die varsproduktebedryf as geheel moet wetenskaplik ondersoek word. Moontlike knelpunte in die bedryf moet uitgewys word vir die formulering van 'n offoktiwewo beleid wat die bedryf se ontwikkeling sal bevorder".

Die 15 nasionale varsproduktemarkte (NVPM'e) behoort tans aan die plaaslike owerhede van die dorpe/stede waarbinne die markte geleë is. Die plaaslike owerhede is ook vir die bestuur van die NVPM'e verantwoordelik .

In die verlede het verskillende kommissies/komitees van ondersoek aanbeveel dat die bestuur van NVPM'e in die hande bly van die plaaslike owerhede, wat eienaars ook is. Verder is ook aanbeveel dat oprigting en finansiering van markfasiliteite deur hierdie plaaslike owerhede gedoen sal word.

Van die probleme wat in die bedryf ondervind word, is dat belangegroepe, soos produsente, markagente en handelaars, groter inspraak in die bestuur en beheer van NVPM'e eis, en dat daar ". . . steeds ontevredenheid en onsekerheid oor aspekte soos die oprigting, finansiering, besit, bestuur, beheer en bedryf van NVPM'e (heers)". Die privatiseringsinisiatiewe van die Sentrale Owerheid plaas die eienaarskap van NVPM'e ook onder die vergrootglas.

Derhalwe, is dit nodig geag om die toekomstige eienaarskap van NVPM'e te ondersoek, vir welke doel die LHA Bestuurskonsultante aangestel is. Hierdie verslag bevat die bevindinge en aanbevelings van die ondersoek wat gedurende die periode Desember 1989 tot April 1990 uitgevoer is.


1.2 DOEL MET EN OMVANG VAN DIE ONDERSOEK

1.2.1 Doel van die ondersoek

Die hoofdoel van die ondersoek is om as grondslag vir aanbevelings oor die eienaarskap van die vyftien NVPM'e, objektiewe en goed gefundeerde inligting daar te stel.

1.2.2 Omvang van die ondersoek

Die ondersoek bestaan uit die volgende hoofkomponente.



Hierdie komponente word vervolgens verder bespreek.

FASE 1: HUIDIGE EIENAARSKAP

Die geskiedkundige ontwikkeling tot die huidige eienaarskap van NVPM'e is bepaal deur 'n literatuurstudie van verslae van komitees/kommissies van ondersoek wat die varsproduktemarkstelsel in Suid-Afrika ondersoek en aanbevelings daarvoor gemaak het.

Vervolgens is die huidige eienaarskap van NVPM'e ondersoek. Die volgende primêre navorsing is in hierdie verband gedoen:

- Persoonlike onderhoude met die markdirekteur of -meester, munisipale amptenaar en stadsraadslid verantwoordelik vir markte by elkeen van die vyftien NVPM'e.

- 'n Persoonlike onderhoud met die president van die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika.

Sekondêre inligting is verkry uit toepaslike wetgewing, finansiële state van stadsrade en statistieke deur die Departement van Landbou vrygestel.

FASE 2: AANSPRAKE DEUR BELANGEGROEPE

Die insette, aansprake en verwagtinge van belangegroepes ten opsigte van die huidige en toekomstige eienaarskap van NVPM'e is verkry. Primêre navor-sing is vir elke belangegroep soos volg gedoen:

- *Produsente*. Insette van tien landbou-instellings, verteenwoordigend van produsente, is verkry tydens groepsbesprekings met komitees van genoemde organisasies, wat uit produsente samgestel is. Insette is ook verkry van tien produsente wat by direkte bemerking van varsprodukte aktief betrokke is. In die verband is persoonlike en telefoniese onderhoude gebruik om inligting in te samel in welke geval inligting met behulp van persoonlike en telefoniese onderhoude ingewin is.
- *Markagente*. Groepsbesprekings is met verteenwoordigers van die Instituut vir Markagente, asook verteenwoordigers van markagentskappe op elkeen van die vyftien NVPM'e gevoer.
- *Handel*. Sewe persoonlike onderhoude is met handelaars van varsprodukte gevoer. Hierdie respondente is gekies op grond van hulle hoë profiel binne die varsbemarkingsbedryf, uitgebreide infrastruktuur vir die bemerking van varsprodukte, asook hul betrokkeheid by die direkte aankoop van varsprodukte.
- *Groot- en kleinhandelaars*. Persoonlike en telefoniese onderhoude is gevoer met twee groothandelaars en vyf kleinhandelaars wat per NVPM geïdentifiseer is. By Springs-NVPM kon slegs een groothandelaar, en by Vereeniging-NVPM kon geen groothandelaars vir onderhoude geïdentifiseer word nie.
- *Susterwinkels*. Persoonlike en telefoniese onderhoude is met senior amptenare/direkteure van tien susterwinkelgroepes gevoer.
- *Bemarkingsrade/beurse*. By die belangegroep is van verskillende opname-metodes gebruik gemaak. 'n Groepsbespreking is met die Piesangraad gehou, en persoonlike onderhoude is met senior personeel van die Sitrusbeurs en Unifruco gevoer. Die Aartappelraad asook die Sitrusbeurs, het skriftelike insette tot hierdie ondersoek gelewer.
- *Stadsrade*. Skriftelike insette is deur LHA ontvang van elk van die vyftien stadsrade wat tans NVPM'e besit.
- *Provinsiale administrasies*. Skriftelike insette is oor die eienaarskap van NVPM'e van elk van die vier provinsies deur LHA aangevra. Tot datum het slegs drie provinsies insette gelewer.

- *Ander*. Skriftelike insette oor die eienaarskap van NVPM'e is by die Departement van Beplanning en Provinsiale Sake aangevra en verkry. Die Departement van Landbou wou begryplikerwys, weens die feit dat hy die opdraggewer van hierdie studie is, geen amptelike standpunt oor die eienaarskap van NVPM'e inneem nie.

'n Literatuurstudie van referate en ander geskrifte wat deur belangegroepe gelewer is by seminare en simposiums, is as sekondêre inligtingsbron gebruik.

FASE 3: OMGEWINGSTUDIE

Veranderinge in die omgewing waarbinne NVPM'e bedryf word en waarvolgens die invloed daarvan op alternatiewe eienaarskapmodelle bereken word, is soos volg bepaal:

Primêre navorsing het bestaan uit persoonlike onderhoude wat met die volgende persone gevoer is:

Mnr. E T van Rensburg	Privatiseringseenheid
Dr. S Evans	Voorsitter van die Privatiseringskomitee, Koördinerende Raad vir Plaaslike Owerheidsaangeleenthede
Mnr. F van der Vyver	Besturende Direkteur, Suid-Afrikaanse Abattoir-korporasie
Mnr. J J D Nieuwoudt	Uitvoerende Hoof, Kantoor vir Privatisering.

Onderhoude is ook gevoer met voorsitters/hoof uitvoerende beamptes van provinsiale verenigings van streeksdiensterade.

Sekondêre navorsing het bestaan uit 'n literatuurstudie van amptelike dokumente rakende privatisering en deregulering. In die verband is dokumente van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie insake deregulering en privatisering ook bestudeer.

FASE 4: ANALISE

Alternatiewe eienaarskapmodelle is kwalitatief geëvalueer aan die hand van insette wat belangegroepe gelewer het. Die ekonomiese lewensvatbaarheid van hierdie modelle is deur middel van 'n verdiskonteerde kontantvloei-analise ontleed.

FASE 5 : AANBEVELINGS

Aanbevelings oor alternatiewe eienaarskapmodelle vir NVPM'e, word op grond van die bevindinge en analyses in die voorafgaande fases gemaak.

1.3 PLAN VAN DIE VERSLAG

- Hoofstuk 1* Probleemstelling, doel, omvang en metode van ondersoek.
- Hoofstuk 2* Historiese ontwikkeling van huidige eienaarskap. Die geskiedkundige ontwikkeling tot die huidige eienaarskap van NVPM'e word gegee.
- Hoofstuk 3* Huidige eienaarskap. In hierdie hoofstuk word 'n oorsig gegee van die groei en grootte van NVPM'e, markfasiliteite, gesagstrukture, asook dienste wat munisipaliteite aan NVPM'e lewer. Hierdie hoofstuk word afgesluit met 'n oorsig van die finansiële state van die onderskeie NVPM'e.
- Hoofstuk 4* Omgewingstudie. Die omgewing waarbinne NVPM'e bedryf word, is ondersoek ten einde die potensiele invloed daarvan op alternatiewe eienaarskapmodelle te bepaal. In hierdie verband is die volgende bestudeer: demografiese verwagtinge, wetlike aspekte, owerheidsbeleid en privatiseringsinisiatiewe van die Departement van Landbou.
- Hoofstuk 5* Evaluering van huidige eienaarskap. Die perspektiewe van belangegroepes oor die eienaarskap van NVPM'e word gegee.
- Hoofstuk 6* Modelle vir die beoordeling van NVPM-eienaarskap. In hierdie hoofstuk word alternatiewe eienaarskapmodelle kwalitatief en kwantitatief geëvalueer.
- Hoofstuk 7* Aanbevelings. Hierdie hoofstuk bevat die aanbevelings van hierdie ondersoek.

1.4 BEGRIPSBEPALING

Enkele terme wat in die verslag gebruik word, word omskryf :

■ Afkortings:

NVPM: Nasionale Varsproduktemark,
KVPM: Kommissie vir Varsproduktemarkte,
MAK: Markadvieskomitees, en
SDR: Streeksdiensterade.

■ In die verslag word slegs metrieke eenhede gebruik.

- Omset: Die omvang van markverkope uitgedruk in randwaardes (R).
- Deurset: Die omvang van markverkope uitgedruk in massa (metrieke ton of kg). In die verslag verwys tonnemaat deurgaans na metrieke ton, dit wil sê 1 000 kg.
- Privatisering is die *sistematiese* oordrag van paslike funksies en aktiwiteite of eiendom van die openbare na die private sektor. Dit is dus 'n proses en nie 'n einddoel nie.

■ Afgeskryfde vervangingswaarde is 'n waardasie metode wat gebruik word

om realistiese markwaardes vir bates van NVPM'e te bepaal. Die metode word volledig in bylae D beskryf. Konsultasie-ervaring het getoon dat hierdie waardasiemetode koste-effektief is.

- ▣ Potensiële verdienvermoë. In die verslag word dit aan die verkoopwaarde van 'n onderneming gelyk gestel.
- ▣ Oop en geslote finansiële rekeninge is begrippe wat die finansiële interafhanklikheid tussen stadsrade en hul onderskeie NVPM'e beskryf. 'n Oop finansiële rekening bestaan waar fondse tussen die markrekening en die munisipale belastingrekening mag vloei, byvoorbeeld die markrekening maak 'n bydrae tot die munisipale belastingrekening. Geslote finansiële rekeninge bestaan waar geen fondse tussen die markrekening en die munisipale belastingrekening mag vloei nie.

Historiese ontwikkeling van huidige eienaarskap

2.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk dokumenteer die historiese verloop van die eienaarskap van NVPM'e in Suid-Afrika. Dit word bespreek aan die hand van komitees en kommissies van ondersoek wat die varsproduktemarkstelsel in Suid-Afrika ondersoek en aanbevelings daarvoor gemaak het. Die volgende komitees en kommissies van ondersoek is bestudeer: die Grosskopf-kommissie, 1939; die De Klerk-komitee, 1951; die De Swardt-komitee, 1955; die Slater-komitee, 1967; die Jacobs-komitee, 1979; die Browne-komitee, 1980; die Croeser-werkgroep, 1982 en ander grondwetlike veranderinge sedert 1983. Klem word veral op die bestuur, eienaarskap, oprigting en finansiering van fasiliteite geplaas.

Die eerste groentemark was onder owerheidsbeheer en het teen 1680 aan die Kaap tot stand gekom. Teen 1840 het die owerheid regulasies vir hierdie groentemark uitgevaardig. In 1965 was daar 102 varsproduktemarkte in die RSA, maar teen 1985 het dit verminder na 16 waarvan 15 in stedelike gebiede gevestig is. Vandag is daar 15 nasionale varsproduktemarkte in die RSA (Marx 1985:3).

2.2 DIE GROSSKOPF-KOMMISSIE

Die Kommissie van Ondersoek na Munisipale Markte in Transvaal, 1939, het onder voorsitterskap van dr. J W Grosskopf gestaan.

- Die doel van hierdie Kommissie was om ondersoek in te stel na:
- Aktiwiteite op die belangrikste varsproduktemarkte in Transvaal
- die mate van provinsiale en/of plaaslike owerheidsbeheer oor hierdie markte en die doeltreffendheid van sodanige beheer
- provinsiale wetgewing wat benodig word om aan die aanbevelings uitvoering te gee.

Die Kommissie dokumenteer die historiese ontwikkeling van die Johannesburg- en Pretoriemarkte, wat koortliks soos volg uiteengesit kan word:

- In 1890 verleen die ou ZAR aan die "*Johannesburgsche Marktgebouwenmaatschappij*" 'n konsessie om 'n varsproduktemark in Johannesburg te bedryf. Op 1 April 1906 neem die Stadsraad die bestaande mark oor en koop alle konsessieregte daarop. Die mark word onder die regstreekse beheer van die Stadsraad se Komitee op Parke en Landgoedere geplaas.
- In 1888 ontvang J D Celliers 'n konsessie om 'n varsproduktemark in Pretoria te bedryf. Nadat hierdie konsessie twee keer van eenaar verwissel, word dit op 4 Junie 1918 aan die Pretoriase Stadsraad verkoop.

2.2.1 Bevindinge van die Grosskopf-kommissie

Die Grosskopf-kommissie het die volgende oor die eienaarskap van markte en verwante sake bevind:

- ▣ Die hou van markte is "... altyd as die prerogatief van munisipaliteite beskou . . . , wat dit weer aan die Staat (of Provinsiale Regering) ontleen het" (Grosskopf 1939:10).
- ▣ Die uitreiking van markkonsessies aan private maatskappye in Johannesburg, Pretoria en Klerksdorp voor 1900, bewys dat die reg om 'n mark te kon bedryf deur die Staat (of 'n owerheid met hierdie bevoegdheid beklee) verleen moes word.
- ▣ Voor Uniewording is alle markte van die Zuid-Afrikaanse Republiek reeds ooreenkomstig *Wet No 8 van 1888* beheer.
- ▣ By die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika, verleen Artikel 85 (ix) klousule 9 van die *Zuid-Afrika Wet van 1909* aan Provinsiale Rade die bevoegdheid om ordonnansies in verband met markte uit te vaardig.
- ▣ Die Transvaalse Provinsiale Raad het deur die *Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No 17 van 1939*, aan plaaslike owerhede die reg gegee om markte op te rig en te bedryf asook om verordeninge oor sodanige markte uit te vaardig. Hierdie ordonnansie bepaal verder dat markverordeninge wat deur Transvaalse plaaslike besture uitgevaardig is, *Wet No 8 van 1888* vervang.
- ▣ Stadsmarkte onder die regstreekse beheer en bestuur van plaaslike owerhede is "... op sigself fundamenteel gesond en wenslik" (Grosskopf 1939:14).

Ander bevindinge van die Kommissie is soos volg:

- ▣ bemarkingskundigheid ontbreek by munisipale owerhede;
- ▣ kommunikasie tussen belangegroepes op markte en munisipaliteite ontbreek;

- nie-eenvormige leiding en beheer van markte skep verwarring by belangegroepes;
- markmeesters en hul ondergeskiktes ontvang nie voldoende opleiding vir doeltreffende taakuitvoering nie;
- groter munisipale markte het 'n nasionale karakter verkry deurdat hierdie markte bedien word deur produsente wat oor 'n wye geografiese gebied versprei is.

2.2.2 Aanbevelings van die Grosskopf-kommissie

Die volgende aanbevelings rakende eienaarskap en bestuur van markte word deur die Grosskopf-kommissie gemaak:

- Artikel 85 (ix) van die *Zuid-Afrika Wet van 1909* moet behou word. Hiermee beveel die Kommissie aan dat die *status quo* waardeur die Sentrale Owerheid deur provinsiale rade aan plaaslike bestuure die reg verleen om markte op te rig en te bedryf asook om verordeninge ten opsigte van sodanige markte uit te vaardig, gehandhaaf word.
- Provinsiale rade moet 'n aktiewe en regstreekse belang in die bestuur van markte verkry. Die benoeming van statutêre advieskomitees deur die Provinsiale Administrateur vir groter markte (jaarlikse omset groter as £100 000) word ter behaling van hierdie doelwit voorgestel. Produsente, munisipaliteite en ander belangegroepes moet op hierdie komitees verteenwoordig word.
- Munisipale komitees wat hul uitsluitlik tot munisipale marksake sal toewy moet gestig word.
- Die bestuur en beheer van markte moet in die hande van plaaslike owerhede gelaat word. Hierdie aanbeveling word op die volgende argumente gegrond:
 - Munisipale owerhede beskik oor gedelegeerde regsbevoegdhede om markte op te rig en te bedryf;
 - munisipale owerhede is vir die oordeelkundige besteding van belastingbetalersgeld verantwoordelik;
 - munisipale owerhede het 'n plig om gebruiksdienste aan stadsburgers te verskaf; en
 - munisipale owerhede is die bevoegste liggaam om markte onpartydig in die belang van alle belangegroepes te bestuur.

Die komitee bevind verder dat markte onder die voortgesette beheer van plaaslike owerhede die volgende sal verseker:

- billikste behandeling van afwesige produsente;

- verbeterde toepassing van gesondheidsstandaarde as gevolg van sentralisering van verkope; en
 - aanpassings tot plaaslike omstandighede van munisipale regulasies.
- “Op geskiedkundige en wetlike gronde, asook om praktiese redes”, beveel die Grosskopf-kommissie aan dat plaaslike owerhede die alleenreg moet hê om markte binne hul regsgebiede op te rig en te bedryf. Die kommissie beveel verder aan dat alle privaatmarkte verbied word. Een kommissielid beveel egter aan dat geen stadsraad sy goedkeuring vir die bedryf van ’n privaatmark mag weerhou in die geval van “. . . ’n gevestigde firma van aansien wat minstens tien jaar al besigheid doen nie” (Grosskopf 1939:15).
 - Munisipale owerhede moet die beleid en algemene prosedure oor plaaslike markte duidelik stel. “Wye bevoegdthede” aan die markmeester by die werklike bestuur van die mark, word ook aanbeveel.
 - Munisipale owerhede se werklike uitgawes insake die bedryf van markte moet deur inkomste gedek word. Markinkomste moet nie vir die stywing van algemene munisipale inkomste gebruik word nie. Markwinste moet vir markverbeterings of verlaging van markkoste van die produsent gebruik word. In aansluiting hierby beveel die kommissie aan dat markgelde in ooreenstemming met werklike markuitgawes gebring word om te verseker dat munisipale belastingbetalers nie ’n mark subsidieer nie.

2.2.3 Implementering van die aanbevelings van die Grosskopf-kommissie

Die volgende aanbevelings van die Grosskopf-kommissie is geïmplementeer:

- Die behoud van Artikel 85 (ix) van die *Zuid-Afrika Wet van 1909*;
- die stigting van plaaslike advieskomitees ten einde belangegroepes inspraak te gee in die oplossing van markprobleme; en
- geslote finansiële rekeninge vir markte in die Transvaal.

2.3 DIE DE KLERK-KOMITEE

Die Munisipale Markte-ondersoekkomitee, 1951, het onder voorsitterskap van mnr. B J de Klerk gestaan.

Die opdrag aan die komitee was om ondersoek in te stel en verslag te doen oor die bemerking en distribusie van bederfbare plaasprodukte in die belangrikste bevolkingsentra van die Unie van Suid-Afrika met spesiale verwysing na beheer oor en aktiwiteite van munisipale markte, verkoopsmetodes en die beheer oor verkope; en toevoer na en verspeiding van bederfbare plaasprodukte tussen bogenoemde sentra.

2.3.1 Bevindinge van die De Klerk-komitee

Die volgende is oor markeienaarskap en verwante sake bevind:

- Die stigting van plaaslike advieskomitees in verskillende sentra dien as bewys dat alle belangegroepes die geleentheid gegee word om betrokke te raak in die oplossing van plaaslike markprobleme.
- Die wetlike beheer van markte berus by Provinsiale Rade. Hierdie rade is nie geskik om plaaslike bestuure met tegniese advies in sake mark-aangeleenthede te bedien nie. Die rade is slegs verantwoordelik vir die toepassing van ordonnansies terwyl die inisiatief vir die verbetering van markte by plaaslike owerhede berus. Daar is ook geen koördinering tussen Provinsiale Rade insake markaangeleenthede nie.

2.3.2 Aanbevelings van die De Klerk-komitee

Die volgende aanbevelings rakende eienaarskap en bestuur van markte word deur die komitee gemaak:

- Die instelling van 'n Uniale Adviserende Markeraad waarop belangegroepes verteenwoordig is. Die aanbeveling volg op die identifisering van bemarkingsprobleme wat op 'n nasionale grondslag aangespreek moet word. Die volgende funksies is onder meer vir hierdie Raad voorgestel:
 - Koördinering van pligte en verantwoordelikhede van alle belangegroepes wat by die bemarking van varsprodukte op munisipale markte betrokke is;
 - beplanning en oprigting van markte;
 - oprigting van markgeriewe binne munisipale grense;
 - die indeling van markte in groot- en/of kleinhandelsmarkte.

Artikel 85 (ix) van *Zuid-Afrika Wet*, 1909, moet onveranderd behou word. Die aanbeveling berus op twee argumente, naamlik:

- 'n Vertroue dat Provinsiale Rade verbeterings sal implementeer wat deur die Adviserende Markeraad aanbeveel word;
 - 'n oortuiging dat die administrasie en finansiële beheer van munisipale markte aan plaaslike owerhede oorgelaat moet word, op grond waarvan die komitee glo dat munisipaliteite, by die versekering dat hulle beheer oor munisipale markte sal behou, fasiliteite en stelsels sal verbeter.
- Vyf lede van die De Klerk-komitee oorweeg die bemarkingsomgewing van munisipale markte en bevind dat “. . . die produksie en bemarking van voedsel, behalwe beheer oor munisipale markte, onder die Minister van Landbou ressorteer”; “. . . die verbruik en distribusie van voedsel tans ook onder die staat geplaas is” en dat “. . . die bemarking van bederfbare

plaasprodukte asook die voeding van die volk, deur die ekonomiese ontwikkeling van die land, sy plaaslike kleur verloor en 'n nasionale karakter aangeneem het" (De Klerk 1953:11). Aangespoor deur 'n geïdentifiseerde behoefte aan 'n nasionale bemarkingsbeleid en eenvormige en moderne munisipale markstelsel, word 'n minderheidsaanbeveling gemaak dat:

- Die oordrag van beheer oor munisipale markte na die Sentrale Owerheid ondersoek moet word; en
 - 'n Direkteur van Markte aangestel word om alle markverwante bemarkingsaangeleenthede op Sentrale Owerheidsvlak te reël.
- Munisipaliteite moet markwinste uitsluitlik vir markaangeleenthede aanwend.

2.3.3 Implementering van die aanbevelings van die De Klerk-komitee

Die volgende aanbevelings van die komitee is geïmplementeer:

- Die behoud van Artikel 85 (ix) van die *Zuid-Afrika Wet van 1909*
- 'n verteenwoordigende Uniale Adviserende Markeraad is op 5 Februarie 1955, volgens 'n aankondiging van die Minister van Landbou, ingestel om bemarkingsprobleme insake varsprodukte op 'n nasionale grondslag aan te spreek.

2.4 DIE DE SWARDT-KOMITEE

Die Komitee van Ondersoek insake Markagente, 1955, het onder voorsitterskap van mnr. S J de Swardt gestaan.

Hulle opdrag was om die doelmatigheid te ondersoek van die beskerming wat deur die *Publieke Veilingen en Transakties in Lewende Have en Landbouvoortbrengselen Wet No 22 van 1925* soos gewysig deur Wet No 4 van 1930 verleen word aan produsente wat bederfbare plaasprodukte deur middel van agente op 'n kommissiebasis verkoop.

2.4.1 Bevindinge van die De Swardt-komitee

Die volgende word oor markeienaarskap en verwante sake bevind:

- Verskille bestaan in die aard en stelsels van elk van die nege groot munisipale markte wat ondersoek is.
- Samewerking tussen munisipale markte asook markowerhede ontbreek. Dit word as 'n swakheid geag.
- Plaaslike owerhede is op hulself aangewese vir die doeltreffende bestuur van markte. Provinsiale toesig is hoofsaaklik tot finansiële kontrole beperk.
- Munisipale markte neem 'n nasionale karakter in groter stede aan. Plaaslike owerhede geniet absolute vryheid van optrede met betrekking tot

marksake. Die gebrek aan munisipale verantwoording oor markaan-geleenthede aan 'n "hoër gesag", word as 'n gebrek beskou.

2.4.2 Aanbevelings van die De Swardt-komitee

Die volgende aanbevelings word oor eienaarskap en verwante sake gemaak:

- 'n Omvattende kode moet ingestel word waarvolgens plaaslike owerhede hul markte moet bestuur. Die kode moet die basiese vereistes stel waaraan 'n mark moet voldoen en sal onder andere die volgende aanspreek:
 - Prosedure by die aanstelling van markmeesters; en
 - stigting van plaaslike markadvieskomitees.
- Die toepassing van genaamde markkode deur bevoegde beamptes onder leiding van die Uniale Adviserende Markeraad met die magtiging van die Provinsiale Rade.
- Die Uniale Adviserende Markeraad moet 'n vyfjaar periode gegun word vir die regstelling van swakhede insake die koördinerings van markaktiwiteite asook die effektiewe bestuur van munisipale markte. Ingryping deur middel van wetgewing kan deur die Sentrale Owerheid oorweeg word indien voldoende vordering na afloop van hierdie periode nog nie getoon is nie.

2.4.3 Implementering van die aanbevelings van die De Swardt-komitee

Die instelling van die aanbevole omvattende markkode is nie aanvaar nie. Die Uniale Adviserende Markeraad is egter 'n vyfjaar periode toegelaat om tekortkominge in die bestuur van munisipale markte reg te stel.

2.5 DIE SLATER-KOMITEE

Die Komitee van Onderzoek insake Munisipale Markte, 1967, het onder leiding van mnr. W J B Slater gestaan.

Die komitee se opdrag was om ondersoek in te stel na die redes vir die omseiling van sentrale markte en om aanbevelings te doen oor die:

- daarstelling van voldoende markfasiliteite
- finansiering van fasiliteite en dienste
- beheer oor en bestuur van sentrale markte en
- beskerming van sentrale markte.

2.5.1 Bevindinge van die Slater-komitee

Hierdie komitee bevind die volgende oor markeienaarskap en verwante sake:

- Alle varsproduktemarkte in die Republiek van Suid-Afrika is die eiendom van, en word bedryf deur, munisipaliteite.

- Paragraaf (i), subartikel (1) van artikel 84 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, No 32 van 1961*, verleen aan provinsies die bevoegdheid om ordonnasies oor markte uit te vaardig. Hierdie bepaling herhaal die vroeëre magtiging van die *Zuid-Afrika Wet van 1909*. Provinsiale Rade het almal ordonnasies uitgevaardig wat die reg om markte op te rig en te bedryf, aan munisipaliteite delegeer.
 - Markte het ontwikkel tot groot sakeondernemings en moet as sodanig in 'n mededingende omgewing bestuur word.
 - Die komitee oorweeg die volgende alternatiewe eienaars vir markte en evalueer elk soos volg:
 - Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking as alternatief word as onwenslik en onuitvoerbaar beskryf.
 - 'n Handelonderneming. Die eenaar word as onprakties beskou. “Dit lyk onwaarskynlik dat 'n handelonderneming gretig sal wees om die groot hoeveelheid kapitaal wat benodig word, te belê, behalwe as dit 'n sekere mate van monopolie gegee word” (Slater 1967:14).
 - 'n Nutsmaatskappy word as 'n onwenslike alternatief goeg om die volgende redes: die ekonomiese lewensvatbaarheid word betwyfel en met die samestelling van die bestuur van sodanige maatskappy uit alle belangegroepes word probleme voorsien.
 - Alhoewel markeienaarskap en -bestuur geskei kan word “aanvaar” die komitee dat hierdie funksies deur 'n enkele entiteit vervul sal word (Slater 1967:13).
 - Breër aspekte van die beheer van markte word soos volg ontleed:
 - Sentrale (munisipale) markte speel 'n “uiters belangrike rol” op die gebied van landbou-ekonomie en die nasionale verspreidingsketting van varsprodukte (Slater 1967:3);
 - die nasionale verantwoordelikheid insake ordelike landbou-ekonomie berus by die Sentrale Owerheid terwyl die bestuur en bedryf van markte regtens uitsluitlik by provinsiale en plaaslike owerhede berus; en
 - provinsiale owerhede is kundiges op die gebied van leiding en beheer van plaaslike owerhede, maar is onkundig op die gebied van landbou-ekonomie. Hulle dra ook geen verantwoordelikheid met betrekking tot die bemarking van landbouprodukte nie.
- Opsommend bevind die komitee dat die Sentrale Owerheid, wat die nasionale verantwoordelikheid insake landbou-ekonomie dra, geen direkte inspraak het in die bedryf en bestuur van munisipale markte nie.
- Moderne markfasiliteite wat buigsaam bedryf word, sal, ten spyte van verkope van varsprodukte deur ander kanale tot 'n toename in markomset bydra.

- Die Nasionale (Uniale) Marke adviesraad so swakheid lê daarin dat dit slegs advisorond is en goen statutêre magte het nie

2.5.2 Aanbevelings van die Slater-komitee

Die volgende aanbevelings oor eienaarskap en verwante aangeleenthede is gemaak:

- Plaaslike owerhede moet die markeienaars en -bestuur bly. Van hulle word verwag om in oopbare belang sentrale markte vir varsprodukte op te rig, te finansier en te bedryf. Hierdie aanbeveling berus op die volgende bevindinge van die komitee:
 - 'n Oortuiging van die dringende noodsaaklikheid om in oopbare belang toereikende markfasiliteite in groot stede te vestig;
 - finansiële, administratiewe en ingenieurskundigheid vir die oprigting van markte bestaan by plaaslike owerhede; en
 - plaaslike owerhede kan kapitaal teen gunstige voorwaardes bekom.
- Die stigting van die Kommissie vir Varsproduktemarkte wat die Nasionale (Uniale) Markadviesraad vervang. Die funksie van die Kommissie is adviesverlening aan die Minister van Landbou met die oog op effektiewe en doeltreffende besluitneming oor alle sake rakende die plasing, oprigting, uitbreiding, verandering, gebruik, bestuur en bedryf van varsproduktemarkte asook adviesverlening aan die varsproduktbedryf met die oog op effektiewe en doeltreffende bemarking van varsprodukte in die algemeen.
- Die verlening van bevoegdheid aan die Minister van Landbou om op aanbeveling van die Kommissie vir Varsproduktemarkte, (KVPM) na oorlegpleging met alle belangegroeppe, regulasies en kodes op te stel vir:
 - die reëling van die aktiwiteite van munisipale markte; en
 - die neerlegging van sekere vereistes. Hierdie vereistes sluit in ministeriële goedkeuring vir die wysiging van marktariewe en -heffings; markinkomste en -uitgawes moet in 'n aparte munisipale finansiële rekening gehou word; inligting moet aan die KVPM op versoek verskaf word; plaaslike markadvieskomitees moet aangestel word; en goedkeuring van die KVPM is nodig vir veranderinge aan die fisiese infrastruktuur van 'n mark.
- Markte wat van nasionale belang geag word, moet op aanbeveling van die KVPM tot Nasionale Markte verklaar word.
- Finansiële hulp aan munisipaliteite, by wyse van 'n kapitaaltoekening deur die Staat, vir die bou of uitbreiding van Nasionale Varsproduktemarkte. Hierdie staatsydrae is egter onderworpe aan sekere beveiligingsmaatreëls.

- Die beskerming van die omset op sentrale of nasionale markte deur wetgewing word nie aanbeveel nie.

2.5.3 Implementering van die aanbevelings van die Slater-komitee

Die *Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarkte, No 82 van 1970*, het as grondslag die aanbevelings van hierdie Komitee.

Die volgende aanbevelings is onder andere in hierdie wet vervat, naamlik:

- Die aanstelling van die Kommissie vir Varsproduktemarkte met die bevoegdhede soos deur die Slater-komitee aanbeveel;
- die verklaring van markte van nasionale belang tot Nasionale Varsproduktemarkte; en
- die aanstelling van plaaslike markadvieskomitees.

Die aanbevelings insake finansiële staatshulp by die bou en/of uitbreiding van nasionale varsprodukte markte (NVPM'e) is egter nie deur die Regering aanvaar nie. Die beginsel van 'n staatsbydrae is wel in 1969 deur die Regering aanvaar, maar op voorwaarde dat dit nie meer as 10% van die aanvanklike kapitaalkoste beloop nie. Hierdie skenkings is later deur die Regering verhoog.

Die aanvaarding van 'n staatsbydrae vir die oprigting van Nasionale Markte was seker die enkele belangrikste motivering vir die oprigting van nuwe markfasiliteite. In die tydperk 1971 tot 1979 is altesame nege nuwe markpersele in gebruik geneem, naamlik: Uitenhago, Pietermaritzburg, Johannesburg, Durban, Port Elizabeth, Vereeniging, Oos-Londen, Klerksdorp en Bloemfontein (Jacobs 1979: 186).

2.6 DIE JACOBS-KOMITEE

Die komitee van Onderzoek insake die ekonomiese posisie van die boer en landboufinansiering in die algemeen, 1979, het onder leiding van dr. A S Jacobs gestaan.

2.6.1 Bevindinge van die Jacobs-komitee

Hierdie komitee bevind die volgende oor markeienaarskap en verwante sake:

- Die veertien NVPM'e speel 'n besondere belangrike rol as bemarkingskanaal van varsprodukte.
- Die veertien NVPM'e ressorteer onder die jurisdiksie van die provinsiale owerhede wat hierdie bevoegdheid aan plaaslike owerhede oorgedra het. Plaaslike owerhede is vir die oprigting, bestuur en bedryf van varsproduktemarkte verantwoordelik.
- Die prysvormingsfunksie van NVPM'e dien as prysbepaling in omliggende gebiede en help om stabiliteit in 'n landboubedryfstak te skep.

- Suid-Afrika beskik oor doeltreffende en moderne markfasiliteite.
- Stygings in boukoste en rentekoerse, onveranderde markgeldpersentasie en stygende insetkoste het die finansiële posisie van munisipale markte nadelig beïnvloed. Sommige markte toon verliese ten spyte van bestaande staatshulp.
- In die beste belang van alle belangegroepes betrokke by die bemarking van varsprodukte, moet die toekomstige besit, beheer en bedryf van NVPM'e in oënskou geneem word aangesien dit nie langer deur plaaslike owerhede besit en bedryf kan word nie. Hier word veral verwys na 'n nutsmaatskappy, soortgelyk aan die Suid-Afrikaanse Abattoirkorporasie, as 'n alternatiewe eenaar.

2.6.2 Aanbevelings van die Jacobs-komitee

Die komitee maak die volgende aanbevelings insake eienaarskap en verwante aangeleenthede:

- Die Staat moet voortgaan met finansiële hulp aan plaaslike owerhede tot 'n bedrag van 15% van bestaande markprojekte.
- Die toekomstige oprigting, finansiering, besit, beheer en bedryf van NVPM'e, moet ondersoek word ten einde 'n langtermynstrategie vir die doeltreffendste en effektiëste bemarking van varsprodukte te formuleer. Die oprigting van 'n spesiale nutsmaatskappy vir die doel moet ook ondersoek word.

2.6.3 Implementering van die aanbevelings van die Jacobs-komitee

In 1979 staan die Regering 'n verhoging in staatshulp aan NVPM'e toe. Die maksimum hulp aan NVPM'e word tot 15% van die kapitaalkoste beperk.

2.7 DIE BROWNE-KOMITEE

Die Komitee van Ondersoek na die Finansies van Plaaslike Besture in Suid-Afrika, 1980, het onder voorsitterskap van mnr. G W G Browne gestaan.

Die komitee ondersoek nie die eienaarskap van NVPM'e nie, maar maak finansiële aanbevelings insake die eienaarskap van NVPM'e.

2.7.1 Aanbevelings van die Browne-komitee

Tydens die Browne-komitee se ondersoek het staatshulp by die oprigting van nuwe NVPM'e 'n jaarlikse bedrag gelykstaande aan 5% van kapitaalkoste, betaalbaar vir uiters drie jaar beloop. Hiordie hulp is not verleen aan NVPM'o wat verliese getoon het.

Verdere staatshulp na die aanvanklike driejaar-periode moet aan die volgende voorwaardes onderworpe wees:

- ▣ Die mark na die mening van die KVPM ordelik en doeltreffend bestuur en bedryf word;
- ▣ die mark 'n jaarlikse massastyging van minstens 5% toon;
- ▣ enige winste wat die mark afwerp in 'n afsonderlike rekening gestort word en slegs aangewend mag word vir aktiwiteite wat met die mark in verband staan; en
- ▣ die personeel wat aangestel word in die eerste drie bestuursvlakke van 'n NVPM wat finansiële bystand van die Staat ontvang, aan die goedkeuring van die Minister van Landbou onderhewig sal wees.

2.7.2 Implementering van die aanbevelings van die Browne-komitee

Die volgende aanbevelings ten opsigte van staatshulp aan NVPM'e is aanvaar: Finansiële hulp tot 'n maksimum van 25% van die kapitaalkoste van die mark kan verleen word aan NVPM'e wat reeds die 15% finansiële hulp ontvang het, maar nog verlies toon. Die voorwaardes vir hierdie hulpverlening, soos deur die Browne-komitee aanbeveel, is ook aanvaar. Die voorwaarde oor die aanstelling van personeel is egter nie aanvaar nie.

2.8 DIE CROESER-WERKGROEP

Die Croeser-werkgroep, 1982, wat onder voorsitterskap van mnr. G P Croeser gestaan het, het verdere ondersoek na die aanbevelings van die Browne-komitee gedoen.

Die werkgroep bevind dat die Kommissie vir Varsproduktemarkte moet voortgaan om leiding oor die beplanning en vestiging van markte te gee. Die werkgroep beveel aan dat die KVPM in die verband realistiese minimumriglyne en norme moet neerlê ten einde bedryfs- en kapitale uitgawes te besnoei.

2.9 ANDER GRONDWETLIKE ONTWIKKELINGS

Grondwetlike veranderinge sedert 1983 het 'n geringe invloed op die eienaarskap van NVPM'e en word verder bespreek.

2.9.1 Grondwetlike ontwikkeling

Die huidige *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet No 110 van 1983*, het geen wesentlike veranderinge oor markeienaarskap en -bestuur teweeggebring nie. Volgens hierdie wet word bevoegdheid aan plaaslike owerhede verleen om regulasies insake markte uit te vaardig.

2.9.2 Streeksdiensterade

Varsproduktemarkte is volgens die *Wet op Streeksdiensterade, Wet No 109 van 1985*, geïdentifiseer as 'n funksie wat moonlik aan streeksdiensterade

oorgedra kan word. Geen NVPM is tot datum aan enige streeksdiensteraad oorgedra nie.

2.10 SAMEVATTING

Ten slotte enkele opmerkings oor belangrike kenmerke in die historiese ontwikkeling van varsproduktemarkte in Suid-Afrika:

- Die belangrike rol wat varsproduktemarkte in die bemaking van varsprodukte speel word deur alle vorige ondersoekte genoom en erken.
- Plaaslike owerhede ontleen tradisioneel van die Sentrale Owerheid die reg om markte op te rig, te bedryf asook om verordeninge insake sodanige markte uit te vaardig.
- Met die uitsondering van die Jacobs-komitee bevind alle vorige ondersoekte dat plaaslike owerhede die markeienaars moet wees. Die Jacobs-komitee beveel aan dat alternatiewe vorme van eienaarskap oorweeg moet word.
- Die behoefte aan nasionale leiding ten opsigte van markbestuur, fasiliteite en standarde lei tot die aanstelling van die Adviserende Markeraad wat later deur die Kommissie vir Varsproduktemarkte vervang is.
- Die munisipale markte in Suid-Afrika het uit die behoefte vir dienslewering aan die plaaslike belastingbetalers ontwikkel. Uit hierdie LHA-ondersoek is dit duidelik dat markte nie met 'n winsmotief gevestig is nie.
- Markte word outonoom deur plaaslike owerhede bestuur en bedryf. Komitees, soos plaaslike markadvieskomitees en selfs die Kommissie vir Varsproduktemarkte, het slegs 'n raadgevende rol ten opsigte van die bestuur en bedryf van NVPM'e.
- Dit is belangrik om daarop te let dat belangegroepes nooit direkte inspraak in die bestuur van NVPM'e gehad het nie. Belangegroepes is egter in die adviserende komitees verteenwoordig.
- Staatshulp aan plaaslike owerhede na aanleiding van die Slater-verslag het die volgende tweeledige doel gehad:
 - Aansporing om nuwe markte te bou en
 - die spoedige uitskakeling van verliese.

Huidige eienaarskap

3.1 INLEIDING

Die huidige eienaarskap van NVPM'e, word aan die hand van die volgende ondersoek en gedokumenteer:

- *'n Oorsig van NVPM'e in Suid-Afrika.* Markte word in terme van grootte, groei en produksamestelling met mekaar vergelyk.
- *Markfasiliteite.* 'n Bespreking van markfasiliteite op die onderskeie NVPM'e. Die benutting van markfasiliteite word ook getoon.
- *Bedryfsvoering.* 'n Ontleding van die missiestellings van NVPM'e, die gesagstrukture van markdirekteure en -meesters, asook dienste wat munisipaliteite aan NVPM'e lewer, word getoon.
- *Finansiële resultate.* Die inkomstestate en bates van NVPM'e word getoon.

Die struktuur van hierdie hoofstuk is volgens die ondersoekbenadering soos hierbo beskryf.

Ten slotte is dit belangrik om daarop te let dat hierdie hoofstuk in wese 'n opsomming van bylae A is. In bylae A word die markfasiliteite, markgroei, bedryfsvoering en finansiële state vir alle NVPM'e omvattend gedokumenteer.

3.2 OORSIG VAN NVPM'E IN SUID-AFRIKA


In die afdeling word 'n oorsig van die grootte, groei, relatiewe belangrikheid en produksamestelling op die onderskeie NVPM'e in Suid-Afrika gegee. Resultate is verkry deur 'n analise van deurset- en omsetsyfers oor die afgelope vyf jaar.

3.2.1 Markgrootte


Die totale verkope op die 15 NVPM'e vir die 1989-kalenderjaar het 2,381 miljoen ton (R1 086 miljoen) beloop waarvan groente 1,785 miljoen ton

FIGUUR 3.1
 Totale omset en deurset op die 15 NVPM'e
 1983-1989

OMSET OP 15 NVPM'E
 1983 - 1989



MASSA DEURSET OP 15 NVPM'E
 1983 - 1989



(R694 miljoen) en vrugte 0,597 miljoen ton (R392 miljoen) onderskeidelik verteenwoordig het. (Inligting deur onderskeie NVPM'e verskaf.)

Die bydrae deur die onderskeie NVPM'e word in tabel 3.1 opgesom.

BRONNE:

- ¹ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1985. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1984. Pretoria: Departement Landbou-ekonomiese tendense (p. 1-2).
- ² Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1986. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1985. Pretoria: Departement Landbou-ekonomiese tendense (p. 1-2).
- ³ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1987. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Departement Landbou-ekonomiese tendense (p. 1-2).
- ⁴ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Departement Landbou-ekonomiese tendense (p. 1-2).
- ⁵ Inligting vir die periode 1 Januarie tot 31 Desember 1989, gegrand op data verskaf deur die onderskeie NVPM'e.

TABEL 3.1
 Massa en waarde van varsprodukte verkoop op 15 NVPM'e
 (1989 - Kalenderjaar)

NVPM	Deurset ('000 ton)			Omset (R miljoen)		
	Totaal	Groente	Vrugte	Totaal	Groente	Vrugte
Pretoria	369	287	82	173	105	69
Johannesburg	590	461	129	301	200	101
Kaapstad	443	281	162	193	111	82
Durban	245	209	37	116	83	33
Bloemfontein	82	62	20	37	23	14
Port Elizabeth	121	72	49	43	27	16
Oos-Londen	89	68	21	40	25	16
Pietermaritzburg	100	81	19	41	28	13
Klerksdorp	76	49	27	34	16	18
Vereeniging	59	50	9	22	17	5
Springs	95	76	19	41	29	12
Uitenhage	23	20	2	7	6	1
Welkom	38	27	11	18	11	7
Kimberley	32	24	8	13	7	5
Witbank	20	18	2	7	6	1
TOTAAL	2 382	1 785	597	1 086	694	392

BRON:

Inligting deur onderskeie NVPM'e voorsien.

3.2.2 Groei van NVPM'e

Die deursel en omsetsyfers vir die NVPM'e, oor die afgelope sewe jaar word in figuur 3.1 aangedui.

By 'n evaluering van die groei in omset van die vyftien NVPM'e, is dit belangrik om die groei-syfers in perspektief te plaas. 'n Verandering in omset is die resultaat van twee elemente, naamlik 'n verandering in massa deursel en/of 'n verandering in gemiddelde prys. Tabel 3.2 toon 'n ontleding van veranderinge in omset, massa deursel en gemiddelde prys vir die onderskeie NVPM'e vir die periode 1986 tot 1989.

TABEL 3.2
Gemiddelde groei van NVPM'e
(1986 - 1989; % P. J.)


NVPM	Omset- verandering	Massa deursel- verandering	Prys- verandering
Pretoria	13,2	2,6	10,6
Johannesburg	14,8	(0,5)	15,3
Kaapstad	15,3	6,2	8,6
Durban	13,7	2,8	10,7
Bloemfontein	14,4	4,1	10,0
Port Elizabeth	15,9	7,1	8,2
Oos-Londen	16,3	8,1	7,6
Pietermaritzburg	11,7	2,7	8,7
Klerksdorp	20,3	10,1	9,3
Vereeniging	11,1	3,7	7,1
Springs	23,7	11,2	11,2
Uitenhage	(2,5)	(7,1)	4,9
Welkom	22,7	10,3	11,3
Kimberley	10,5	3,2	7,1
Witbank	7,7	(7,6)	16,6
TOTAAL	14,7	3,3	11,1

BRONNE:

- ¹ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1987. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Departement Landbou-ekonomiese tendense (p. 1-2).
- ² Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Departement Landbou-ekonomiese tendense (p. 1-2).
- ³ Inligting vir die periode 1 Januarie tot 31 Desember 1989, gegrond op data verskaf deur onderskeie NVPM'e.

FIGUUR 3.2

Verandering in massa deurset en gemiddelde pryse op die 15 NVPM's 1986-1989



Grafiese voorstelling van tabel 3.2.

In figuur 3.2 word die verandering in massa deurset teenoor die verandering in gemiddelde prys vir elk van die vyftien NVPM's vir die periode 1986 tot 1989 getoon. Dit is dus 'n grafiese voorstelling van die inhoud van tabel 3.2.

Volgens figuur 3.2 kan die vyftien NVPM'e in drie groepe verdeel word, naamlik:

- Markte waar die toename in massa deurset die toename in gemiddelde prys oortref. NVPM'e in hierdie groep is Springs, Klerksdorp en Oos-Londen.
- Markte wat toenames in massa deurset en gemiddelde prys toon. Die toename in gemiddelde prys is egter groter as die toename in massa deurset. NVPM'e in hierdie groep is Welkom, Port Elizabeth, Kaapstad, Vereeniging, Bloemfontein, Kimberley, Durban, Pietermaritzburg en Pretoria.
- Markte wat 'n toename in gemiddelde prys, maar 'n afname in massa deurset toon. NVPM'e in die groep is Johannesburg, Uitenhage en Witbank.

Dit is belangrik om daarop te let dat die Uitenhage NVPM die onigste mark is wat 'n afname in omset, naamlik 'n daling van 2,5% per jaar, vir die periode 1986 tot 1989 getoon het.

3.2.3 Relatiewe belangrikheid van die onderskeie NVPM's

Die massadeurset- en omsetsyfers ten opsigte van totale, groente- en vrugteverkope, vir die 1989-kalenderjaar, is in tabel 3.1 opgesom. Die onderskeie aandeel van elke NVPM word in tabel 3.3 gegee.

TABEL 3.3
Relatiewe markgroottes, 1989

NVPM	Markaandeel as % van die totale varsproduktemarkdeurset		
	Totaal (%)	Groente (%)	Vrugte (%)
Pretoria	15,5	16,1	13,7
Johannesburg	24,8	25,8	21,7
Kaapstad	18,6	15,7	27,1
Durban	10,3	11,7	6,1
Bloemfontein	3,4	3,5	3,3
Port Elizabeth	5,1	4,0	8,3
Oos-Londen	3,7	3,8	3,5
Pietermaritzburg	4,2	4,6	3,1
Klerksdorp	3,2	2,7	4,6
Vereeniging	2,5	2,8	1,6
Springs	4,0	4,2	3,2
Uitenhage	0,9	1,1	0,4
Welkom	1,6	1,5	1,8
Kimberley	1,3	1,3	1,3
Witbank	0,8	1,0	0,4
TOTAAL	100,0	100,0	100,0

BRON:


Inligting deur onderskeie NVPM's verstrek.

Die bovermelde markaandele word grafies in figuur 3.3 voorgestel.

Uit figuur 3.3 en tabel 3.3 volg dat:

- ▣ Johannesburg NVPM in 1989 nagenoeg 25% van die totale massa deurset op alle NVPM's verteenwoordig.
- ▣ Die gesamentlike massa deurset op die vier NVPM's met die grootste massa deurset, naamlik Pretoria-, Johannesburg-, Kaapstad- en Durban-NVPM, verteenwoordig onderskeidelik 69,2% van die totale, 69,3% van die groente, en 68,3% van die vrugte massa deurset op al vyftien NVPM's

FIGUUR 3.3
 Relatiewe markgrootte
 1989 – deurset



Baseer op tabel 3.3

LEGENDE:

PTA – Pretoria
 JHB – Johannesburg
 BFN – Bloemfontein
 KIM – Kimberley
 KSD – Kaapstad
 PE – Port Elizabeth
 OL – Oos-Londen
 DBN – Durban

PMB – Pietermaritzburg
 WKM – Welkom
 KDP – Klerksdorp
 VER – Vereeniging
 SPS – Springs
 UIT – Uitenhage
 WIT – Witbank

- Die gesamentlike massa deurset van die vier NVPM'e met die laagste massa deurset, naamlik Uitenhage-, Welkom-, Kimberley- en Witbank-NVPM, verteenwoordig slegs 4,6% van die totale massa deurset van al vyftien NVPM'e.

3.2.4 Produksamestelling op NVPM'e

Vir die analise is die produksamestelling op die onderskeie NVPM'e vir die 1988 kalenderjaar geneem. Die resultate van die 1989 kalenderjaar was ten tye van die skryf van hierdie verslag nie beskikbaar nie. Die gemiddelde bydrae van elke produk in terme van omset en deurset word in tabel 3.4 en in figuur 3.4 getoon.


TABEL 3.4:
 Produksamestelling op die 15 NVPM'e, 1988

Bydrae van produk tot totale deurset en omset		
Produk	Deurset (%)	Omset (%)
Aartappels	31,1	30,5
Uie	6,4	6,1
Kool	10,5	3,3
Pampoer	6,3	4,0
Tamaties	11,2	15,8
Ander Groente	10,1	9,4
Appels	4,7	6,5
Pere	1,1	1,5
Druwe	1,3	2,3
Piesangs	3,2	4,7
Sitrus	5,2	5,0
Ander Vrugte	8,9	10,9
TOTAAL	100,0	100,0

BRON:

Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou- ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Departement Landbou- ekonomiese tendense (p. 4-11).

FIGUUR 3.4:
 Totale produksamestelling op die 15 NVPM'e 1988



Gebaseer op tabel 3.4

LEGENDE:

Art – Aartappels; Apl – Appels; Tmt – Tamaties; Uie – Uie; Pere – Pere; AG – Ander groente; Kool – Koolprodukte; Drw – Druwe; Str – Sitrusvrugte; Pmp – Pampoer; Psg – Piesangs; Av – Ander vrugte;

TABEL 3.5
Markfasiliteite op die 15 NVPM'e (Maart 1990)

NVPM:	Pretoria	Johannesburg	Kaapstad
FASILITEITE (m²):			
Markterrein	253 000	630 000	300 000
Fasiliteite onder dak			
- Marksaal	40 525	68 296	45 025
- Koel/rypmaakkamers	4 125	4 262	8 360
- Laairuimte (Pad)	9 780	47 562	16 500
- Laairuimte (Spoor)	4 052	17 000	9 917
- Kantore	2 500	8 827	1 850
- Ander	14 901	30 216	9 740
Fasiliteite nie onderdak nie			
- Laairuimte, parkering en paaie	24 200	165 168	109 860
Uitbreidings beplan	Ja	Ja	Ja
Rakke op markvloer gebruik	Nee	Nee	Ja
Personeelgrootte	198	417	195

TABEL 3.5 (vervolg)
Markfasiliteite op die 15 NVPM'e (Maart 1990)

NVPM:	Durban	Bloemfontein	Port Elizabeth
FASILITEITE (m²):			
Markterrein	207 920	299 132	293 700
Fasiliteite onder dak			
- Marksaal	20 520	10 600	22 353
- Koel/rypmaakkamers	1 097	1 131	1 887
- Laairuimte (Pad)	6 309	2 856	10 675
- Laairuimte (Spoor)	8 905	5 374	14 930
- Kantore	2 839	1 491	2 000
- Ander	2 440	1 226	5 276
Fasiliteite nie onderdak nie			
- Laairuimte, parkering en paaie	52 792	27 230	12
Uitbreidings beplan	Ja	Ja	Nee
Rakke op markvloer gebruik	Nee	Nee	Nee
Personeelgrootte	98	46	60

TABEL 3.5 (vervolg)
Markfasiliteite op die 15 NVPM'e (Maart 1990)

NVPM:	Oos-Londen	Pietermaritzburg	Klerksdorp
FASILITEITE (m²):			
Markterrein	143 000	127 000	92 909
Fasiliteite onder dak			
- Marksaal	20 109	12 416	9 873
- Koel/rypmaakkamers	1 950	650	623
- Laairuimte (Pad)	8 670	4 610	4 050
- Laairuimte (Spoor)	5 217	2 229	2 177
- Kantore	1 720	1 712	930
- Ander	2 312	2 362	1 923
Fasiliteite nie onderdak nie			
- Laairuimte, parkering en paaie	13 286	24 200	21 636
Uitbreidings beplan	Nee	Nee	Nee
Rakke op markvloer gebruik	Nee	Nee	Nee
Personeelgrootte	61	62	33

TABEL 3.5 (vervolg)
Markfasiliteite op die 15 NVPM'e (Maart 1990)

NVPM:	Vereeniging	Springs	Uitenhage
FASILITEITE (m²):			
Markterrein	108 000	86 046	20 252
Fasiliteite onder dak			
- Marksaal	11 568	11 800	3 770
- Koel/rypmaakkamers	900	790	0
- Laairuimte (Pad)	6 506	8 613	650
- Laairuimte (Spoor)	732	2 256	0
- Kantore	1 614	917	280
- Ander	3 554	2 292	228
Fasiliteite nie onderdak nie			
- Laairuimte, parkering en paaie	9 879	17 420	4 695
Uitbreidings beplan	Nee	Nee	Nee
Rakke op markvloergebruik	Nee	Nee	Nee
Personeelgrootte	29	42	16

TABEL 3.5 (vervolg)
 Markfasiliteite op die 15 NVPM'e (Maart 1990)

NVPM:	Welkom	Kimberley	Witbank
FASILITEITE (m²):			
Markterrein	108 063	77 000	16 694
Fasiliteite onder dak			
– Marksaal	8 208	7 442	3 610
– Koel/rypmaak-kamers	445	671	267
– Laairuimte (Pad)	1 840	4 224	1 725
– Laairuimte (Spoor)	2 807	0	0
– Kantore	1 167	465	384
– Ander	1 483	1 520	636
Fasiliteite nie onderdak nie			
– Laairuimte, parkering en paaie	22 075	25 000	7 000
Uitbreidings beplan	Nee	Nee	Nee
Rakke op markvloer gebruik	Nee	Nee	Nee
Personeelgrootte	32	26	11

Inligting deur die 15 NVPM'e verstrek.

Die vyf produkte wat in 1988 die grootste bydrae tot die omset op die vyftien NVPM'e maak is, in volgorde van belangrikheid, aartappels, tamaties, appels, uie en sitrusvrugte. Gesamentlik verteenwoordig hierdie vyf produkte 63,9% van omset en 58,6% van massa deurset op alle NVPM'e. Aartappels maak die grootste bydrae tot beide omset en massa deurset op alle NVPM'e. Groente verteenwoordig 69,1% en vrugte 30,9% onderskeidelik van die totale omset op alle NVPM'e in 1988. Die bydrae van groente en vrugte tot die totale massa deurset op alle NVPM'e in 1988 is 75,6 en 24,4% onderskeidelik.

Die produksamestelling van die onderskeie NVPM'e vir dieselfde tydperk word in figure 1 tot 4 in bylae B aangedui.

3.3 MARKFASILITEITE

3.3.1 Opsomming van markfasiliteite

'n Opsomming van markfasiliteite asook beplande uitbreidings van markfasiliteite en die huidige gebruik van rakke op die markvloer, word in tabel 3.5 getoon.

Groothandel-, kleinhandel-, herverpakkings- en voedselverwerkings-aktiwiteite word op die markterreine toegelaat. Die ondernemings word egter verplig om alle aankope van varsprodukte op daardie mark te doen.

Slegs produkte wat nie op daardie NVPM beskikbaar is nie, mag direk deur die ondernemings aangekoop word. Tydens die LHA- ondersoek is gevind dat geen ondersteuningsfasiliteite, naamlik groothandel-, kleinhandel-, herverpakkings- en/of voedselverwerkingsaktiwiteite, op die Durban-, Bloemfontein-, Pietermaritzburg-, Welkom- en Kimberley-NVPM teenwoordig is nie.

3.3.2 Benutting van markfasiliteite

'n Vergelyking is getref tussen die benutting van fasiliteite op die onderskeie NVPM'e. Die verband tussen die totale massa deurset vir die 1989-kalenderjaar en markvloeroppervlak is bepaal. Die resultate word in tabel 3.6 opgesom.

TABEL 3.6
Produktiwiteit van markvloeroppervlakte van die 15 NVPM'e
1989

NVPM	Deurset (‘000 ton)	Markvloer (m ²)	Produktiwiteit (‘000 ton/m ²)
Groot NVPM'e:			
Pretoria	369 058	40 525	9,1
Johannesburg	590 135	68 296	8,6
Kaapstad	442 831	45 025	9,4
Durban	245 225	20 520	12,0
Medium NVPM'e:			
Bloemfontein	81 921	10 600	7,7
Port Elizabeth	121 387	22 353	5,4
Oos-Londen	88 706	20 109	4,4
Pietermaritzburg	100 022	12 416	8,1
Klerksdorp	75 926	9 873	7,7
Vereeniging	59 092	11 568	5,1
Springs	94 707	11 800	8,0
Klein NVPM'e:			
Uitenhage	22 578	3 770	6,0
Welkom	38 188	8 208	4,7
Kimberley	31 779	7 442	4,3
Witbank	19 919	3 610	5,5
TOTAAL	2 381 474	296 115	8,0

Inligting deur onderskeie NVPM'e verstrek.

Uit tabel 3.6 blyk dat Durban en Kimberley onderskeidelik die hoogste en laagste markvloeroppervlakproduktiwiteit het.

Dit is belangrik om op te let dat die markvloeroppervlakte van die Oos-Londen- en Vereeniging-NVPM gedurende 1988 vergroot is, en dat die bover-

melde markvloeroppervlakproduktiwiteit misleidend kan wees, omdat die vergrote markvloer tans moontlik nie ten volle benut word nie.

Die gemiddelde markvloeroppervlakproduktiwiteit is 9,4 kton/m² vir groot NVPM'e; 6,3 kton/m² vir medium NVPM'e, Oos-Londen en Vereeniging uitge-sluit; en 4,9 kton/m² vir klein NVPM'e.

3.4 BEDRYFSVOERING

'n Ontleding van die missiestellings van NVPM'e, die gesagstrukture van markdirekteure en -meesters asook dienste wat munisipaliteite aan NVPM'e lewer, word in hierdie afdeling bespreek.

3.4.1 Missiestellings vir NVPM'e

Uit hierdie LHA-onderzoek blyk dat sewe NVPM'e, 47% van die totale aantal NVPM'e, sonder 'n amptelike missiestelling bedryf word. Hulle is Bloemfontein, Oos-Londen, Klerksdorp, Springs, Uitenhage, Kimberley en Witbank.

Uit 'n ontleding van die missiestellings van die oorblywende agt NVPM'e is die uiteenlopende beskouing van die rede tot bestaan van 'n NVPM uit die volgende duidelik:

- Twee NVPM'e, naamlik Kaapstad en Port Elizabeth, het dienslewering aan gemeenskap as deel van hulle onderskeie missiestellings.
- Een NVPM, Pretoria, het die ontwikkeling van 'n infrastruktuur vir die bemarking van varsprodukte as missiestelling.
- Een NVPM, Vereeniging, stel die bedryf van daardie mark om, as deel van die missiestelling, 'n bevredigende rendement aan die eienaar te verseker.
- Drie NVPM'e, Durban, Pietermaritzburg en Welkom, het die daarstel van fasiliteite vir die ordelike bemarking van varsprodukte as missie.
- Die missiestelling van Johannesburg-NVPM is tans onder oorweging en is nog nie amptelik vrygestel nie.

Ten slotte, benewens die feit dat ongeveer 46% van alle NVPM'e geen missiestelling het nie, is daar min ooreenstemming oor die missie van 'n NVPM by die oorblywende agt NVPM'e.

3.4.2 Gesagstrukture

Die LHA-onderzoek bevind dat die gesagstrukture van markmeesters of -direkteure aanmerklik verskil. Die stelling word op grond van die volgende bevindinge gemaak:

- By sewe NVPM'e, 47% van die totale aantal NVPM'e, is die mark 'n outonome munisipale departement. Die markmeester of -direkteur is dus 'n departementshoof. Hierdie NVPM'e is Pretoria, Johannesburg, Durban, Port Elizabeth, Pietermaritzburg, Klerksdorp en Vereeniging.

- ▣ Die oorblywende agt NVPM'e, 55% van die totale aantal NVPM'e, is afdelings van 'n ander munisipale departement. Die markmeesters of -direkteure is dus afdelingshoofde. Die munisipale departemente waaronder die agt markte ressorteer, is soos volg verdeel:
 - Tesouriedepartement, ses NVPM'e, naamlik Bloemfontein, Oos-Londen, Springs, Welkom, Kimberley en Witbank;
 - Stadsadministrasie, een NVPM, naamlik Kaapstad; en
 - Gesondheidsdepartement, een NVPM, naamlik Uiténhage.

3.4.3 Munisipale dienste

Hierdie LHA-onderzoek bevind dat NVPM'e van munisipaliteite vir personeel-, regs- en tesouriedienste afhanklik is. Herstelwerk word hoofsaaklik deur die munisipale ingenieursdiens gelewer, alhoewel private ondernemings ook in hierdie verband gebruik word.

3.5 FINANSIËLE RESULTATE

Verskille in munisipale rekeningkundige beleid is opvallend. Hierdie feit bemoeilik die oppervlakkige vergelyking van markte se finansiële prestasie. Vir doeleindes van die verslag is finansiële data in die inkomste- en balansstate genormaliseer, in welke verband data gegroepeer, ontleed en die toewysings per uitgawebeskrywing gestandaardiseer is.

TABEL 3.7			
Inkomstestate vir die 15 NVPM'e vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989 (R'000)			
	Pretoria	Johannesburg	Kaapstad
INKOMSTE			
Markgelde	8 115	14 859	7 525
Ander kommissie	31	39	1 871
Trolliehuur	141	173	100
Koelkamerfooie	507	842	798
Kantoor- en ander huurgelde	423	1 112	176
Ander	22	310	157
TOTALE INKOMSTE:	9 240	17 335	10 626
UITGAWES			
Salarisse en lone	3 651	7 671	3 520
Elektrisiteit, Water, Riool, Vullis	384	1 156	414
Onderhoud	553	1 490	256
Algemene uitgawes	433	3 102	425
Eiendomsbelasting	59	0	389

Tabel 3.7 (vervolg)

Huidige eienaarskap

	Pretoria	Johannesburg	Kaapstad
Rente	0	925	0
Huur aan stadsraad	409	0	0
Administrasiekoste: stadsraad	757	360	518
Bydrae tot belastingrekening	0	0	1 063
Verhaling van inkomste	(3)	(7)	0
TOTALE INKOMSTE:	6 243	14 696	6 585
BRUTO INKOMSTE	2 997	2 639	4 041
ANDER INKOMSTE:			
Rente op belegging	2 500	724	765
Rente op voors. oninbare skulde		55	
Rente op markherstelfonds		7	
Rente op waarborgdeposito's		11	
Rente op versekeringsfonds			
Rente op voors. personeelfonds			
Staatskenking	0	0	0
NETTO INKOMSTE VOOR OORPLASINGS	5 498	3 436	4 806
OORPLASINGS:			
Kapitaalbesteding	5 062	63	0
Kapitaaldelging	0	1 370	0
Markherstelfonds	0	7	4 806
Kapitaalontwikkelingsfonds	113	0	0
Onaangewende oorskot	323	1 503	
Opleidingsfonds	0	1	0
Voors. oninbare skulde	0	481	0
Waarborgdeposito's		11	
Delgingsfonds	0	0	0
Versekeringsfonds	0	0	0
voorsiening: personeelfonds			
Reserwefonds: Belastingdiens			
Ander voorsieningsfondse			
	5 498	3 436	4 806

TABEL 3.7 (vervolg)

Inkomstestate vir die 15 NVPM'e vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989
(R'000)

	Durban	Bloemfontein	Port Elizabeth
INKOMSTE			
Markgelde	5 513	1 827	2 163
Ander kommissie	21	0	22

	Durban	Bloemfontein	Port Elizabeth
Trolliehuur	69	35	19
Koelkamerfooie	338	209	229
Kantoor- en ander huurgelde	225	61	97
Ander	321	22	4
TOTALE INKOMSTE:	6 487	2 154	2 535
UITGAWES			
Salarisse en lone	2 011	838	1 053
Elektrisiteit, Water, Riool, Vullis	249	116	179
Onderhoud	1 052	126	140
Algemene uitgawes	549	207	285
Eiendomsbelasting	546	103	161
Rente	1 463	724	196
Huur aan stadsraad	0	0	62
Administrasiekoste: stadsraad	142	79	136
Bydrae tot belastingrekening	319	0	0
Verhaling van inkomste	(36)	0	0
TOTALE INKOMSTE:	6 296	2 192	2 213
BRUTO INKOMSTE	191	(38)	322
ANDER INKOMSTE:			
Rente op belegging	629	0	0
Rente op voors. oninbare skulde			
Rente op markherstelfonds	34		
Rente op waarborgdeposito's			
Rente op versekeringsfonds			
Rente op voors. personeelfonds			2
Staatskenking	75	0	0
NETTO INKOMSTE VOOR OORPLASINGS	930	(38)	324
OORPLASINGS:			
Kapitaalbesteding	0	0	1
Kapitaaldelging	961	260	215
Markherstelfonds	(218)	0	0
Kapitaalontwikkelingsfonds	187	0	0
Onaangewende oorskot			105
Opleidingsfonds	0	0	0
Voors. oninbare skulde	0	0	0
Waarborgdeposito's			
Delgingsfonds	0	0	0
Versekeringsfonds	0	0	0
Voorsiening: personeelfonds			2

	Durban	Bloemfontein	Port Elizabeth
Reserwefonds: Belastingdiens		(298)	
Ander voorsieningsfondse			
	930	(38)	324

TABEL 3.7 (vervolg)

Inkomstestate vir die 15 NVPM'e vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989
(R'000)

	Oos-Londen	Pietermaritzburg	Klerksdorp
INKOMSTE			
Markgelde	1 878	2 115	1 534
Ander kommissie	0	0	7
Trolliehuur	0	18	42
Koelkamerfooie	293	138	124
Kantoor- en ander huurgelde	47	98	46
Ander	8	48	6
TOTALE INKOMSTE:	2 226	2 417	1 760
UITGAWES			
Salarisse en lone	1 140	1 026	567
Elektrisiteit, Water, Riool, Vullis	135	160	81
Onderhoud	78	50	32
Algemene uitgawes	176	120	147
Eiendomsbelasting	32	129	5
Rente	864	264	172
Huur aan stadsraad	0	39	0
Administrasiekoste: stadsraad	19	198	30
Bydrae tot belastingrekening	0	1	0
Verhaling van inkomste	0	0	0
TOTALE INKOMSTE:	2 444	1 988	1 034
BRUTO INKOMSTE	(218)	429	725
ANDER INKOMSTE:			
Rente op belegging	0	22	113
Rente op voors. oninbare skulde			
Rente op markherstelfonds			10
Rente op waarborgdeposito's			
Rente op versekeringsfonds			1
Rente op voors. personeelfonds			
Staatskenking	0	0	0
NETTO INKOMSTE			
VOOR OORPLASINGS	(218)	451	849

	Oos-Londen	Pietermaritzburg	Klerksdorp
OORPLASINGS:			
Kapitaalbesteding	0	0	333
Kapitaaldelging	182	139	514
Markherstelfonds	10	0	15
Kapitaalontwikkelingsfonds	0	82	0
Onaangewende oorskot	(410)	209	(16)
Opleidingsfonds	0	0	0
Voors. oninbare skulde	0	0	0
Waarborgdeposito's			
Delgingsfonds	0	0	0
Versekeringsfonds	0	0	4
Voorsiening: personeelfonds			
Reserwefonds: Belastingdiens			
Ander voorsieningsfondse		21	
	(218)	451	849

TABEL 3.7 (vervolg)

Inkomstestate vir die 15 NVPM'e vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989
(R'000)

	Vereeniging	Springs	Uitenhage
INKOMSTE			
Markgelde	1 161	2 044	353
Ander kommissie	5	10	0
Trolliehuur	11	28	0
Koelkamerfooie	64	65	0
Kantoor- en ander huurgelde	68	92	5
Ander	0	14	0
TOTALE INKOMSTE:	1 309	2 253	359
UITGAWES			
Salarisse en lone	570	732	322
Elektrisiteit, Water, Riool, Vullis	141	121	17
Onderhoud	88	57	6
Algemene uitgawes	133	118	64
Eiendomsbelasting	2	0	12
Rente	288	812	5
Huur aan stadsraad	0	0	8
Administrasiekoste: stadsraad	31	58	18
Bydrae tot belastingrekening	0	0	0
Verhaling van inkomste	0	0	0
TOTALE INKOMSTE:	1 253	1 897	451

	Vereeniging	Springs	Uitenhage
BRUTO INKOMSTE	55	356	(93)
ANDER INKOMSTE:			
Rente op belegging	0	0	0
Rente op voors. oninbare skulde			
Rente op markherstelfonds			
Rente op waarborgdeposito's			
Rente op versekeringsfonds			
Rente op voors. personeelfonds			
Staatskenking	41	114	0
NETTO INKOMSTE VOOR OORPLASINGS	96	470	(93)
OORPLASINGS:			
Kapitaalbesteding	4	68	0
Kapitaaldelging	117	372	1
Markherstelfonds	20	30	0
Kapitaalontwikkelingsfonds	0	0	0
Onaangewende oorskot	(44)		(94)
Opleidingsfonds	0	0	0
Voors. oninbare skulde	0	0	0
Waarborgdeposito's			
Delgingsfonds	0	0	0
Versekeringsfonds	0	0	0
Voorsiening: personeelfonds			
Reserwefonds:			
Belastingdiens			
Ander voorsieningsfondse			
	96	470	(93)

TABEL 3.7 (vervolg)

Inkomstestate vir die 15 NVPM'e vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989
(R'000)

	Welkom	Kimberley	Witbank
INKOMSTE			
Markgelde	850	649	399
Ander kommissie	0	3	0
Trolliehuur	0	0	13
Koelkamerfooie	72	66	17
Kantoor- en ander huurgelde	51	0	25
Ander	15	8	3
TOTALE INKOMSTE:	988	726	457

	Welkom	Kimberley	Witbank
UITGAWES			
Salarisse en lone	374	407	179
Elektrisiteit, Water, Riool, Vullis	169	61	30
Onderhoud	40	28	31
Algemene uitgawes	140	24	31
Eiendomsbelasting	0	0	26
Rente	1 056	25	109
Huur aan stadsraad	0	0	0
Administrasiekoste:stadsraad	14	26	18
Bydrae tot belastingrekening	0	0	0
Verhaling van inkomste	0	0	0
TOTALE INKOMSTE:	1 792	572	424
BRUTO INKOMSTE	(804)	155	33
ANDER INKOMSTE:			
Rente op belegging	1	0	0
Rente op voors. oninbare skulde			
Rente op markherstelfonds			
Rente op waarborgdeposito's			
Rente op versekeringsfonds			
Rente op voors. personeelfonds			
Staatskenking	401	0	0
NETTO INKOMSTE VOOR OORPLASINGS	(403)	155	33
OORPLASINGS:			
Kapitaalbesteding	0	42	0
Kapitaaldelging	39	29	33
Markherstelfonds	4	74	0
Kapitaalontwikkelingsfonds	0	10	4
Onaangewende oorskot	(455)		(4)
Opleidingsfonds	0	0	0
Voors. oninbare skulde	0	0	0
Waarborgdeposito's			
Delgingsfonds	0	0	0
Versekeringsfonds	0	0	0
Voorsiening: personeelfonds			
Reserwefonds: Belastingdiens			
Ander voorsienings-fondse			
	(403)	155	33

3.5.1 Inkomstestate van NVPM'e

Die inkomstestate van die vyftien NVPM'e vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989 word in tabel 3.7 aangetoon.

Uit 'n ontleding van tabel 3.7 volg:

- Vier NVPM'e, naamlik Bloemfontein, Oos-Londen, Uitenhage en Welkom, toon 'n bruto verlies op hul inkomstestate.
- Markgelde verteenwoordig gemiddeld 84% van die totale inkomste van NVPM'e.
- Salarisse en lone verteenwoordig gemiddeld 48% van die totale uitgawes van NVPM'e.
- Vyf NVPM'e, dit is Bloemfontein, Kaapstad, Uitenhage, Durban en Pietermaritzburg, word nie op 'n geslote finansiële rekening bedryf nie.
- Drie NVPM'e, naamlik Kaapstad, Durban en Pietermaritzburg, maak 'n bydrae tot die munisipale belastingrekening. Die bydraes sluit nie die vergoeding aan die munisipaliteit vir munisipale dienste aan die mark gelewer, in nie.
- Daar is geen uniforme beleid by stadsrade vir die heffing van huurgelde en/of eiendomsbelasting op markgronde en -geboue nie. Byvoorbeeld Pretoria-NVPM betaal huurgeld en eiendomsbelasting aan die Pretoriase Stadsraad, terwyl die Kaapstadse-NVPM slegs huurgeld aan die Kaapstadse Stadsraad betaal. Durban-NVPM besit die grond en geboue, en betaal gevolglik net eiendomsbelasting aan die Durbanse Stadsraad.

3.5.2 Balansstate van NVPM'e

Die balansstate vir die vyftien NVPM'e soos op 30 Junie 1989, word in bylae C getoon.

'n Opsomming van die balansstate vir die vyftien NVPM'e, word in tabel 3.8 getoon, met 'n LHA-waardasie van vaste bates vir die onderskeie markte. Die waardasie is soos volg bereken:

- Grond, teen vervangingswaarde.
- Geboue en toerusting, teen afgeskryfde vervangingswaarde.

'n Beskrywing van hierdie waardasiemetode word in bylae D gegee.

Die netto batewaarde van elke NVPM'e word ook in tabel 3.8 getoon. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie netto batewaarde op grond van die LHA-waardasie van grond, geboue en toerusting bereken is.

TABEL 3.8
Bates van die 15 NVPM'e soos op 30 Junie 1989 (R'000)

NVPM	Grond	LHA-waardasie van ¹	
		Geboue	Toerusting
Pretoria	20 240	42 220	1 100
Johannesburg	63 000	84 250	4 860
Kaapstad	24 000	49 210	1 960
Durban	14 550	26 120	850
Bloemfontein	900	20 530	770
Port Elizabeth	2 940	34 290	660
Oos-Londen	1 720	29 920	710
Pietermaritzburg	1 910	12 050	460
Klersdorp	1 120	14 530	520
Vereeniging	650	17 520	295
Springs	1 720	19 620	410
Uitenhage	205	2 940	35
Welkom	2 700	14 460	160
Kimberley	500	5 930	90
Witbank	420	3 700	35
TOTAAL	136 575	377 290	12 915

TABEL 3.8
Bates van die 15 NVPM'e soos op 30 Junie 1989 (R'000)

NVPM	Beleggings ²	Netto		
		Bedryfsbates ²	Uitstaande Lenings ²	
			Netto Batewaarde	
Pretoria	19 692	832	—	84 084
Johannesburg	6 024	(204)	9 767	148 163
Kaapstad	7 853	—	—	83 023
Durban	8 547	351	9 399	41 019
Bloemfontein	—	(2 235)	5 692	14 273
Port Elizabeth	16	(501)	1 640	35 765
Oos-Londen	12	(1 226)	6 435	24 701
Pietermaritzburg	—	537	2 216	12 741
Klersdorp	566	(4)	791	15 941
Vereeniging	—	(2 305)	3 533	12 627
Springs	7	(438)	6 575	14 744
Uitenhage	166	(195)	45	3 106
Welkom	138	(2 186)	7 547	7 725
Kimberley	572	—	193	6 899
Witbank	—	50	955	3 210
TOTAAL	43 593	(7 524)	54 828	508 021

BRONNE:

¹ Sien bylae D

² Sien bylae C

Die gesamentlike netto batewaarde van die vyftien NVPM'e is R508 miljoen, waarvan grond R137 miljoen, geboue R377 miljoen, toerusting R13 miljoen, beleggings R44 miljoen, netto bedryfslaste R8 miljoen en uitstaande lenings R55 miljoen onderskeidelik verteenwoordig.

Dit is belangrik om daarop te let dat slegs Durban-NVPM die grond besit waarop daardie mark gebou is. Die markgronde van die ander veertien NVPM'e word deur die onderskeie stadsrade besit.

Uit 'n ontleding van tabel 3.8 blyk die volgende:

- Twee NVPM'e, naamlik Pretoria en Kaapstad, het geen uitstaande lenings nie.
- Die vier groot NVPM'e, naamlik Pretoria, Johannesburg, Kaapstad en Durban, beskik oor aansienlike beleggings. Hierdie beleggings is hoofsaaklik opgebou uit opgehoopte oorskotte.
- Geboue verteenwoordig gemiddeld 74% van die totale netto batewaarde van al vyftien NVPM'e.
- Die vyftien NVPM'e kan volgens hul onderskeie netto batewaardes in drie groepe verdeel word. Groot markte, met 'n netto batewaarde groter as R40 miljoen, sluit Pretoria-, Johannesburg-, Kaapstad- en Durban-NVPM in. Medium markte, met 'n netto batewaarde groter as R10 miljoen maar kleiner as R40 miljoen, sluit Bloemfontein-, Port Elizabeth-, Oos-Londen-, Pietermaritzburg-, Klerksdorp-, Vereeniging- en Springs-NVPM in. Klein markte, met 'n netto batewaarde minder as R10 miljoen, sluit Uitenhage-, Welkom-, Kimberley- en Witbank-NVPM in.
- Die gesamentlike netto batewaarde van die vier grootste NVPM'e verteenwoordig 70% van die totale netto batewaarde van al 15 NVPM'e.

Omgewingstudie

4.1 INLEIDING

Die omgewing waarbinne NVPM'e bedryf word is ondersoek ten einde die potensiele invloed daarvan op alternatiewe eienaarskapmodelle te bepaal. Die volgende is bestudeer:

- Demografiese verwagtinge
- Wetlike aspekte
- Owerheidsbeleid
- Privatiseringsinisiatiewe van die Departement van Landbou.

4.2 DEMOGRAFIESE VERWAGTINGE

Die huidige en toekomstige demografiese eienskappe van die Suid-Afrikaanse bevolking is die mees basiese faktor wat die markomgewing van varsproduktemarkte beïnvloed. In hierdie verband word die volgende in hierdie afdeling bestudeer: 'n oorsig van die grootte van die bevolking en 'n vooruitskatting van die bevolkingsgroei.

4.2.1 Geskiedkundige oorsig van bevolkingsyfers

Die totale Suid-Afrikaanse bevolking binne die 1985-landsgrense, het sedert 1936 tot 1985 vermeerder van 9,6 miljoen na 23,4 miljoen, wat 'n gemiddelde jaarlikse groeiakoers van 1,8% reflekteer. Die bevolkingsyfers per bevolkingsgroep word in tabel 4.1 opgesom.

4.2.2 Toekomstige bevolking van Suid-Afrika

Daar word verwag dat die bevolking van die Republiek van Suid-Afrika, binne die 1985-grense, sowat 36 miljoen sal bereik teen die jaar 2000¹. Die verwagte bevolkingsgroei word in tabel 4.2 getoon.

TABEL 4.1
Totale bevolking van Suid-Afrika bereken volgens 1985-grense
1936 - 1985; (duisende)

Jaar	Blankes	Asiërs	Kleurlinge	Swartes	Totaal
1936	2 003	220	769	6 596	9 588
1946	2 372	285	928	7 830	11 415
1951	2 642	367	1 103	8 560	12 672
1960	3 008	477	1 509	10 928	16 002
1970	3 759	630	2 039	11 891	18 319
1980	4 221	748	2 459	13 135	20 563
1985	4 569	821	2 833	15 163	23 386
Gemiddelde Groeikoers (% p.j.)					
	1,7	2,7	2,7	1,7	1,8

BRON:

Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens. 1989. Suid-Afrikaanse Statistieke, 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1.4).

TABEL 4.2
Vooruitskating van bevolkingsgroei in Suid-Afrika, binne die
1985-landsgrense
(1990 - 2000; duisende)

RSA					
Jaar	Blankes	Asiërs	Kleurlinge	Swartes	Totaal
1990	5 164	964	3 071	20 678	29 877
2000	5 817	1 108	3 607	25 676	36 208
Gemiddelde Groeikoers (% p.j.)					
	1,2	1,4	1,6	2,2	1,9

BRON:

Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens. 1989. Suid-Afrikaanse Statistieke, 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1.4).

Uit die data in tabelle 4.1 en 4.2 kan verwag word dat, in vergelyking met historiese groeikoerse, die gemiddelde jaarlikse groeikoers sal toeneem.


Die blankes, Asiërs en kleurlinge is feitlik ten volle verstedelik (tussen 80% en 95%), terwyl ongeveer 40% van die swart bevolking verstedelik is. Die verstedeliking van die swart bevolkingsgroep toon egter die grootste groei-

koers, naamlik 'n gemiddelde toename van 1,2% per jaar oor die periode 1970 tot 1985².

4.2.3 Verbruiksbesteding

Die totale verbruiksbesteding en die verbruiksbesteding aan voedsel, drank en tabak vir die tydperk 1948 tot 1988 word in figuur 4.1 voorgestel. Waardes word aangedui teen konstante 1985 pryse.

FIGUUR 4.1
Verbruiksbesteding teen konstante 1985 pryse
1948 - 1988
(R'000 miljoen)



BRON:

- ¹ Suid-Afrikaanse Reserwebank. 1981. Statistiese aanbieding van Suid-Afrika se nasionale rekeninge, 1946 tot 1980; bylaag tot *Kwartaalblad*, September 1981. Pretoria: Suid-Afrikaanse Reserwebank (p. A23-A26).
- ² Suid-Afrikaanse Reserwebank. 1989. *Kwartaalblad*, September 1989. Pretoria: Suid-Afrikaanse Reserwebank (p. S-88).

¹ Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens. 1989. Suid-Afrikaanse Statistieke, 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1.4).

² Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens. 1989. Suid-Afrikaanse Statistieke, 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1.7).

Die gemiddelde jaarlikse groeiakoers van totale verbruiksbesteding oor die tydperk is 3,7% terwyl die van voedsel, drank en tabak 3,6% is. Albei hierdie groeiakoerse is hoër as dié van die bevolkingsaanwas.

4.2.4 Opsomming

Uit historiese data, tabel 4.1, blyk dat die bevolking van Suid-Afrika oor die periode 1936 tot 1985 met 1,8% per jaar gegroei het. Vooruitskattings, tabel 4.2, dui daarop dat die bevolking verder teen 1,9% per jaar sal toeneem.

Die groei in bevolking van Suid-Afrika bied dus aan NVPM'e 'n groeiende mark vir varsprodukte.

4.3 WETLIKE ASPEKTE

In 'n ondersoek na die wetlike omgewing wat die eienaarskap van NVPM'e beïnvloed en/of bepaal, is twee landswette, naamlik die *Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarkte* en die *Grondwet van Suid-Afrika*, bestudeer.

4.3.1 Die Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarkte, Wet No 82 van 1970

Die doel van die wet is: "Om voorsiening te maak vir die beheer, oprigting, verandering, gebruik, bestuur en bedryf van sekere varsproduktemarkte; vir die instelling van 'n kommissie om met sekere varsproduktemarkte te handel; en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan voorsiening te maak."¹

Die wet reël die volgende oor eienaarskap van markte:

- Die instelling van die Kommissie vir Varsproduktemarkte met die oogmerke:
 - Adviesverlening aan die Minister van Landbou oor alle aange rakende die plasing, oprigting, uitbreiding, verandering, bestuur en bedryf van varsproduktemarkte, en die verrigting v: by varsproduktemarkte.
 - Bystand aan die Minister van Landbou in die koördir rasionalisering van bedrywighede wat met varsprodukter verband staan.
- Verbied die oprigting van varsproduktemarkte in beheerde gebie goedkeuring van die Minister van Landbou.
- Verklaar varsproduktemarkte in beheerde gebiede tot Varsproduktemarkte.

- Verbied ongeoorloofde veranderinge aan Nasionale Varsproduktemarkte in beheerde gebiede.
- Die Minister van Landbou mag fondse aan eienaars van Nasionale Varsproduktemarkte leen of skenk.
- Bepaal die tariewe (markgelde) betaalbaar aan eienaars van Nasionale Varsproduktemarkte.
- Stel markadvieskomitees by Nasionale Varsproduktemarkte aan ten einde die:
 - Minister van Landbou te adviseer oor aangeleenthede met betrekking tot die uitoefening van sy bevoegdheid kragtens hierdie wet
 - die Kommissie vir Varsproduktemarkte te adviseer oor die uitoefening en verrigting van laasgenoemde se bevoegdhede en werksaamhede
 - eienaars van Nasionale Varsproduktemarkte te adviseer oor aangeleenthede rakende die bestuur en bedryf van sodanige mark
 - enige ander bevoegdheid aan hom verleen volgens hierdie wet.
- Die eienaar van 'n Nasionale Varsproduktemarkte stel die voorsitter van 'n markadvieskomitee aan.
- Bepaal die verantwoordelikhede en bevoegdhede van eienaars van Nasionale Varsproduktemarkte. Die eienaar is verantwoordelik vir:
 - Die ordelike en doeltreffende bestuur en bedryf van sodanige varspanktemarkte
 - die ordelike verrigting en doeltreffende koördinering van dienste by sodanige varspanktemarkte
 - die hou van rekeninge van sy sake in verband met varspanktemarkte met 'n vasgestelde boekjaar
 - finansiële state moet jaarliks geouditeer en aan die KVPM voorgelê word.

4.3.2 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika verleen aan plaaslike owerhede die bevoegdheid om ordonansies met betrekking tot markte uit te vaardig. Die volgende ordonansies het betrekking:

- Transvaal: Ordonansie 17 van 1939, Artikel 14
- OVS: Ordonansie 8 van 1962, Artikel 139
- Natal: Ordonansie 25 van 1974, Artikel 258
- Kaapland: Ordonansie 20 van 1974, Artikel 186

Die ordonansies verleen aan plaaslike owerhede die bevoegdheid om openbare markte in te stel, te bestuur, onderhou en verbeter.

4.4 OWERHEIDSBELEID

NVPM'e is openbare instellings en word daarom deur regeringsbeleid rakende die openbare sektor se aandeel in die landse ekonomie beïnvloed. Twee dokumente, naamlik die *Witskrif oor Privatisering en Deregulering*, asook 'n toespraak deur die Staatspresident op 13 Maart 1990 te Klerksdorp, is ondersoek.

4.4.1 Witskrif oor privatisering en deregulering

Die bepalinge van die *Witskrif oor Privatisering en Deregulering* in die Republiek van Suid-Afrika, (ISBN 0 621 11072 8), word kortliks hieronder opgesom.

PRIVATISERING

Die regering se standpunt is dat privatisering nie 'n doel opsigself is nie, maar deel vorm van die strategie om ekonomiese groei te bewerkstellig deur die volgende:

- Effektiewe aanwending van produksiefaktore;
- optimale funksionering van markkragte; en
- die verhoging van die relatiewe vaste investering in die private sektor.

Dienooreenkomstig is bepaal dat alle aktiwiteite wat die openbare sektor onderneem en waarvoor daar vermoëns en kapasiteit in die private sektor bestaan of geskep kan word, verkieslik deur die private sektor uitgevoer moet word.

KRITERIA VIR PRIVATISERING

Die volgende kriteria moet oorweeg word by besluitneming oor die privatiseerbaarheid van aktiwiteite van die openbare sektor:

- Regeerfunksies is nie privatiseerbaar nie, alhoewel elemente daarvan privatiseerbaar mag wees.
- Die privatisering van 'n funksie moet nie 'n wesenlike risiko vir Staatsveiligheid of binnelandse orde meebring nie.
- Die staatkundige, maatskaplike of ekologiese doelwitte van 'n funksie moet nie deur die privatisering daarvan veryd word nie.
- Voldoende kapasiteit moet in die private sektor bestaan of geskep kan word om mededinging te bewerkstellig.
- Die voortsetting van 'n geprivatiseerde funksie moet sover moontlik teen 'n billike prys oor die langtermyn geskied.
- Die private sektor moet belangstelling toon.

4.4.2 Owerheidsbeleid ten opsigte van die openbare sektor se betrokkenheid in die landbousektor

Die toespraak van die Staatspresident by die Nampo-kongres op 13 Maart 1990 te Klerksdorp¹, bied verdere omgewingsriglyne wat vir hierdie studie oorweging verdien:

- Die Suid-Afrikaanse ekonomie was in die verlede onderworpe aan 'n wisselende mate van beheer. Hierdie owerheidsbetrokkenheid was moontlik en ook nodig in 'n minder ontwikkelde ekonomie. Voortgesette toepassing van beheer strem ekonomiese vooruitgang. As gevolg hiervan gaan die Regering oor verskeie vorme van beheer oor die ekonomie besin.
- Die Regering het homself verbind tot geregverdigde verminderde inmenging in die ekonomie. Die redes hiervoor is:
 - Beheerstelsels verdof markprysseine en lei daarom tot oneffektiwiteit.
 - Beskerming lei tot die ontstaan van ondernemings wat daarsonder dalk nie winsgewend sal kan funksioneer nie.
 - Regeringsaksies, wat vir spesiale redes onderneem word, moet nie doelloos voortgesit word nadat die behoefte daarvoor verdwyn het nie.
 - Regeringsbetrokkenheid lei dikwels tot die vorming van monopolieë met die gepaardgaande nadele.
 - Die ekonomie kan nie die huidige grootte van die openbare sektor ondersteun nie.
- Weens die voordeel wat deregulering inhou, beoog die Regering om klem op die aktiewe implementering van sy dereguleringsbeleid in die toekoms te plaas. Die beleid sluit privatisering, as 'n onontbeerlike element, in en is op verbeterde prestasie van die ekonomie gemik.
- Dit is belangrik dat kennis geneem sal word van aanpassings in Regeringsbeleid en dat landboubeleid binne die raamwerk daarvan sal ontwikkel.
- Die Regering streef na 'n kleiner owerheidsrol in die ekonomie, na groter markgerigtheid en die bevordering van mededinging.
- Die wisselvalligheid van die klimaat en gevolglike hoë risiko in boerdery, die relatief onelastiese vraag en aanbod ten opsigte van landbouprodukte, die seisoenale aard van produksie en die bederfbaarheid van die meeste landbouprodukte, verteenwoordig egter goeie redes waarom 'n mate van beheer in die landbou geregverdig is.

¹ Suid-Afrika (Republiek), Kantoer van die Staatspresident. 1990. Toespraak deur die Staatspresident by die Nampo-kongres te Klerksdorp op 13 Maart 1990. Kaapstad (p. 1-21).

- ▣ Die welvaart van die landbou is die primêre verantwoordelikheid van die Minister van Landbou. Hy het ook 'n belangrike verantwoordelikheid teenoor die res van die gemeenskap en moet verseker dat die openbare belang ten alle tye gedien word.

4.4.3 Opsomming

Die twee dokumente wat bespreek is, naamlik die Witskrif en die toespraak van die Staatspresident, gee duidelike riglyne waarvolgens die toekomstige eienaarskap van NVPM'e beoordeel kan word. Die riglyne kan in twee hoofpunte opgesom word, naamlik:

- ▣ Die Regering sal in die toekoms klem op die aktiewe implementering van sy dereguleringsbeleid plaas, en
- ▣ die regering streef na 'n kleiner owerheidsrol in die ekonomie.

Hieruit word afgelei dat toekomstige eienaarskap van NVPM'e aan die kriteria vir privatisering, soos bespreek in afdeling 4.4.1, moet voldoen.

4.5 PRIVATISERINGSINISIATIEWE VAN DIE DEPARTEMENT VAN LANDBOU

Twee privatiseringsinisiatiewe van die Departement van Landbou, naamlik die ondersoeke na die privatisering van die Suid-Afrikaanse Abattoir-korporasie asook die Wet op Agentskapsverkoop van Landbouprodukte, is ondersoek.

4.5.1 Suid-Afrikaanse Abattoirkorporasie

Die Suid-Afrikaanse Abattoirkorporasie is op 1 Februarie 1977 kragtens wetgewing ingestel. Die doel van die Abattoirkorporasie, ooreenkomstig 'n beleid deur die Minister van Landbou bepaal, is om:

- ▣ Abattoirs in die algemene belang op te rig, te huur, te koop of andersins te verkry.
- ▣ Sodanige abattoirs op 'n nutsgrondslag en 'n wyse wat ekonomies, ordelik en doeltreffend is, te bestuur en te bedryf.
- ▣ In die algemeen hulp en bystand wat die Minister van hom verlang, te verleen.

Die Abattoirkorporasie, wat agt abattoirs besit en twee huur, bedryf genoemde abattoirs alleenlik in beheerde gebiede. Die korporasie word bedryf binne die Vleisskema wat onder meer die toevoer van vleis na beheerde gebiede reël.

In 1987 het die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking die Abattoirkorporasie genader oor 'n moontlike vermindering van die Staat se aandeel in die Korporasie. Gedurende Februarie 1988 onderneem die

Abattoirkorporasie 'n interne ondersoek na privatisering en lê sy aanbevelings gedurende Oktober 1988 aan die Minister van Landbou voor. Op besluit van die Kabinet is 'n paneel kundiges saamgestel om die Korporasie se voorstelle te beoordeel. Die Abattoirkorporasie het ook aanbeveel dat die privatiseringsverslag aan die Vleisraad, wat die Vleisskema administreer, voorgelê word.

Ná die voorlegging van die privatiseringsvoorstelle aan die Kabinet, versoek die Minister van Landbou dat die deregulering van die Vleisskema eers ondersoek moet word. Die uitslag van hierdie ondersoek word teen die einde van Mei 1990 verwag. Die privatisering van die Abattoirkorporasie word teruggehou totdat die bevindinge van die dereguleringsondersoek bekend is.

4.5.2 Wet op Agentskapsverkoop van Landbouprodukte Nr. 12 van 1975

Hierdie wet het ten doel die reëling van die verkoop van landbouprodukte en sekere lewende hawe deur bemiddeling van kommissie-agente, lewende hawe-afslaers en statutêre agente; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Die herstrukturering van hierdie wet word tans ondersoek na aanleiding van die volgende:

- Persone soos prokureurs, eiendomsagente en dokters het reeds deur middel van wetgewing gesag verkry om self doeltreffende beheer oor die aktiwiteite van persone in hulle onderskeie beroepe uit te oefen. Hierdie wetgewing maak in die reël voorsiening vir die instelling van 'n professionele raad. So 'n raad se bevoegdheste stem grootliks ooreen met die bevoegdheste wat die Departement van Landbou tans oor kommissie-agente uitoefen. Die rade funksioneer egter as outonome liggame en tree selfstandig op binne die bevoegdheste deur die toepaslike wet aan hul verleen. Die enigste owerheidsbetrokkenheid is die Minister se bevoegdheid om regulasies en ander statutêre voorskrifte te maak wat deur persone in daardie beroep nagekom moet word.
- Die wet verleen hom by uitstek tot privatisering. Dit is in ooreenstemming met verklaarde regeringsbeleid om owerheidsfunksies, waar enigsins moontlik, te privatiseer. Die privatisering van die wet kan verder ook lei tot besparing van owerheidsuitgawes.
- Die privatisering van die wet skep die moontlikheid van doeltreffender beheer deur die bedryf self, aangesien alle partye, produsente ingesluit, op die voorgestelde professionele raad verteenwoordig kan wees.

4.5.3 Opsomming

Uit die bostaande is dit duidelik dat die Departement van Landbou konkrete bewys lewer van hul uitvoering van regeringsbeleid om, waar enigsins

moontlik, owerheidsfunksies te dereguleer, kommersialiseer en/of privatiseer. Toekomstige eienaarskap van NVPM'e sal dus aan hierdie regeringsbeleid moet voldoen.

4.6 SAMEVATTING

'n Toename in die mark vir varsprodukte word verwag weens 'n bevolkingsaanwas van 1,9% per jaar. Hierdie feit bied aan eienaars van NVPM'e 'n potensiële bron van inkomsteverhoging.

Die beheer, oprigting, gebruik, bestuur en bedryf van NVPM'e word gereël deur die *Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarkte, Wet No 82 van 1970*. Hierdie wet bepaal onder meer dat die tariewe, (markgelde), betaalbaar aan die eienaars van NVPM'e op versoek van die eenaar van 'n NVPM, na oorlegpleging met die KVPM, deur die Minister van Landbou vasgestel kan word.

Die Regering het aangedui dat privatiserings- en dereguleringsaksies verskerp gaan word. In die verband moet die toekomstige eienaarskap van NVPM'e, as die enigste skakel in die voorsieningsketting van varsprodukte wat nie in privaatbesit is nie, aan die kriteria vir privatisering soos gestel in die Witskrif oor Privatisering en Deregulering gemeet word.

Evaluering van huidige eienaarskap

5.1 INLEIDING

In die hoofstuk word die perspektiewe van belangegroep, wat tans aktief in die varsproduktebedryf staan, oor die eienaarskap van NVPM'e gegee. Die volgende aspekte is per belangegroep aangespreek:

- Kritiese evaluering van die huidige eienaarskap en
- verwagtinge ten opsigte van alternatiewe eienaarskap van NVPM'e.

Die insette van die volgende belangegroep word in die verband gegee: produsente, bemarkingsrade/beurse, handel, susterwinkels, markagente, vervoerinstansies en markbesture.

Vervolgens word die insette van groepe wat nie aktief in die varsproduktebedryf staan nie, maar wat 'n gevestigde belang by alternatiewe eienaarskap van NVPM'e het, gegee. Die volgende instansies het insette gelever: sentrale en provinsiale owerhede, Verenigde Munisipale Bestuur en streeksdiens-terade.

Resultate wat tydens groepsbesprekings verkry is, word as 'n groeps-insidensie hieronder gereflekteer.

5.2 PRODUSENTE-ORGANISASIES

5.2.1 Metode van ondersoek

Deur middel van groepsbesprekings met komitees van landbou-organisasies is insette van produsente verkry. Die volgende komitees/organisasies is betrek:

- Vrystaatse Landbou-unie se Groentekomitee met verteenwoordiging van vrugtekwekers;
- Noord-Kaap Landbou-unie se Groentekomitee, met verteenwoordiging van vrugtekwekers;

- ❑ Wes-Kaapse Landbou-unie se Groentekomitee;
- ❑ Wes-Kaapse Appelkoos-, perske-, nektarien- en tafeldruifprodusentekomitee;
- ❑ Suid-Afrikaanse Appel- en Peerprodusentevereniging;
- ❑ Natalse Varsprodukte Kwekersvereniging met verteenwoordigers van sitrus- en aartappelprodusente;
- ❑ Oos-Kaapse Groente- en Tamatiekcommittee;
- ❑ Transvaalse Sagtevrugteprodusentevereniging;
- ❑ Transvaalse Varsbemarkingskomitee; en
- ❑ Nasionale Aartappel Bedryfsorganisasie.

5.2.2 Ontleding van bevindinge

Ter aanvang word 'n evaluering van NVPM-eienaarskap, soos gedoen deur produsente, gegee. Daarna word die verwagtinge van produsente ten opsigte van alternatiewe eienaarskap gegee.

Die voordele en nadele van stadsrade as eienaars van NVPM'e, is soos volg deur respondente gegee. Die bevindinge word in tabel 5.1 opgesom.

TABEL 5.1
Evaluering van stadsrade as NVPM-eienaars deur produsente

Stelling	Frekwensie (persent)
Voordele	
❑ 'n Uitgebreide infrastruktuur vir varsbemarking is deur stadsrade geskep.	70
❑ Stadsrade is nie 'n deelnemer in die varsbemarkingsketting nie en dit verseker dat die eienaar onderskeidelik:	
– onpartydig is teenoor deelnemers, en	40
– besluite nie op 'n winsmotief berus nie.	20
❑ Stadsrade beskik oor die kundigheid om die infrastruktuur, naamlik geboue en toerusting, te onderhou.	20
❑ Stadsrade beskik oor die kapitaalvermoë om verdere infrastruktuur by markte te skep.	10
❑ Die diensmotief en kapitaalvermoë van stadsrade verskaf sekerheid vir die voortsetting van die markdiens.	10

Stelling	Frekwensie (persent)
Nadele	
■ Oop finansiële rekeninge by sekere NVPM'e is onaanvaarbaar.	50
■ Produsente het geen seggenskap oor die aanwending of daarstelling van infrastruktuur nie.	40
■ Die tydskedule van die besluitneming- en goedkeuringsproses deur stadsrade is lank.	40
■ Markregulasies, soos deur markeienaars neergelê, het 'n beperkende invloed op die bemarking van varsprodukte.	40
■ Kundigheid ten opsigte van die bemarking van varsprodukte ontbreek by stadsrade.	40
■ Die winsmotief/private ondernemingsgees ontbreek by stadsrade.	30
■ Direkte skakeling tussen produsent en eienaar ontbreek.	20
■ Markeienaars is nie by daaglikse handeling op NVPM'e betrokke nie.	20
■ Produsente is nie deel van die eienaarskap van NVPM'e nie. Hly doel dus nie in enige kapitaalgroei/-wins nie.	20
■ Onsekerheid bestaan oor die voortbestaan van die huidige eienaarskap uit hoofde van die moontlike oordrag van NVPM'e aan streeksdiensterade asook 'n veranderde toekomstige staatkundige bedeling.	20
■ Stadsraadsbesluite ten opsigte van NVPM'e kan deur politieke oorwegings beïnvloed word.	10
■ Uniformiteit ten opsigte van eienaarsbeheer ontbreek.	10

Uit 'n ontleding van tabel 5.1 word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- Produsente beskou die vestiging van 'n NVPM-infrastruktuur deur stadsrade as die belangrikste voordeel van die huidige eienaarskap. Respondente noem ook die instandhouding en uitbreiding van infrastruktuur deur stadsrade, as verdere voordele.
- Die onpartydigheid van NVPM-eienaars is die tweede belangrikste voordeel vir respondente. Hieruit word die afleiding gemaak dat die onpartydigheid billike behandeling aan afgeloë produsente versoker.
- Oop finansiële rekeninge, waardeur kruissubsidiëring tussen NVPM'e en munisipale belastingrekenings plaasvind, is vir respondente die belangrikste nadeel van stadsrade as NVPM-eienaars.

- Die produsente het ook genoem dat kundigheid ten opsigte van die bemarking van varsprodukte by stadsrade ontbreek. Verder het hulle die uitgerekte besluitnemingsproses van stadsrade as 'n nadeel aangedui.
- Respondente is ook van mening dat markregulasies, soos deur mark-eienaars neegelê, 'n beperkende invloed op die bemarking van vars-produkte het.

5.2.3 Verwagtinge ten opsigte van alternatiewe eienaarskap en bestuur

Die volgende verwagtinge is deur produsent-respondente oor alternatiewe eienaarskap van NVPM'e gestel:

TABEL 5.2
Verwagtinge van produsent-respondente oor alternatiewe eienaarskap van NVPM'e

Stelling	Frekwensie (persent)
■ Doelname in die eienaarskap van NVPM'e deur ander belangegroepes uit die varsproduktebedryf, is aanvaarbaar.	70
■ Besit en bestuur van markte kan in beginsel geskei word.	60
■ Die unieke karakter en identiteit van elke NVPM moet behou word.	30
■ Die inspraak deur produsente in markeienaarskap moet uitgebrei word.	20
■ Alternatiewe eienaarskap moet lei tot die verlaging en/of hoogstens die handhawing van die huidige koste aan die produsent om die NVPM as verkoopskanaal te gebruik.	20
■ Die NVPM eienaar is geregtig op die verhaling van alle koste en 'n aanvaarbare winsmarge. Winsbejag per sé is nie aanvaarbaar nie.	10
■ Die eienaar moet onpartydig wees teenoor die belange van alle belangegroepes.	10
■ Een belangegroep, as enkele eienaar van NVPM'e, tensy dit die produsente self is, is onaanvaarbaar.	10

Die belangrikste gevolgtrekking wat uit tabel 5.2 gemaak word, is dat die skeiding van eiendomsreg en bestuur van markte, asook deelname in die eienaarskap van NVPM'e deur belangegroepes uit die varsproduktebedryf, vir die moederheid produsent-respondente aanvaarbaar is.

5.3 PRODUSENTE BETROKKE BY DIREKTE BEMARKING

LHA het aanvullend tot die werksomvang soos in die LHA-projekvoorstel omskryf, insette oor die eienaarskap van NVPM'e verkry van produsente wat

2008/05/27 08:42 AM Page 58

by die direkte bemarking van hul varsprodukte aktief betrokke is. Die insette word vervolgens bespreek.

5.3.1 Metode van ondersoek

Persoonlike en telefoniese onderhoude is gevoer met tien produsente wat by direkte bemarking betrokke is. Die produsente is:

- Mnr. B Amm, Alpha Landgoed, Ladybrand;
- Mnr. J Heyns, HR Boerdery, Kempton Park;
- Mnr. Glazer, Dew Crisp Growers, Honeydew;
- Mnr. K van Staaden, Britz;
- Mnr. A Oshry, Oshry Boerdery, Port Elizabeth;
- Mnr. J L B du Toit, du Toit Boerdery, Ceres;
- Mnr. D v Rensburg, Kakamas;
- Mnr. Swanepoel, DSU Cilliers en Seuns, Douglas;
- Mnr. C P van der Merwe, Donkerbos Boerdery, Kouebokkeveld; en
- Mnr. K du Plessis, Môrester Boerdery, Kouebokkeveld.

By 50% van hierdie respondente verteenwoordig direkte verkope meer as 65% van hulle totale verkope van varsprodukte. By 30% van respondente verteenwoordig direkte verkope tussen 30 en 40% van totale verkope en by 20% van respondente verteenwoordig direkte verkope 20% van totale verkope.

5.3.2 Ontleding van bevindinge

Tabel 5.3 bevat respondente se redes vir direkte bemarking.

TABEL 5.3
Produsente se redes vir direkte bemarking

Stelling	Frekwensie (persent)
■ 'n Hoër inkomste vir die produsent deur die bedinging van 'n hoër prys en die vermyding van markgelde en agentekommissie.	70
■ 'n Vertrouensverhouding word tussen aankoper en produsent opgebou waar beide partye na wedersydse belange omsien.	30
■ Pryse word self tussen die produsent en aankoper beding. Die produsent verlaat hom dus nie op die tussenkoms van 'n derde persoon om hierdie funksie te vervul nie.	20
■ Markte beskik oor onvoldoende fasiliteite om die koelketting deurentyd te handhaaf.	10

Uit tabel 5.3 is dit duidelik dat finansiële oorwegings die belangrikste rede is vir produsente wat direk bemark. Verder het 80% van die respondente aangedui dat die eienaarskap van NVPM'e geen rol by die keuse van 'n

bemarkingskanaal speel nie. Dit is dus duidelik dat hierdie produsente 'n bemarkingskeuse uitoefen, gebaseer op finansiële oorwegings. Die eienaarskap van NVPM'e het weinig of geen invloed op hierdie bemarkingskeuse nie.

5.4 BEMARKINGSRADE/BEURSE

5.4.1 Inleiding

Die insette van bemarkingsrade en -beurse is verkry deur middel van persoonlike onderhoude, groepsbesprekings en skriftelike insette. Die volgende organisasies is betrek:

- Aartappelraad
- Sitrusbeurs
- Piesangraad
- Unifruco.

5.4.2 Ontleding van bevindinge

Ter aanvang word 'n kritiese evaluering van NVPM-eienaarskap, soos gedoen deur bemarkingsrade, gegee. Daarna word hul verwagtinge ten opsigte van alternatiewe eienaarskap gegee.

Die voordele en nadele van stadsrade as die eienaars van NVPM'e is soos volg deur respondente gegee. Die bevindinge word in tabel 5.4 opgesom.

TABEL 5.4	
Evaluering deur bemarkingsrade/beurse van stadsrade as NVPM-eienaars	
Stelling	Frekwensie (persent)
Voordele	
■ Stadsrade is 'n neutrale eenaar.	50
■ Stadsrade het 'n NVPM-infrastruktuur teen 'n lae of geen rendement geskep.	25
■ Huidige eienaars het voldoende begrip vir produsente se saak.	25
Nadele	
■ Die koste van die produsent om NVPM'e te gebruik is hoog.	50
■ Stadige besluitneming deur eienaars.	25
■ Markregulasies, neergelê deur eienaars, is beperkend.	25
■ Die huidige eienaars het 'n swak beeld.	25
■ Die huidige eienaars is nie altyd effektief nie.	25
■ Stadsrade is nie wins-georiënteerd nie.	25
■ Stadsrade beplan nie altyd vooruit nie.	25

Uit die perspektief van die bemarkingsrade/beurse is die belangrikste voordeel van stadsrade, as NVPM-eienaars, hul neutraliteit ten opsigte van alle deelnemende groepe. Verder beskou bemarkingsrade/beurse die gebruikskoste van 'n mark vir die produsent, naamlik die markgelde en agentekommissie, as relatief hoog.

Die verwagtinge van bemarkingsrade/beurse oor alternatiewe eienaarskap en bestuur van NVPM'e word in tabel 5.5 opgesom.

TABEL 5.5

Verwagtinge van bemarkingsrade/beurse oor alternatiewe eienaarskap en bestuur van NVPM'e

Stelling	Frekwensie (persent)
Eienaarskap	
■ Indien die behoeftes van die vars bemarkingsbedryf ten opsigte van 'n markplek bevredig word, is die werklike markeienaars, en daarom ook markbestuur, onbelangrik.	50
■ Onpartydige eienaarskap moet behou word.	50
■ NVPM'e moet op 'n ekonomies lewensvatbare basis bedryf word.	50
■ Eienaarskap en bestuur kan geskei word.	50
■ Geslote finansiële rekeninge, onder huidige eienaarskap, word vereis.	25
Bestuur	
■ Insprake van alle belangegroepes in die bestuur van markte moet verkry word ten einde te verseker dat doelwitte gesamentlik nagestreef word.	50
■ Optimale benutting van alle bates moet nagestreef word.	25
■ Die onbelemmerde werking van die vryemarkmeganisme moet verseker word; bevoordeling en ringvorming moet vermy word.	25

Dit is belangrik om daarop te let dat respondente glo dat die werklike markeienaars en -bestuur onbelangrik is solank die behoeftes van die varsproduktebedryf deur NVPM'e bevredig word. Respondente noem verder dat eienaarskap onpartydig moet wees en dat markte op 'n ekonomies lewensvatbare basis bedryf moet word.

5.5 HANDEL

5.5.1 Inleiding

Die insette van handelaars wat aktief betrokke is in die varsproduktebedryf is verkry deur middel van persoonlike onderhoude. Die respondente is gekies

op grond van hulle hoë profiel binne die varsproduktebedryf, uitgebreide infrastruktuur vir die bemarking van varsprodukte asook hul betrokkenheid by die direkte aankoop van varsprodukte. Die volgende onderhoude is gevoer:

- J Pedra, Rebel Farmers Group, (011) 613 2829;
- R Maharaj, P L Maharaj and Sons, (031) 48 3308;
- Pretorius, Sunripe Fruit, (011) 827 3500;
- D Kieviet, Freshmark, (011) 613 6862;
- M Nortje, Sanrio, (011) 613 3665;
- J Texera, Welkom Mini Market, (0171) 21710; en
- E Coleske, Fruit Basket, (041) 61 1325.

Een respondent het onttrek nadat die doel van die LHA-studie aan hom verduidelik is. Die insette van die oorblywende ses respondente word vervolgens verder bespreek.

5.5.2 Ontleding van bevindinge

Ter aanvang word 'n kritiese evaluering van NVPM-eienaarskap gegee, daarna hul verwagtinge oor alternatiewe eienaarskap.

TABEL 5.6
Evaluering van stadsrade as NVPM-eienaars deur die handel

Stelling	Frekwensie (persent)
Voordele	
■ Bestaande fasiliteite is geskep met fondse uit die openbare sektor.	17
■ Stadsrade is kapitaalkragtig en dit verseker die voortbestaan van NVPM'e.	17
Nadele	
■ Markregulasies soos neergelê deur stadsrade, het 'n beperkende invloed.	100.
■ NVPM'e word nie op 'n besigheidsgrondslag bedryf nie.	50
■ Die wyse waarop NVPM'e bedryf word, lei tot lae arbeidsproduktiwiteit by hierdie fasiliteite.	33
■ Lang besluitnemingsproses.	17
■ Kundigheid oor die bemarking van varsprodukte ontbreek by eienaars.	17
■ Gesubsidieerde basis vir die oprigting van fasiliteite skep 'n onregverdigde voordeel in die mededinging met die handel.	17

Uit die onderhoude is dit opvallend dat die huidige eienaarskap van NVPM'e min voordele vir die respondente inhou. Die rede kan veral gevind word in die feit dat respondente voel dat die markregulasies, soos neergelê deur die stadsrade, 'n beperkende invloed op die varsproduktebedryf het. In die verband het respondente verwys na voorwaardes wat NVPM-eienaars stel vir die toelating van bedryfsvoering deur ondersteuningsaktiwiteit op die markterrein, naamlik:

- ~~Aankope~~ van varsprodukte moet op die mark geskied en
- waar direkte aankope van varsprodukte plaasvind, moet 5% markgelde op sodanige aankope aan die markeienaar betaal word.

Die verwagtinge van respondente oor alternatiewe eienaarskap en bestuur van NVPM'e word in tabel 5.7 opgesom.

TABEL 5.7
Verwagtinge van handel oor alternatiewe eienaarskap en bestuur van NVPM'e

Stelling	Frekwensie (persent)
Eienaarskap	
■ Die eienaarskap van NVPM'e moet uit die varsproduktebedryf saamgestel word.	50
■ Deregulering is 'n voorvereiste vir alternatiewe eienaarskap.	33
■ Die onpartydigheid van die markeienaar moet gehandhaaf word.	17
■ NVPM-eienaars is op 'n aanvaarbare rendement geregtig.	17
Bestuur	
■ Fasiliteite moet op 'n sakegrondslag bestuur word.	33
■ Ondersteuningsaktiwiteite moet op die markterrein aangemoedig word.	33
■ Die bestuur van NVPM'e kan saamgestel word uit belangegroepes uit die varsproduktebedryf.	17

5.6 SUSTERWINKELS

5.6.1 Inleiding

Die afdeling bespreek die insette van susterwinkels wat oor die eienaarskap van NVPM'e verkry is. Die volgende maatskappye is betrek:

- Grand Bazaars/Score, Mnr. D Watkins;
- Fontana Holdings, Mnr. Kalmanowitz;
- Woolworths, Mnr. B Frost;
- Hyperama, Mnr. M Moran;
- Pick 'n Pay, Mnr. M Baxter;
- OK Bazaars, Mnr. N Leibov;
- Checkers, Mnr. Swanepoel;
- Retail Management Group, Mnr. A Rossouw; en
- Fedics, Mnr. P Louw.

Insette is verkry deur persoonlike en telefoniese onderhoude en word vervolgens bespreek.

5.6.2 Ontleding van bevindinge

Tydens die LHA-onderzoek is gevind dat 90% van respondente hul aankope van varsprodukte doen deur aangestelde groothandelaars en/of direkte aankope vanaf produsente. Geen of baie min aankope word op NVPM'e gedoen. Die respondente noem verder dat die huidige en toekomstige eienaarskap van NVPM'e vir hulle, weens hulle aankooppatroon, onbelangrik is.

Die oorblywende 10% van respondente het aangedui dat hulle varsprodukte aankoop vanaf produsente, groothandelaars en NVPM'e. Hulle noem verder dat alhoewel hulle op NVPM'e aankoop, die eienaarskap daarvan vir hul onbelangrik is.

5.7 MARKAGENTE

5.7.1 Inleiding

Die insette van markagente is verkry deur middel van 'n groeibespreking wat by elk van die vyftien NVPM'e gehou is.

5.7.2 Ontleding van bevindinge

Ter aanvang word 'n kritiese evaluering van NVPM-eienaarskap, soos gedoen deur markagente, asook hul verwagtinge oor alternatiewe eienaarskap, gegee.

Die voordele en nadele wat markagente sien in stadsrade as NVPM-eienaars word in tabel 5.8 opgesom.

TABEL 5.8
Evaluering deur markagente van stadsrade as NVPM-eienaars

Stelling	Frekwensie (persent)
Voordele	
■ 'n Uitgebreide bemarkingsinfrastruktuur is reeds deur NVPM-eienaars gevestig.	40
■ Stadsrade is kapitaalkragtig en dit verseker die voortbestaan van markte.	32
■ Stadsrade het nie finansiële belang by deelnemers in die varsproduktebedryf nie. Eersgenoemde kan daarom neutrale besluite neem.	33
■ Fasiliteite is deur stadsrade gevestig ten spyte van lae of geen rendement wat die eenaar ontvang.	13
■ Finansiële verliese ten opsigte van die markte word deur die eienaars gedra.	7
■ Geen of min kapitale uitgawes word van die markagent onder die huidige eienaarskap vereis.	7
Nadele	
■ Stadsrade se markverordeninge het op die verdienvermoë van markagente 'n beperkende invloed.	60
■ Die lang goedkeurings-/besluitnemingsproses van stadsrade.	47
■ Markagente het geen inspraak in die eienaarskap van markte nie.	40
■ Kundigheid oor die bemarking van varsprodukte ontbreek by stadsrade.	27
■ Die inisiatief van markbestuur word gedemp deur beperkte geleentheid vir bevordering en vasgestelde salarisskale.	13

Die belangrikste voordeel van die huidige NVPM-eienaarskap, volgens markagente, is die infrastruktuur wat stadsrade reeds gevestig het. Verder glo markagente dat stadsrade sal verseker dat hierdie markte, en dus ook markagente, sal bly voortbestaan. Markagente glo egter dat markverordeninge 'n beperkende invloed op hul verdienvermoë het. Die feit plaas hul kritiek dat hul geen inspraak in die eienaarskap van NVPM'e het nie, in perspektief. Die lang besluitnemings- en goedkeuringsprosedures van stadsrade word ook deur markagente as 'n belangrike nadeel van die huidige NVPM-eienaarskap gesien.

Die verwagtinge van markagente oor alternatiewe eienaarskap van NVPM'e word in tabel 5.9 gegee.

Stelling	Frekwensie (persent)
▣ Bestuur en eienaarskap van NVPM'e moet geskei word.	47
▣ Die kundigheid van markagente oor varsbemaking, kwalifiseer hulle as moontlike mede-eienaars.	20
▣ Onder alternatiewe eienaarskap moet die bemarkingskoste van die produsent nie verhoog word nie.	7
▣ Monopolieë moet onder alternatiewe eienaarskap verhoed word.	7

Net minder as die helfte van respondente glo dat bestuur en eienaarskap van NVPM'e geskei moet word. Spesifieke kommentaar van markagente oor alternatiewe eienaarskapmodelle word verder in hoofstuk 6 bespreek.

5.8 VERVOERINSTANSIES

Tydens die navorsing is gevind dat aktiwiteite van vervoerinstansies op koste-effektiewe dienslewering aan produsente, markagente en handelaars/kopers gemik is. Geen dienste word aan die eienaars of bestuur van NVPM'e gelewer nie. Respondente noem dat eienaarskap van NVPM'e daarom vir hulle ondernemings onbelangrik is.

5.9 MARKMEESTERS/-DIREKTEURE

5.9.1 Inleiding

Die insette van markmeesters of -direkteure van NVPM'e is deur persoonlike onderhoude verkry. Al vyftien NVPM'e is by hierdie ondersoek betrek. By Vereeniging-, Uitenhage- en Port Elizabeth-NVPM is onderhoude met die waarnemende markmeester of -direkteur gevoer.

5.9.2 Ontleding van bevindinge

Ter aanvang word 'n kritiese evaluering van NVPM-eienaarskap soos gedoen deur hierdie belangegroep, gegee, waarna hul verwagtinge oor alternatiewe eienaarskap volg.

Die voordele en nadele van stadsrade as die eienaars van NVPM'e is soos volg deur respondente gegee. Die bevindinge word in tabel 5.10 opgesom.

TABEL 5.10
Evaluering deur markmeesters/-direkteure van stadsrade as
NVPM-eienaars

Stelling	Frekwensie (persent)
Voordele	
■ Die huidige eienaar is onpartydig teenoor alle belangegroepe.	57
■ Kundige advies oor regs-, ingenieurs-, personeel-, argitek-, nywerheidsverhoudinge en tesouriedienste is beskikbaar by munisipaliteite.	27
■ Stadsrade het die inisiatief geneem in die oprigting van markte.	7
■ Stadsrade het geen winsmotief met die oprigting van markfasiliteite nie.	7
■ 'n Ordelike stelsel van finansiering en delegasie is by munisipaliteite teenwoordig.	7
■ Stadsrade bied uitgebreide diensvoordele aan werknemers.	7
Nadele	
■ Aansoeke om kapitale uitgawes vir die mark moet met ander munisipale aansoeke om beperkte fondse meeding.	33
■ Kruissubsidiëring bestaan tussen NVPM'e en munisipaliteite.	27
■ Kundigheid oor die bemaking van varsprodukte ontbreek by stadsrade.	27
■ Tydsame besluitnemingsproses.	27
■ NVPM'e, as dinamiese handelonderneming, is nie tuis in munisipale stelsels nie.	13
■ Daar bestaan geen verband tussen die vergoeding van markpersoneel en die grootte van NVPM'e nie.	13
■ Makro finansiële beheer deur sentrale owerheid beperk beskikbaarheid van fondse.	7

Die onpartydigheid van stadsrade as NVPM-eienaars is as die belangrikste voordeel genoem. Die vermoë om ondersteuningsdienste oor 'n wye gebied aan markte te lewer, word ook as 'n belangrike voordeel van die huidige eienaars gesien. Kritiek word veral teen die metode vir kapitaalgoedkeuring asook kruissubsidiëring tussen NVPM'e en stadsrade uitgespreek. In die

verband is daar veral verwys na NVPM'e wat bedryf word met oop finansiële rekeninge. Ander belangrike kritiek is die gebrek aan kundigheid by stadsrade, oor bemarking van varsprodukte asook hul tydsame besluitnemings- en goedkeuringsproses.

Die verwagtinge van markmeesters/-direkteure van alternatiewe eienaarskap van NVPM'e word in tabel 5.11 opgesom.

TABEL 5.11
Verwagtinge van markmeesters/-direkteure van alternatiewe eienaarskap en bestuur van NVPM'e

Stelling	Frekwensie (%)
■ 'n Liggaam verantwoordelik vir die strategiese bestuur van markte moet uit belangegroepes in die varsproduktebedryf saamgestel word.	60
■ Die eienaarskap en bestuur van markte kan geskei word.	60
■ Die kundigheid van markmeesters/-direkteure moet, by alternatiewe eienaarskap, tot voordeel van die varsproduktebedryf aangewend word.	13
■ Alternatiewe eienaarskapstrukture moet aan kleiner markte beskerming verleen.	7
■ Onderbenutting van markfasiliteite moet deur sentrale beheer verminder word.	7
■ Markte sal in die toekoms hul bestaan moet regverdig en sonder wetlike beskerming uitbou.	7

Uit tabel 5.11 is dit duidelik dat onder markmeesters/-direkteure steun bestaan vir die skeiding van markeienaarskap en -bestuur, asook die daarstelling van 'n liggaam uit die varsproduktebedryf wat vir die invoer van langtermyn doelwitte vir NVPM'e verantwoordelik is.

5.10 SENTRALE OWERHEID

Die volgende standpunte is van die Departement van Beplanning en Provinsiale Sake oor die eienaarskap van NVPM'e ontvang:

- Die funksies verbonde aan die vyftien NVPM'e is by uitstek geskik vir privatisering.
- Omstandighede verskil van plek tot plek en die besluit om funksies te privatiseer berus by plaaslike owerhede. Die metode van privatisering word ook aan die plaaslike owerheid oorgelaat.

- Indien 'n plaaslike owerheid die funksie nie wil privatiseer nie, is dit in elk geval 'n streeksfunksie wat eerder deur die streeksdiensterade uitgevoer moet word.
- Moontlike monopolistiese toestande wat kan volg op die privatisering van NVPM'e kan deur die Raad op Mededinging voorkom word.

5.11 PROVINSIALE OWERHEDE

Insette oor die studie is van elk van die vier provinsiale owerhede aangevra. Tot datum is slegs reaksie van die Provinsiale Administrasie Oranje-Vrystaat, die Natalse Provinsiale Administrasie, en die Kaapse Provinsiale Administrasie ontvang. Hierdie reaksies word kortliks opgesom.

In 'n brief aan LHA, noem die Provinsiale Administrasie Oranje-Vrystaat die volgende: "Geen bykomende insette kan gelewer word nie en daar word volstaan met die kommentaar deur plaaslike owerhede in die OVS aan u (LHA) verstrek".

In reaksie op LHA se versoek, rig die Natalse Provinsiale Administrasie 'n brief aan LHA waarin soos volg oor alternatiewe eienaarskap van NVPM'e gereageer word: "Hierdie Administrasie ondersteun die gedagte dat sodanige nasionale varsproduktemarkte op een of ander tyd geprivatiseer word indien die betrokke plaaslike owerheid dit sou verlang. Op welke manier dit moet geskied is egter, in Natal, 'n saak vir besluit deur die plaaslike owerheid self . . . "; en " . . . dat die Administrasie nie in staat is om voorwaardes voor te skryf nie of om plaaslike owerhede te probeer beïnvloed nie".

Die reaksie van die Kaapse Provinsiale Administrasie kan soos volg opgesom word: "Aangesien die provinsie so 'n geringe direkte betrokkenheid by die markte het en 'n hipotetiese stelling (oor alternatiewe eienaarskap) ter sprake is, is dit moeilik om 'n beleidstandpunt te formuleer oor die eienaarskap (van NVPM'e)."

5.12 STREEKSDIENSTERADE

5.12.1 Inleiding

In Bylae 2 van die *Wet op Streeksdiensterade, No 109 van 1985*, is varsproduktemarkte geïdentifiseer as 'n funksie wat deur die Provinsiale Administrateur as 'n streeksfunksie verklaar en aan streeksdiensterade opgedra kan word. Die invloed hiervan op alternatiewe eienaarskap vir NVPM'e is ondersoek en word vervolgens bespreek.

Insette in die verband is van die volgende respondente verkry:

- P J Loubser, President van die Streeksdiensteraadvereniging van Suid-Afrika en Voorsitter van die Wes-Kaap SDR;
- D F van Tonder, Voorsitter van Bloem-area SDR;
- D J Mathee, Hoof Uitvoerende Beampte, Algoa-SDR; en

- ▣ C A de Bruyn, Voorsitter van die Transvaalse Vereniging van SDR'e asook voorsitter van Wes-Rand SDR.

5.12.2 Rol van Streeksdiensterade

Streeksdiensterade (SDR) het 'n drieledige funksie:

- ▣ Gesamentelike besluitneming deur alle gemeenskappe in 'n streek oor algemene munisipale sake wat die gehalte van hulle daaglikse lewens raak, byvoorbeeld elektrisiteit, water, riool, strate en paaie, en so meer.
- ▣ Doeltreffender dienslewering deur:
 - Kostedoeltreffendheid by wyse van grootmaatverskaffing.
 - Die optimale benutting van skaars hulpbronne.
 - Die rasionalisering van dienste en instellings vir dienslewering.
- ▣ Die opheffing van geriewe en infrastruktuur in die arm/minder ontwikkelde gemeenskappe in die streek.

Die Provinsiale Administrateur, na oorlegpleging met alle betrokke gemeenskappe kan, vir oordrag aan die SDR, sekere funksies uitwys. Die volgende maatstawwe geld:

- ▣ Funksies moet van algemene aard wees wat die belang van alle gemeenskappe in die streek raak.
- ▣ 'Eie sake', wat uitsluitend by een bepaalde gemeenskap tuishoort, word nie oorgedra nie.

Fondse vir SDR'e kom veral uit vier bronne:

- ▣ Inkomste uit die verkoop van grootmaatdienste.
- ▣ 'n Streeksdiensteheffing op alle lone en salarisse wat deur werkgewers in 'n streek betaal word.
- ▣ 'n Streeksvestigingsheffing op die omset van alle ondernemings in 'n streek.
- ▣ Fondse wat op die kapitaalmark geleen mag word.

Die Wet op Streeksdiensterade bepaal dat die toedeling van ontwikkelingsfondse deur SDR'e voorkeur moet verleen aan gebiede waar die agterstand in munisipale infrastruktuur en -dienste die grootste is.

5.12.3 Streeksdiensterade en NVPM'e

Weens die eiesoortigheid van elke SDR, is daar geen nasionale beleid of strategie met betrekking tot die oordra van NVPM'e aan SDR'e nie. Weens die outonomie van elke SDR, bepaal deelnemers van SDR'e self hulle eie behoeftes.

Al die respondente het aangedui dat weens beperkte fondse, asook die agterstand in munisipale infrastruktuur en dienste by doolnomondo SDR gemeenskappe, geniet varsproduktemarkte tans 'n relatief lae prioriteit op die behoeftebevredigende aksies van SDR'e.

Verder het al vier respondente ook aangedui dat hulle die deregulerings- en privatiseringsaksies van die Sentrale Regering ondersteun. Indien daar meriete in die privatisering van NVPM'e bestaan, moet dit aan die volgende kriteria voldoen:

- Die voortbestaan van varsproduktemarkte moet verseker word.
- 'n Koste-effektiewe diens moet gelewer word.
- Dit moet in die gemeenskapsbelang wees.

5.13 VERENIGDE MUNISIPALE BESTUUR

5.13.1 Inleiding

Die President van die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika (VMB) het die volgende insette oor alternatiewe eienaarskap van NVPM'o gelower.

5.13.2 Rol van plaaslike owerhede

Die tradisionele rol van plaaslike owerhede is "Die voorsiening van dienste aan belastingbetalers teen die goedkoopste tarief". Die dienste omvat noodsaaklike dienste, byvoorbeeld elektrisiteit, water en paaië, ander dienste byvoorbeeld museums, parke en ontspanningsgeriewe, maar sluit welyndienste soos pensioene, polisie en onderwys uit.

Die dienslewering deur plaaslike besture is 'n afgeleide vorm van bestuur: Sentrale Owerheid magtig plaaslike besture deur wetgewing om sekere dienste te verrig. Die hou van NVPM'e is sodanige voorbeeld. Hierdie beginsel word streng deur die Sentrale Owerheid toegepas.

5.13.3 Toekomstige betrokkenheid van plaaslike owerheid by NVPM'o

Die volgende algemene riglyne is oor die toekomstige betrokkenheid van plaaslike owerhede by NVPM'e verkry:

- Die huidige groeipindelings en graderingsmetode, soos bepaal deur die *Wet op die Besoldiging van Stadsklerke*, waarvolgens die besoldigingsstruktuur van werknemers van 'n plaaslike owerheid bepaal word, verskaf geen aansporing vir 'n plaaslike owerheid om bestaande funksies te vervreem nie. Byvoorbeeld: sou 'n NVPM deur 'n plaaslike owerheid vervreem word, is dit in beginsel moontlik dat die inkomstekomponent van die graderingsformule sodanig verminder dat die huidige groeipindelings en daarom ook die vergoedingsstruktuur vir daardie munisipaliteit kan verlaag.

- ❑ Dit word voorsien dat stroeksfunksies wel deur SDR'e oorgeneem sal word. Hierdeur word die funksies waaroor plaaslike owerhede regeer dan verminder met gevolge soos hierbo genoem.
- ❑ Plaaslike owerhede wil beheer behou oor funksies waarvoor hulle wetlik aanspreeklik is, byvoorbeeld riolering.
- ❑ Weens makro finansiële beheer deur die Sentrale Owerheid asook 'n goldtokort by alle plaaslike owerhede, kan alle dienstebehoefte nie bevredig word nie.
- ❑ Elke plaaslike owerheid is outonoom met betrekking tot die besluit om die NVPM in sy gebied te vervreem of nie. Die respondent glo egter dat NVPM'o nie 'n regeerfunksie van plaaslike owerhede is nie.

5.13.4 Riglyne vir alternatiewe eienaarskap van NVPM'e

Die volgende riglyne is oor alternatiewe eienaarskap van NVPM'e gegee:

- ❑ Een eienaarskapmodel vir al vyftien NVPM'e is onprakties.
- ❑ Die finansiële voortbestaan van NVPM'e onder alternatiewe eienaarskap moet gewaarborg wees.
- ❑ Deur alternatiewe eienaarskap moet gestreef word na 'n verlaging in koste en verhoogde dienslewering aan die belastingbetaler.
- ❑ Die oordragprys by die verandering in eienaarskap van markte is 'n outonome plaaslike besluit. Die plaaslike owerheid kan, tot voordeel van sy belastingbetalers, enige sodanige winste aanwend.

'n Beroep is deur die VMB gedoen dat enige aanbevelings oor alternatiewe eienaarskap aan die georganiseerde plaaslike owerhede vir kommentaar en samewerking voorgelê sal word. Oorlegpleging in die verband verdien 'n hoë prioriteit en kan tot vergemaklikte implementering van besluite bydra.

5.14 SAMEVATTING

Die insette van belangegroepo oor die huidige en toekomstige eienaarskap van NVPM'e word vervolgens saamgevat.

Uit 'n ontleding van die insette van produsente, bemarkingsrade en -beurse, die handel, markagente en markmeesters of -direkteure, is die belangrikste voordool van stadsrade as NVPM eienaars hul onpartydighcid asook die uitgebreide infrastruktuur wat reeds deur hulle geskep is. Die belangrikste nadele, uit die perspektief van dieselfde belangegroepo, is die beperkende invloed van markregulasies; die lang besluitnomingsperiode van stadsrade; die bestaan van kruissubsiëring by sommige NVPM'e; kundigheid in die bemarking van varsprodukte wat by stadsrade ontbreek; en die feit dat alle NVPM'e nie op 'n besigheidsgrondslag bedryf word nie.

Uit insette gelewer deur susterwinkels, vervoerinstansies en produsente, wat aktief betrokke is by direkte bemarking, is dit duidelik dat die eienaarskap van NVPM'e vir hierdie belangegroep onbelangrik is.

Uit insette gelewer deur die Departement van Beplanning en Provinsiale Sake, Provinsiale Owerhede en die Verenigde Munisipale Bestuur is dit duidelik dat plaaslike owerhede outonoom is met betrekking tot die besluit om die eienaarskap van NVPM'e in sy gebied te vervreem al dan nie.

Insette deur respondente van Streeksdiensterade (SDR) dui daarop dat varsprodukte markte 'n relatiewe lae prioriteit op die behoeftebevredigende aksies van SDR'e het.

Modelle vir die beoordeling van NVPM-eienaarskap

6.1 INLEIDING

6.1.1 Agtergrond

In hierdie hoofstuk word alternatiewe modelle vir die eienaarskap van NVPM'e kwantitatief en kwalitatief beoordeel. Aanvanklik word die evalueringmetode bespreek, waarna elke eienaarskapmodel afsonderlik geëvalueer word.

6.1.2 Kwalitatiewe evaluering van alternatiewe

Die perspektiewe van belangegroepes oor alternatiewe modelle word gegee en bespreek. Die belangegroepes, respondente en opnamemetode wat gebruik is, is dieselfde as vir hoofstuk 5, en word dus nie hier herhaal nie. Die definisies van belangegroepes word in afdeling 1.2.2 gegee.

6.1.3 Finansiële evaluering van alternatiewe

Die verdiskonteerde kontantvloeiemetode is gebruik om die ekonomiese lewensvatbaarheid van alternatiewe modelle vir die gegewe aannames en voorwaardes te evalueer. Hierdie ontledingmetode word vervolgens bespreek.

FINANSIËLE DATA

Inligting vir die ontleding is uit die finansiële state vir NVPM'e soos op 30 Junie 1989 verkry. Aansuiwerings is, waar nodig, gemaak. Die finansiële state verskyn in tabelle 3.7 en 3.8.

VERDISKONTEERDE KONTANTVLOEI-ANALISE

Vir elke eienaarskapmodel word die verwagte jaarlikse kontant in- en uitvloei vir 'n sewejarige periode bepaal. Hierdie kontantstroom word uit die volgende elemente saamgestel:

- ▣ Inkomste (slegs inkomste verkry uit die bedryf van 'n markonderneming)
- ▣ uitgawes, byvoorbeeld salarisse, elektrisiteit en water, onderhoud, algemene uitgawes, eiendomsbelasting en huurgeld
- ▣ nie-sigbare uitgawes, byvoorbeeld waardevermindering. Die volgende waardeverminderingsskoerse is gebruik: geboue 2% en toerusting 10%. In die evalueringsmetode word die kontantvloei-effek van waardevermindering in ag geneem
- ▣ belasting.

Die netto kontantvloei in elke periode word na 'n basisjaar verdiskonteer en gesommeer. 'n Verdiskonteringskoers van 16% per jaar is gebruik. Die totaal word per definisie die netto huidige waarde (NHW) van die kontantstroom vir die model genoem.

Indien die genoemde kontantstroom saamgestel word uit die verwagte uitgawes en inkomste vir 'n spesifieke eienaarskapmodel, sal die NHW van die kontantstroom die potensiële verdienvermoë van die eienaarskapmodel kwantifiseer. Die potensiële verdienvermoë is dus die huidige waarde van die toekomstige kontantvloei vir 'n gegewe eienaarskapmodel oor 'n gegewe tydperk. In die verslag word dit gelykgestel aan die verkoopwaarde van 'n onderneming. Hierdie potensiële verdienvermoë stel die evalueerder in staat om die maksimum aanvanklike kapitale uitgawe wat die model kan ondersteun, te bepaal:

- ▣ Indien die vereiste aanvanklike kapitale uitgawe kleiner is as die potensiële verdienvermoë van die model, is eienaarskap vir die nuwe eenaar finansiëel voordelig.
- ▣ Indien die vereiste aanvanklike kapitale uitgawe egter groter is as die potensiële verdienvermoë, hou die model geen finansiële voordeel vir die eenaar in nie.

6.1.4 Alternatiewe modelle

Die volgende alternatiewe eienaarskap is vir die afdeling omskryf naamlik: Oordrag, Verhuring van sakeregte, Gesamentlike onderneming, De-regulering, Korporasie en Status Quo.

Die ekonomiese lewensvatbaarheid van die volgende modelle is geëvalueer:

Oordrag. Die mark word met bates en laste as 'n volledige werkende entiteit aan privaatbesit teen 'n koopsom verkoop.

Verhuur van sakeregte. Die private sektor word gemagtig om markfasiliteite teen 'n markverwante huur te gebruik om 'n markonderneming vir eie rekening te bedryf.

Korporasie. Die mark word met bates en laste as 'n volledige werkende entiteit aan 'n nie-belastingpligtige openbare korporasie teen 'n koopsom verkoop. Die onderneming kan ook die sakeregte by die stadsraad huur.

Die volgende modelle is nie onderwerp aan 'n ekonomiese evaluering nie:
Gesamentlike onderneming: 'n Vennootskap tussen die plaaslike owerheid en 'n privaatonderneming vir die lewering van 'n bepaalde diens. Die model is soortgelyk aan die Oordrag en Verhuring van sakeregte en word daarom nie afsonderlik geëvalueer nie.

Deregulering: Beperkende voorskrifte word afgeskaf sodat die hou van varsproduktemarkte vir die private sektor toeganklik word. Hierdie is nie 'n eienaarskapmodel *per sé* nie, maar verwys na die reëling van die mededingende omgewing van markte.

Status Quo. Die handhawing van die huidige eienaarskap en bestuur van NVPM'e.

6.2 OORDRAG

6.2.1 Bedryfsfilosofie

Die mark word as 'n werkende entiteit met bates en laste aan privaatbesit teen 'n koopsom verkoop. Vir die doeleindes van hierdie ontleding word aanvaar dat die mark gekoop sal word deur 'n maatskappy wat belastingpligtig is.

6.2.2 Insette deur belangegroep

Produsente. Van die produsent-respondente het 10% aangedui dat hulle hierdie model ondersteun. Verder het respondente die volgende opmerkings oor die model gemaak. Frekwensie word in hakies aangedui.

- Eienaarskap deur belangegroep word verkies bo 'n enkeleienaar, (30%).
- Die winsmotief van privateienaars mag die bemarkingskoste van die produsent verhoog, (20%).
- Die voortsetting van die markdiens en die behoud van markfasiliteite vir die varsproduktebedryf moet verseker word, (10%).

Bemarkingsrade/beurse. Die model is nie deur die respondente as 'n alternatief ondersteun nie.

Handel. Van die respondente het 71% aangedui dat hulle Oordrag ondersteun, terwyl 33% aangedui het dat eienaarskap onder die model uit belangegroep uit die varsproduktebedryf saamgestel moet word.

Markagente. Geen ondersteuning vir die eienaarskapmodel is by die belangegroep gevind nie. Die volgende opmerkings oor die model is wel deur respondente gemaak; frekwensies word in hakies aangedui.

- Die behoud van markfasiliteite vir die varsproduktebedryf is 'n vereiste (20%).
- Enkel eienaarskap is onaanvaarbaar (13%).

- ▣ Die ekonomiese lewensvatbaarheid van hierdie model word bevraagteken (7%).
- ▣ Vrese bestaan dat markeienaars, onder die model, die markgelde tot nadeel van markagente sal verhoog (7%).

Markmeesters/-direkteure. Geen ondersteuning van die Oordragmodel is by die respondente gevind nie, terwyl 27% die ekonomiese lewensvatbaarheid van hierdie alternatief bevraagteken het.

Groot- en kleinhandelaars. Uit hierdie groep respondente het 24% aangedui dat hulle die model ondersteun.

Stadsrade. Die houdings van stadsrade oor Oordrag as alternatief tot die huidige eienaarskap, word in tabel 6.1 getoon.

TABEL 6.1
Houding van stadsrade oor oordrag van NVPM'e

Standpunt	Absolute frekwensie	Relatiewe frekwensie (%)
Voorkeur alternatief	1	7
Aanvaarbare alternatief	4	27
Onderhandelbare alternatief	6	40
Onaanvaarbare alternatief	2	13
Stadsraad ondersoek tans alle alternatiewe	2	13
TOTAAL	15	100

6.2.3 Finansiële evaluering

Die finansiële evaluering van die model word bespreek aan die hand van die finansiële data wat in die ontleding gebruik is, die analisemethode en 'n ontleding van resultate.

FINANSIËLE DATA

Vir die doeleindes van die ontleding word aanvaar dat die kostestruktuur van 'n nuwe eienaar met dié van die huidige NVPM'e vergelykbaar sal wees. Dit is egter moontlik dat 'n privaateienaar 'n NVPM meer effektief sou kon bestuur en derhalwe koste bespaar. Die bestudering van bedryfsvoering word gedoen deur 'n ander ondersoekspan as deel van die totale studie in die varsproduktebedryf.

Inligting vir die analise is verkry uit die finansiële state van NVPM'e soos op 30 June 1989 (sien figure 3.7 en 3.8). Die volgende uitgewes is vir die ontleding gebruik: Salarisse en lone; elektrisiteit, water, riool, (teen kommer-

siële tariewe); onderhoud en herstel; algemene uitgawes; bokoste (dit verteenwoordig 'n uitgawe vir dienste wat stadsrade tans aan NVPM'e lewer); eiendomsbelasting; en maatskappybelasting. Waardevermindering is as 'n nie-sigbare uitgawe ingesluit.

Dit is aanvaar dat stadsrade NVPM'e teen netto batewaarde sal verkoop.

ANALISE

Die finansiële ontledingsmetode is in 'n vorige afdeling bespreek.

RESULTATE

Die potensiële verdienvermoë van NVPM'e onder privaatbesit word in tabel 6.2 gekwantifiseer. Die potensiële verdienvermoë is dus die maksimum koopsom wat potensiële kopers bereid sal wees om vir 'n NVPM te betaal.

TABEL 6.2
Eienaarskapmodel: Oordrag
Potensiële verdienvermoë van NVPM'e
(R'000)

NVPM	Potensiële Verdienvermoë ¹	Netto batewaarde ²
Pretoria	10 530	84 085
Johannesburg	12 670	148 160
Kaapstad	14 805	83 025
Durban	7 840	41 020
Bloemfontein	2 935	14 275
Port Elizabeth	2 577	35 765
Oos-Londen	2 890	24 700
Pietermaritzburg	2 530	12 740
Klerksdorp	2 830	15 940
Vereeniging	1 190	12 625
Springs	3 915	14 745
Uitenhage	(355)	3 105
Welkom	905	7 725
Kimberley	375	6 900
Witbank	545	3 210

NOTAS:

¹ Volledige berekeninge word in bylae E.1 getoon.

² Sien tabel 3.8.

Uit die resultate in tabel 6.2 volg dat:

- Die maksimum koopsom wat potensiële kopers bereid sal wees om vir NVPM'e te betaal, is minder as die netto batewaarde van elk van die 15

NVPM'e. Byvoorbeeld, vir Pretoria-NVPM is die maksimum koopsom, bereken volgens die potensiële verdienvermoë, R10,53 miljoen, aansienlik laer as die netto batewaarde, R84,1 miljoen.

- ▣ Net so is die verkoopprijs (netto batewaarde) van NVPM'e hoër as die prijs wat potensiële kopers waarskynlik bereid sal wees om daarvoor te betaal.

Omdat, onder die gestelde aannames en voorwaardes, die koop van NVPM'e teen netto batewaarde geen finansiële voordeel vir potensiële kopers inhoud, en die feit dat stadsrade se verkoopprijs vir die mark waarskynlik hoër is as die maksimum koopprijs wat potensiële privaateienaars bereid sal wees om vir sodanige NVPM te betaal, is hierdie eienaarskapsmodel nie ekonomies lewensvatbaar nie.

6.2.4 Samevatting

Benewens die feit dat die Oordragmodel, onder die gestelde aannames en voorwaardes, nie ekonomies lewensvatbaar is nie, geniet die model geen of min ondersteuning by produsente (0%), bemarkingsrade/-beurse (0%), markagente (0%), markmeesters/-direkteure (0%) en stadsrade (7%). Hierdie model geniet egter groter ondersteuning by die handel (71%), asook groot- en kleinhandelrespondente (33%).

6.3 UITVERHURING VAN SAKEREGTE

6.3.1 Bedryfsfilosofie

Die private sektor word gemagtig om markfasiliteite teen 'n markverwante huur te gebruik om 'n varsprodukteonderneming vir eie rekening te bedryf.

6.3.2 Insette deur belangegroepes

Produsente. Van die produsent-respondente het 60% aangedui dat hulle hierdie model ondersteun. Verder het 83% ook aangedui dat die bestuur van die mark onder hierdie model uit belangegroepes uit die varsproduktebedryf saamgestel moet word.

Bemarkingsrade/-beurse. Van die respondente het 50% aangedui dat hulle die model ondersteun.

Handel. Die model is nie deur respondente as 'n alternatief tot die status quo ondersteun nie.

Markagente. Van die respondente het 40% aangedui dat hulle hierdie model ondersteun en van mening is dat die bestuur van die mark onder die model uit belangegroepes uit die varsproduktebedryf saamgestel moet word.

Markmeester/-direkteure. Van die respondente steun 40% die model, en almal dui aan dat die bestuur van die mark, onder die model, uit belangegroep uit die varsproduktebedryf saamgestel moet word.

Groot- en kleinhandelaars. Alleenlik 7% van respondente het aangedui dat hulle hierdie model as alternatief tot die huidige eienaarskap ondersteun.

Stadsrade. Die houding van stadsrade oor Uitverhuring van sakeregte as alternatief tot die huidige eienaarskap, word in tabel 6.3 aangetoon:

TABEL 6.3

Houding van stadsrade oor uitverhuring van sakeregte as eienaarskapmodel vir NVPM'e

Standpunt	Absolute frekwensie %	Relatiewe frekwensie (%)
Voorkeur alternatief	0	0
Aanvaarbare alternatief	3	20
Onderhandelbare alternatief	7	47
Onaanvaarbare alternatief	3	20
Stadsraad ondersoek tans alle alternatiewe	2	13
TOTAAL	15	100

6.3.3 Finansiële evaluering

Twee alternatiewe is vir hierdie model se finansiële evaluering gedefinieer, naamlik:

Alternatief 1: Verhuring van grond. Die markgrond bly in besit van die stadsraad. 'n Private onderneming koop die geboue en toerusting en neem netto bedryfsbates oor. Die stadsraad verhuur die grond aan die private eienaar.

Alternatief 2: Verhuring van grond, geboue en toerusting. Die markgrond, -geboue en -toerusting bly in besit van die stadsraad. 'n Private onderneming neem die netto bedryfsbates van die NVPM oor en huur die grond, geboue en toerusting by die stadsraad.

Die ekonomiese evaluering van die twee alternatiewe word vervolgens bespreek aan die hand van finansiële data wat in die ontledings gebruik is, die analise en 'n ontleding van resultate.

FINANSIËLE DATA

Vir die doeleindes van die ontleding word aanvaar dat die kostestruktuur van 'n nuwe eienaar met dié van die huidige NVPM'e vergelykbaar sal wees. Dit is egter moontlik dat 'n private eienaar 'n NVPM meer effektief sou kon bestuur en derhalwe kostebesparings in die hand werk. Die bestudering van

bedryfsvoering word deur 'n ander ondersoekspan, as deel van die totale studie na die varsproduktebedryf gedoen.

Finansiële data vir alternatief 1. Inligting vir die analise is uit die finansiële state van NVPM'e soos op 30 Junie 1989 (sien figure 3.7 en 3.8) verkry. Die volgende uitgawes is vir die ontleding gebruik:

Salarisse en lone; elektrisiteit, water, riool (teen kommersiële tariewe); onderhoud en herstel; algemene uitgawes; bokoste (dit verteenwoordig 'n uitgawe vir dienste wat stadsrade tans aan NVPM'e lewer); eiendomsbelasting, dit geld slegs in stede waar stadsrade belasting op geboue hef; huurgeld, die jaarlikse huurtarief is 13% van grond se markwaarde; en maatskappybelasting. Waardevermindering op geboue en toerusting is as 'n nie-sigbare uitgawe ingesluit.

Dit is aanvaar dat stadsrade die markgeboue en -toerusting teen afgeskryfde vervangingswaarde sal verkoop. Netto bedryfsbates en enige uitstaande lenings, soos op 30 Junie 1989, word ook deur die private onderneming oorgeneem.

Finansiële data vir alternatief 2. Inligting vir die analise is uit die finansiële state van NVPM'e soos op 30 Junie 1989 (sien figure 3.7 en 3.8) verkry. Die volgende uitgawes is vir hierdie ontleding gebruik:

Salarisse en lone; elektrisiteit, water, riool (teen kommersiële tariewe); onderhoud en herstel; algemene uitgawes; bokoste, dit verteenwoordig 'n uitgawe ten opsigte van dienste wat stadsrade tans aan NVPM'e lewer; en huurgeld. Die jaarlikse huurtarief is: grond, 13% van grond se markwaarde; geboue, 13% van geboue se afgeskryfde vervangingswaarde; en toerusting, 25% van toerusting se afgeskryfde vervangingswaarde.

Dit is aanvaar dat die huurder die netto bedryfsbates asook enige uitstaande lenings vir die NVPM, soos op 30 Junie 1989, sal oorneem.

ANALISE

Die finansiële ontledingsmetode word is reeds in vorige afdeling bespreek.

RESULTATE

Die potensiele verdienvermoë van NVPM'e by verhuring aan 'n private onderneming word in tabel 6.4 gekwantifiseer. Gedetailleerde ontledings word in bylae E.1 gegee. Die potensiele verdienvermoë is dus die maksimum koopsom wat potensiele private ondernemings bereid sal wees om onderskeidelik te betaal vir:

- die geboue, toerusting, netto bedryfsbates en uitstaande lenings by die huur van grond, alternatief 1
- die netto bedryfsbates en uitstaande lenings by die huur van grond, geboue en toerusting, alternatief 2.

TABEL 6.4
Eienaarskapmodel: Uitverhuring van sakeregte
Potensiële verdienvermoë van NVPM'e
(R'000)

	Alternatief 1: Verhuring van grond		Alternatief 2: Verhuring van grond, geboue en toerusting	
NVPM	Potensiële Verdien- vermoë ¹	Afgeskryfde vervangings- waarde van geboue en toerusting; plus netto bedryfsbates min uit- staande lenings ²	Potensiële Verdien- vermoë ¹	Netto bedryfsbates min uit- staande lenings ²
Pretoria	3 905	44 150	(23 095)	830
Johannesburg	(21 680)	79 140	(78 680)	(9 970)
Kaapstad	9 170	51 170	(21 150)	0
Durban	4 950	17 922	(10 780)	(9 050)
Bloemfontein	2 820	13 375	(10 260)	(7 925)
Port Elizabeth	1 345	32 810	(19 970)	(2 140)
Oos-Londen	1 985	22 970	(16 925)	(7 660)
Pietermaritzburg	2 070	10 830	(5 000)	(1 680)
Klerksdorp	2 600	14 255	(6 210)	(795)
Vereeniging	1 255	11 980	(9 790)	(5 840)
Springs	3 455	13 015	(8 010)	(7 015)
Uitenhage	(475)	2 735	(2 275)	(240)
Welkom	(470)	4 887	(9 460)	(9 735)
Kimberley	195	5 827	(3 465)	(195)
Witbank	490	2 790	(1 765)	(945)

NOTAS:

¹ Volledige berekeninge word in bylae E.1 getoon.

² Sien tabel 3.8.

Vir die gestelde aannames en uit die resultate in tabel 6.4 volg:

- *Alternatief 1: Verhuur van grond.* Die maksimum koopsom wat potensiële huurders bereid sal wees om vir die geboue, toerusting, netto bedryfsbates en uitstaande lenings te betaal, is minder as die waarde van die geboue, toerusting, plus die netto bedryfsbates min uitstaande lenings.

Net so is die stadsraad se verkoopprijs van die geboue, toerusting, netto bedryfsbates en uitstaande lenings hoër as die prijs wat potensiële huurders bereid sal wees om daarvoor te betaal.

Omdat onder die gestelde aannames en voorwaardes, die koop van die geboue en toerusting, die oorneem van netto bedryfsbates en uitstaande lenings, en die huur van die grond geen finansiële voordeel vir potensiële huurders inhou nie, en die feit dat stadsrade se verkoopprijs vir die geboue, toerusting, netto bedryfsbates en uitstaande lenings hoër is as wat potensiële huurders bereid sal wees om daarvoor te betaal, is hierdie eienaarskapmodel nie ekonomies lewensvatbaar nie.

- ▣ *Alternatief 2: Verhuring van grond, geboue en toerusting.* Die NHW van die na-belaste kontantvloei vir die model is negatief. Hieruit volg dat, onder die gestelde aannames en voorwaardes, daar geen finansiële voordeel vir potensiële huurders is om die grond, geboue en toerusting by die stadsraad te huur nie. Die model is daarom nie ekonomies lewensvatbaar nie.

6.3.4 Samevatting

Die model van die uitverhuuring van sakeregte soos hier bespreek geniet hoë steun onder produsente (60%), markagente (40%) en markmeesters/-direkteure (40%). Dit geniet egter min of geen ondersteuning by die handel (0%), en groot- en kleinhandelaars (9%). Geen stadsraad het die model as voorkeur alternatief aangedui nie, en net een bemarkingsraad/beurs het dit wel as voorkeur alternatief aangedui.

Uit die finansiële evaluering van die model blyk dit dat die alternatief, onder die gestelde aannames en voorwaardes, nie ekonomies lewensvatbaar is nie.

6.4 KORPORASIE

6.4.1 Bedryfsfilosofie

'n Nie-belastingpligtige openbare nutsmaatskappy neem NVPM'e oor en oefen oor die besit, bestuur en bedryf van sodanige markte gesentraliseerde beheer uit.

6.4.2 Insette deur belangegroepe

Produsente. Van die produsent-responente het 10% aangedui dat hulle die korporasie-model ondersteun. Omdat hul glo dat eenvormige bestuur en standaardisering van NVPM'e vir hulle voordele inhou. Responente het ook die volgende opmerkings oor hierdie model gemaak – frekwensies word in hakies aangedui.

- Die verlies aan outonome bestuur van NVPМ'e word nie voorgestaan nie, (20%).
- Oneffektiwiteit mag onder hierdie model ontstaan, (10%).

Bemarkingsrade/-beurse. Die korporasie model is nie deur respondente as 'n alternatief ondersteun nie.

Handel. Die korporasie-model is nie deur respondente as 'n alternatief ondersteun nie.

Markagente. Van die respondente het net 13% die korporasie-model ondersteun, met die volgende opmerkings daaroor – frekwensies word in hakies aangedui.

- Die unieke karakter van elke mark moet behou word en daarom word hierdie model nie voorgestaan nie (20%).
- Eenvormigheid ten opsigte van bestuur, inligtingstelsels, prosedures en regulasies bied voordele (13%).
- Onder die korporasie model moet bestuur uit belangegroepe uit die versprektebedryf saamgestel word (13%).

Markmeesters/-direkteure. Twintig persent van respondente het aangedui dat hulle die korporasie-model ondersteun, met die volgende opmerkings daaroor. Die frekwensies word in hakies aangedui.

- Outonomie van NVPМ'o moet behou word en daarom is hierdie model onaanvaarbaar (13%).
- Eenvormigheid ten opsigte van tariefstruktuur, inligtinginsameling en prosedure bied voordele (7%).
- Verpoeling van kundigheid bied voordele (7%).
- Eenvormige optrede/prosedure by alle NVPМ'e sal vertroue by die versprektebedryf inboesem (7%).
- Kruissubsidiëring tussen NVPМ'e sal nie effektiwiteit by elke mark aanmoedig nie (7%).
- Praktiese uitvoerbaarheid van hierdie model word bevraagteken (7%).

Groot- en kleinhandelaars. Geen ondersteuning van die eienaarskapmodel is by hierdie belangegroep gevind nie.

Stadsrade. Die houdings van stadsrade oor die korporasie-model as alternatief tot die huidige eienaarskap, word in tabel 6.5 aangetoon.

TABEL 6.5
Houding van stadsrade oor die korporasie-model as eienaarskapmodel vir NVPM'e

Standpunt	Absolute frekwensie	Relatiewe frekwensie (%)
Voorkeur alternatief	1	7
Aanvaarbare alternatief	1	7
Onderhandelbare alternatief	7	47
Onaanvaarbare alternatief	4	27
Stadsraad ondersoek tans alle alternatiewe	2	13
TOTAAL	15	100

6.4.3 Finansiële evaluering

Drie alternatiewe is vir die model se finansiële evaluering gedefinieer, naamlik:

- ▣ Alternatief 1. Die mark word met bates on lasto as 'n werkende entiteit aan 'n nie-belastingpligtige openbare korporasie verkoop
- ▣ Alternatief 2. Die markgronde bly in besit van die stadsraad. 'n Nie-belastingpligtige openbare korporasie koop die geboue en toerusting en neem netto bedryfsbates oor. Die grond word aan die genoemde openbare korporasie verhuur.
- ▣ Alternatief 3. Die markgrond, -geboue en toerusting bly in besit van die stadsraad. 'n Nie belastingpligtige openbare korporasie neem die netto bedryfsbates van die NVPM oor en huur die grond, geboue en toerusting by die stadsraad.

Aan die hand van die finansiële data wat in die ontleding gebruik is, die analise en 'n ontleding van resultate, word die finansiële evaluering van hierdie alternatiewe vervolgens bespreek:

FINANSIËLE DATA

Finansiële data vir alternatief 1 is dieselfde as dié in afdeling 6.2.3. Net so is die finansiële data vir alternatiewe 2 en 3 dieselfde as in afdeling 6.3.3. Die enigste verskil is dat hierdie korporasie nie belastingpligtig is nie. Dit betaal dus nie maatskappybelasting nie.

ANALISE

Die finansiële ontledingsmetode waarvan die resultate in tabel 6.6 getoon word, is reeds bespreek.

TABEL 6.6
Eienaarskapmodel: Nie-belastingpligtige korporasie
Potensiële verdienvermoë van NVPM'e
(R'000)

NVPM	Alternatief 1: Oordrag		Alternatief 2: Verhuring van grond	
	Potensiële Verdien- vermoë ¹	Netto Batewaarde ²	Potensiële Verdien- vermoë ¹	Afgeskryfde vervangings- waarde van geboue en toerusting; plus netto bedryfsbates min uit- staande lenings ²
Pretoria	15 600	84 085	3 910	44 150
Johannesburg	13 200	148 160	(21 680)	79 140
Kaapstad	22 930	83 025	11 660	51 170
Durban	12 220	41 020	6 440	17 922
Bloemfontein	3 100	14 275	2 870	13 375
Port Elizabeth	2 580	35 765	1 345	32 810
Oos-Londen	2 890	24 700	1 985	22 970
Pietermaritzburg	3 430	12 740	2 520	10 830
Klerksdorp	3 710	15 940	3 250	14 255
Vereeniging	1 190	12 625	1 225	11 980
Springs	5 340	14 745	4 420	13 015
Uitenhage	(360)	3 105	(480)	2 735
Welkom	905	7 725	(470)	4 887
Kimberley	375	6 900	195	5 827
Witbank	640	3 210	530	2 790

TABEL 6.6 (vervolg)
Eienaarskapmodel: Nie-belastingpligtige korporasie
Potensiële verdienvermoë van NVPM'e
(R'000)

Alternatief 3: Verhuring van grond, geboue en toerusting		
NVPM	Potensiële Verdien- vermoë ¹	Netto bedryfsbates min uitstaande lenings ²
Pretoria	(23 095)	830
Johannesburg	(78 680)	(9 970)
Kaapstad	(21 150)	0
Durban	(10 780)	(9 050)
Bloemfontein	(10 260)	(7 925)
Port Elizabeth	(19 971)	(2 140)
Oos-Londen	(16 925)	(7 660)
Pietermaritzburg	(5 000)	(1 680)
Klerksdorp	(6 210)	(795)
Vereeniging	(9 790)	(5 840)
Springs	(8 010)	(7 015)
Uitenhage	(2 275)	(240)
Welkom	(9 460)	(9 735)
Kimberley	(3 465)	(195)
Witbank	(1 765)	(945)

NOTAS:

¹ Volledige berekeninge word in bylae E.2 getoon.

² Sien tabel 3.8.

RESULTATE

Die resultate vir elk van korporasie-model se drie finansiële alternatiewe word vervolgens afsonderlik bespreek.

Alternatief 1: Oordrag van nie-belastingpligtige korporasie. Die potensiële verdienvermoë van NVPM in die besit van 'n nie-belastingpligte openbare korporasie word in tabel 6.6 gekwantifiseer. Die potensiële verdienvermoë is die maksimum koopsom wat 'n korporasie bereid sou wees om onder die gestelde aannames vir 'n NVPM te betaal. Uit die resultate van tabel 6.6 volg dat:

- ▣ Die maksimum koopsom wat 'n korporasie bereid sal wees om vir 'n NVPM te betaal, is minder as die netto batewaarde vir elk van die 15 NVPM'e.

- Net so is die verkoopprijs, die netto batewaarde, van onderskeie NVPM's hoër as die prys wat 'n korporasie bereid sal wees om daarvoor te betaal.

Omdat, onder die gestelde aannames en voorwaardes, die koop van NVPM's teen netto batewaarde geen finansiële voordeel vir 'n korporasie inhou nie en die feit dat stadsrade se verkoopprijs vir markte hoër is as die maksimum koopprijs wat 'n korporasie bereid sal wees om vir sodanige mark te betaal, is hierdie eienaarskapmodel nie ekonomies lewensvatbaar nie.

Alternatief 2: Die verhuur van grond aan 'n nie-belastingpligtige korporasie. Die potensiële verdienvermoë van NVPM's by die verhuur van grond, word in tabel 6.6 gekwantifiseer. Die potensiële verdienvermoë vir hierdie model is dus die maksimum koopsom wat 'n korporasie bereid sal wees om by die huur van grond, vir die geboue, toerusting, netto bedryfsbates en uitstaande lenings, onder die gestelde aannames, te betaal. Uit die resultate in tabel 6.6 volg dat:

- Die maksimum koopsom wat potensiële nie-belastingpligtige korporatiewe huurders bereid sal wees om vir die geboue, toerusting, netto bedryfsbates en uitstaande lenings te betaal is minder as die waarde van die geboue, toerusting, netto bedryfsbates min uitstaande lenings.
- Net so is die stadsraad se verkoopprijs vir die geboue, toerusting, netto bedryfsbates en uitstaande lenings hoër as die prys wat potensiële nie-belastingpligtige korporatiewe huurders bereid sal wees om daarvoor te betaal.

Omdat, onder die gestelde aannames en voorwaardes, die koop van die geboue, toerusting, netto bedryfsbates en uitstaande lenings, asook die huur van die grond geen finansiële voordeel vir potensiële korporatiewe huurders inhou nie, en die feit dat stadsrade se verkoopprijs vir die geboue, toerusting, netto bedryfsbates en uitstaande lenings hoër is as wat potensiële huurders bereid sal wees om daarvoor te betaal, is die eienaarskapmodel nie ekonomies lewensvatbaar nie.

Alternatief 3: Die verhuur van grond, geboue en toerusting aan 'n nie-belastingpligtige korporasie. Die NHW van die na-belaste kontantvloei vir die model is negatief. Hieruit volg dat daar geen finansiële voordeel vir potensiële nie-belastingpligtige korporatiewe huurders is om die grond, geboue en toerusting by die stadsraad te huur nie. Die model is daarom nie ekonomies lewensvatbaar nie.

6.4.4 Samevatting

Die model geniet geen of min ondersteuning by bemarkingsrade (0%), handel (0%) en groot- en kleinhandelaars (0%). Slegs een stadsraad het die model as hul voorkeur alternatief, onder die gestelde aannames en voorwaardes, aangedui. By ander belangegroepes, soos produsente (10%), markagente (13%) en markmeesters/-direkteure (20%), geniet die model egter 'n groter

mate van steun. Teenkating teen die model is uitgespreek deur produsente (20%) en markagente (20%). Hieruit volg dat die model groter teenkating as ondersteuning by produsente en markagente geniet.

Uit die finansiële evaluering van die model blyk dit verder dat die alternatief, onder die gestelde aannames en voorwaardes, nie ekonomies lewensvatbaar is nie.

6.5 DEREGULERING

6.5.1 Bedryfsfilosofie

Deregulering is nie 'n eienaarskapmodel nie, maar verwys na die reëling van die mededingende omgewing van markte.

6.5.2 Insette deur belangegroepes

Tersaaklike insette wat deur belangegroepes uit die varsproduktebedryf gelewer is, word hier gegee.

Produsente. Van die produsent-respondente het 10% aangedui dat hulle die afskaffing van alle wetgewing ten opsigte van die oprigting en beheer van varsproduktemarkte, voorstaan.

Groot- en kleinhandelaars. Slegs 1% van respondente het aangedui dat hul die afskaffing van alle wetgewing ten opsigte van die oprigting en beheer van varsproduktemarkte voorstaan.

Stadsrade. Een respondent (7%) het aangedui dat die bedryf van markte, losgemaak van wetlike regulering, in beginsel verkies word bo enige monopolistiese stelsel. Nog een respondent (7%) het egter aangedui dat die afskaffing van alle toepaslike wette en regulasies " . . . aanleiding tot chaos sal gee".

Geen insette oor die afgehele afskaffing van wette en regulasies ten opsigte van die eienaarskap van varsproduktemarkte is deur ander belangegroepes gelewer nie.

6.6 STATUS QUO

6.6.1 Bedryfsfilosofie

Die handhawing van die huidige eienaarskap en bestuur van NVPM'e.

6.6.2 Insette deur belangegroepes

Geen ondersteuning vir die handhawing van die *status quo* is by produsente, bemarkingsrade/-beurse of handel gevind nie.

Die handhawing van die *status quo* geniet die ondersteuning van 'n groot aantal groot- en kleinhandelaar-respondente (54%). Die rede hiervoor is dat die *status quo* die minste onsekerheid vir veral kleinhandelaars inhou en die geleentheid aan groothandelaars bied om die huidige swakpunte van die NVPM'e tot hul eie voordeel uit te buit.

Die handhawing van die *status quo* is deur markagente by vyf NVPM'e (33%) voorgestaan, terwyl 20% van markmeesters/-direkteure ook die handhawing van die huidige eienaarskap en bestuur van NVPM'e voorgestaan het.

Die houdings van stadsrade oor die handhawing van die *status quo* word in tabel 6.7 getoon.

TABEL 6.7
Houding van stadsrade oor die handhawing van die huidige eienaarskap en bestuur van NVPM'e

Standpunt	Absolute frekwensie	Relatiewe frekwensie (%)
Voorkeur alternatief	5	33
Aanvaarbare alternatief	3	20
Onderhandelbare alternatief	4	26
Onaanvaarbare alternatief	1	7
Stadsraad ondersoek tans alle alternatiewe	2	13
TOTAAL	15	100

Uit tabel 6.7 volg dat vyf stadsrade (26%) aangedui het dat hulle die *status quo* as voorkeur alternatief aanvaar, waarvan drie aangedui het dat hulle bereid sou wees om alternatiewe modelle te oorweeg. Uit tabel 6.7 word verder afgelei dat 53% van stadsrade het die *status quo* as 'n voorkeur of aanvaarbare alternatief gestel. Die meerderheid, naamlik 11 stadsrade (73% van die totaal), is egter bereid om ander alternatiewe te oorweeg.

6.6.3 Finansiële evaluering

Die finansiële state van NVPM'e is reeds in tabelle 3.7 en 3.8 gegee.

6.6.4 Samevatting

Uiteenlopende menings ten opsigte van die handhawing van die *status quo* is by belangegroepes gevind. Die belangrikste bevinding was egter dat 11 stadsrade aangedui het dat hulle bereid is om alternatiewe eienaarskap te oorweeg. Twee stadsrade oorweeg tans nog hulle standpunte in hierdie verband.

6.7 SAMEVATTING

Tabel 6.8 gee 'n samevatting van die bevindinge van hierdie hoofstuk.

TABEL 6.8
 Houding van belangegroepe ten opsigte van alternatiewe
 eienaarskapmodelle vir NVPM'e

Belangegroepe	Persentasie van respondente wat alternatiewe eienaarskapmodelle vir NVPM'e ondersteun				
	Oordrag	Uitver- huring van sakeregte	Kor- porasie	Status Quo	Geen mening/ Geen voorkeur/ Ander
Produsente	10	60	10	0	20
Bemarkingsrade/ beurse	0	50	0	0	50
Handel	71	0	0	0	29
Markagente	0	40	13	33	14
Markmeesters/ -direkteure	0	40	20	20	20
Groot- en klein- handelaars	24	7	0	54	15
Stadsrade:					
Voorkeur alter- natief	7	0	7	33	Nvt
Aanvaarbare alter- natief	27	20	7	20	Nvt
Onderhandelbare alternatief	40	47	47	26	Nvt
Onaanvaarbare alternatief	13	20	27	7	Nvt
Ekonomiese lewensvatbaar- heid van model	Nee	Nee	Nee	Nvt	Nvt

Die uithuur van sakeregte-model geniet die grootste steun onder produsente, bemarkingsrade/beurse, markagente en markmeesters. Die Oordragmodel word deur die handel verkies, terwyl groot- en kleinhandelaars die *status quo* verkies. Die *status quo* word ook deur stadsrade verkies, maar die meerderheid stadsrade het hulself bereid verklaar om ander modelle te oorweeg.

Dit is verder belangrik om daarop te let dat geen model wat in tabel 6.8 aangegee word, ekonomies lewensvatbaar is nie. Selfs veranderinge in die onderliggende aannames, soos byvoorbeeld die verdiskonteringskoers, netto batewaarde en kostestruktuur, beïnvloed nie die bevindinge van die finansiële analise nie.

Aanbevelings

7.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk ontleed en evalueer die bevindinge van die voorafgaande hoofstukke. Hieruit word aanbevelings rakende toekomstige eienaarskap en bestuur van NVPM'e gemaak.

7.2 WITSKRIF OOR PRIVATISERING EN DEREGULERING

Indien die huidige eienaarskap van NVPM'e beoordeel word aan die hand van die kriteria vir privatisering soos bepaal in die *Witskrif oor Privatisering en Deregulering* asook die *Algemene Riglyne rakende die Privatisering van Aktiwiteite van Plaaslike Owerhede*, word die volgende bevind:

- Die privatisering van NVPM'e hou nie 'n risiko vir staatsveiligheid of binnelandse orde in nie.
- Plaaslike owerhede besit die gedelegeerde bevoegdheid om 'n NVPM te besit en te bedryf, maar is egter nie wetlik aanspreeklik daarvoor nie.
- Die bedryf van 'n NVPM is nie in wese 'n regulerende funksie vir plaaslike owerhede nie.
- Privatisering van NVPM'e sal nie staatkundige en/of maatskaplike doelwitte van die Regering benadeel nie.

Uit bostaande is dit duidelik dat NVPM'e, onderhewig aan sekere voorwaardes, *geprivatiseer behoort te word*. Die genoemde voorwaardes is:

- Die privatiseringsaksie moet met mededingingsbeleid versoenbaar wees.
- NVPM'e moet ekonomies lewensvatbaar wees.

Ten opsigte van mededinging kan die mededingingsimplikasies van die privatisering van NVPM'e deur die Raad op Mededinging gereël word. Die ekonomiese lewensvatbaarheid van NVPM'e word vervolgens bespreek.

7.3 EKONOMIESE LEWENSVATBAARHEID VAN NVPM'e

In Hoofstuk 6 is bevind dat die privatisering van NVPM'e tans nie ekonomies lewensvatbaar is nie. Dit is te wyte aan NVPM'e se *potensiële verdienvermoë* (te wete die som wat 'n private koper(s) bereid sal wees om te betaal vir 'n NVPM) wat kleiner is as die ooreenstemmende *netto batewaarde* (te wete die som waarteen die huidige eienaars die NVPM sal wil verkoop). Hierdie twee aspekte word vervolgens ontleed:

7.3.1 Netto batewaarde van NVPM'e

Kapitaalinvestering in NVPM'e kan nie deur die huidige verdienvermoë ondersteun word nie. Die oorsprong van die hoë kapitaalinvestering is:

- ▣ Besikbaarheid van kapitaal teen gunstige voorwaardes. Kapitaal word bekom teen rentekoerse wat laer as lenings aan die privaatsektor is.
- ▣ Diensmotief van stadsrade. Kapitaal word geïnvesteer omdat stadsrade 'n diens aan belastingbetalers wil lewer. Dit is egter duidelik dat die diens nie op sakebeginsels gebaseer is nie en dat dit deur die belastingbetalers van die plaaslike owerheid gesubsidieer word.

7.3.2 Potensiële verdienvermoë van NVPM'e

By 'n ontleding van die verdienvermoë van NVPM'e word gevind dat:

- ▣ Markgelde verteenwoordig 84% van inkomste.
- ▣ Markuitgawes het die volgende hoofkomponente:

Salarisse en lone	48%
Algemene uitgawes	11%
Rente op lenings	13%
Ander uitgawes	28%
TOTAAL	100%

'n Verhoging in die potensiële verdienvermoë van NVPM'e kan deur inkomsteverhoging, kosteverlaging of 'n mengsel van beide behaal word. Die invloed hiervan word vervolgens ondersoek.

Markgelde. Tariewe betaalbaar aan die eienaars van NVPM'e ten opsigte van die verkoping van varsprodukte. Dit word deur die Minister van Landbou ná raadpleging met, of op, aanbeveling van die Kommissie vir Varsprodukte-markte vasgestel.

'n Verhoging in inkomste kan behaal word deur die verhoging van markgelde, of 'n verhoging in inkomste deur ander bronne. 'n Verhoging in markgelde is nie wenslik nie, aangesien dit die bemarkingskoste van die produsent sal vermeerder, moontlik met 'n gevolglike toename in direkte verkope. Weens die relatiewe klein invloed van "ander inkomste" sal 'n

verhoging daarvan nie 'n beduidende invloed op die verdienvermoë van NVPM'e hê nie.

Personeelvergoeding. Markpersoneel het die volgende basiese take:

- Aktiwiteite wat met die invordering van markgelde in verband staan:
 - Besendingbeheer
 - rekordering van verkope
 - invordering van kontant
 - kredietverlening
 - uitbetaling van geld aan markagente
 - ander administratiewe take byvoorbeeld verwerking van verkoopsinligting.
- Ander aktiwiteite byvoorbeeld:
 - Sekuriteit
 - instandhouding van fasiliteite
 - skoonmaak van markvloer
 - algemene bestuurtake
 - verkeersreëlings.

Uitgawes kan verminder word, deur van markte se grootste uitgawe, naamlik personeelvergoeding, te besnoei.

Dit is egter nodig dat wyd besin sal word by die oorweging van alternatiewe vir die verhoging van NVPM'e se verdienvermoë. Dit is ook belangrik dat markagente, produsente en markeienaars finansiëel by sodanige alternatiewe sal baat. In hierdie verband beveel LHA aan dat die wesenlike aard van markinkomste oorweeg moet word.

Een alternatief vir die behaling van bogenoemde doelwit, word vervolgens bespreek.

7.4 ALTERNATIEWE MODEL VIR MARKEIENAARSKAP

Huidiglik is die belangrikste aktiwiteite van markpersoneel op die insameling van NVPM'e se hoofinkomste, naamlik markgelde, gerig. 'n Alternatief waarvolgens die potensiele verdienvermoë van NVPM'e verhoog kan word, word vervolgens bespreek. Ter aanvang word die bedryfsfilosofie van die model gegee, daarna word die implikasies van die model ontleed en die finansiële invloed van die model gegee.

7.4.1 Bedryfsfilosofie

Die hoofbron van inkomste vir die NVPM'e is die verhuur van markvloerruimte aan markagente. Die heffing van markgelde op verkope word dus afgeskaf. Die hooftake van die markeienaar is die:

- Beskikbaarstelling van 'n markplek
- instandhouding van fasiliteite

- ▣ lewering van dienste teen vergoeding op versoek van markvloerhuurders
- ▣ verkeersreëlings.

Die model aanvaar dat markagente se kommissie op besendingverkope, wat tans deur wet vasgestel word, sal verval. Die verhouding tussen markagent en produsent word nou onderling vasgelê.

7.4.2 Ontleding van model

Die belangrikste implikasies van die model is:

- ▣ Die ontkoppeling van die inkomste vir NVPM'e aan die transaksiesluiting op die markvloer. Hiermee verander die taak van bestuur. Die markbestuur bestuur nou die markeiendom en nie meer die markaktiwiteite nie.
- ▣ Die hoofbron van inkomste vir NVPM'e is die verhuur van die markvloer aan markagente en ander private organisasies. Die huurgelde word kontraktueel tussen huurder en verhuurder bepaal. Die huurtarief moet sodanig vasgestel word, dat 'n markverwante inkomste vir die NVPM-eienaar gehandhaaf kan word.
- ▣ Die vermindering van markuitgawes, deurdat die markinkomste aan die transaksiesluiting tussen koper en verkoper ontkoppel word. Dit hou veral voordele in ten opsigte van vermindering van personeel wat vroeër betrokke was by besendingsbeheer, markvloersekuriteit, verwerking van verkoopsinligting, ontvangs van kontant vir produkverkope, kredietverlening en betalings van gelde aan markagente en bemarkingsrade.
- ▣ Huurgeld word deur die mark aan die stadsraad as eienaarsvergoeding betaal.
- ▣ Die model aanvaar dat die aktiwiteite van huurders van die markvloer gedereguleer sal word. Dit impliseer dat markagente nou ondermeer as groothandelaars en makelaars sal kan optree. Dit impliseer verder dat groothandelaars, makelaars en kleinhandelaars hul ondernemings op die markterrein mag beoefen.

7.4.3 Finansiële evaluering

Die finansiële invloed van die model op die inkomste van stadsrade as eienaars van NVPM'e word vervolgens geëvalueer.

Die volgende aannames word in die verband gemaak:

- ▣ Onder die model het die mark die volgende inkomstebronne: Verhuur van markvloer, trollies, koel- en rypmaakfooie, kantoor- en ander huurinkomste.
- ▣ Die uitgawes van die mark bestaan uit personeelvergoeding, uitgawes vir elektrisiteit, water en riool, onderhoud en herstel van markfasiliteite, algemene uitgawes en huurgeld betaalbaar aan die stadsraad. Personeel-

uitgawes onder die model is slegs vir personeel wat by die instandhouding van markfasiliteite, skoonmaakdienste, verkeersreëlings en algemene terreinbestuur betrokke is. Uit 'n ontleding van die huidige organisasie-strukture van NVPM'e, volg dat personeeluitgawes, onder hierdie model, met ten minste 50% verminder kan word. Ander uitgawes en bo-koste, wat verwant is aan die totale personeelsterkte, is ook met 50% besnoeibaar.

- Stadsrade, as eienaars van NVPM'e, mag nie finansiël deur die model benadeel word nie. Dit impliseer dat die huidige inkomste wat stadsrade van NPVM'e ontvang, ten minste gehandhaaf moet word. Tans bestaan hierdie inkomste uit eiendomsbelasting, huidige huurgeld en netto bydraes tot die munisipale belastingrekening.
- Onder die model moet die mark, as onderneming, ekonomies lewensvatbaar wees. Inkomste uit die verhuur van die markvloer moet voldoende wees om uitgawes soos personeelvergoeding, elektrisiteit, water en riool, onderhoud en herstel van fasiliteite, algemene uitgawes, huur aan die stadsraad asook kapitaal- en rentedelging te dek. Verder word 'n maksimum wins van 15% op 'n koste-plus basis, vir markte aanvaar. Hierdie syfer word beskou as realisties, gebaseer op LHA se sakekennis.
- Markagente en produsente mag ook nie finansiël deur die model benadeel word nie. Die koste van die invordering van kontant, rekordhou van verkope, besendingbeheer en die huur van die markvloer sal onder hierdie alternatiewe model, vir die rekening van die markagent wees. Die markagent moet dus onder die model in staat wees om 'n verkoopkontrak met die produsent te sluit, sodat die tradisionele bemarkingskoste van die produsent ook nie verhoog nie. Die markagent moet self ook nie finansiël benadeel word nie.
- Die finansiële data vir die ontleding is geneem uit NVPM'e se inkomstestate vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989. Die werklike data wat gebruik is, word in bylae F getoon.


Die ontledingsmetode word vervolgens beskryf. Dit is belangrik om daarop te let dat begrippe soos agentekommissie en markgelde slegs gebruik word om die ontledingsmetode toe te lig.

Ter aanvang is huidige uitgawes van NVPM'e verdeel in twee komponente. Die een deel is, onder die alternatiewe model, toegeken aan die mark. Dit bestaan uit uitgawes vir die bestuur van die markeiendom. Die ander deel is toegeken aan markagente vir uitgawes wat met die beheer van transaksiesluiting op die markvloer in verband staan.

Die markgelde wat produsente tans aan die markowerheid betaal is ook in twee komponente verdeel. Die grootte van die deel toegeken aan markagente, is gelykgestel aan die addisionele uitgawes van markagente wat met die beheer van transaksiesluiting op die markvloer in verband staan. Die ander gedeelte van die markgelde is aan die mark toegeken asof markagente

dit as huurgeld vir die markvloer betaal. Die uitgangspunt vir die benadering is dus dat daar geen verswakking in die finansiële posisie van òf die produsent, òf die markagent mag wees nie.

Die finansiële skakeling tussen die huurder van die markvloer, NVPM en stadsrade, word soos volg voorgestel:



Vir die doeleindes van die finansiële ontleding, word aanvaar dat elke NVPM op 'n geslote finansiële rekening bedryf word. Die NVPM betaal dus net huurgeld aan die stadsraad.

Met die mark se inkomste en uitgawes bekend, word die maksimum huurgeld, betaalbaar aan die stadsraad, bepaal. 'n Maksimum wins van 15% op 'n koste-plus basis, is vir die markte aanvaar.

Hierdie analise is vir elke NVPM gedoen en die resultate word in tabel 7.1 opgesom.

TABEL 7.1
 Evaluering van finansiële voordeel vir stadsrade
 Eienaarskapmodel: inkomste van mark gegrond op verhuring van
 markvloeroppervlakte

NVPM	Verwagte inkomste van NVPM (R'000)	Verwagte koste van NVPM, huurgeld betaalbaar aan stadsraad en kapitaaldelging ¹ uitgesluit (R'000)	Potensiële huurgeld betaalbaar aan stadsraad onder alternatiewe eienaarskapmodel (R'000)
Pretoria	6 766	3 357	2 526
Johannesburg	11 422	9 135	0
Kaapstad	6 367	2 902	2 635
Durban	4 811	2 327	1 645

NVPM	Verwagte inkomste van NVPM (R'000)	Verwagte koste van NVPM, huur-geld betaalbaar aan stadsraad en kapitaaldelging ¹ uitgesluit (R'000)	Potensiële huur-geld betaalbaar aan stadsraad onder alternatiewe eienaarskap-model (R'000)
Bloemfontein	1 569	1 529	(220)
Port Elizabeth	1 770	1 253	223
Oos-Londen	1 550	1 745	(377)
Pietermaritzburg	1 697	1 146	209
Klerksdorp	1 373	722	373
Vereeniging	936	885	(66)
Springs	1 775	1 444	(41)
Uitenhage	156	230	(75)
Welkom	709	1 529	(859)
Kimberley	486	404	0
Witbank	339	285	21

TABEL 7.1 (vervolg)

Evaluering van finansiële voordeel vir stadsrade
Eienaarskapmodel: inkomste van mark gegrond op verhuring van markvloeroppervlakte

NVPM	Wins van NVPM, bereken op 'n koste-plus basis (persent)	Huidige inkomste van stadsrade (R'000)	Toename in inkomste van stadsrade (R'000)
Pretoria	15,0	468	2 058
Johannesburg	10,0	0	0
Kaapstad	15,0	1 452	1 183
Durban	15,0	865	780
Bloemfontein	0,0	(195)	(25)
Port Elizabeth	5,4	223	0
Oos-Londen	0,0	32	(409)
Pietermaritzburg	15,0	169	40
Klerksdorp	15,0	5	368
Vereeniging	0,0	2	(68)
Springs	0,0	0	(41)
Uitenhage	0,0	20	(95)
Welkom	0,0	0	(859)
Kimberley	13,6	0	0
Witbank	0,0	26	(5)

NOTA:

¹ Dit is aanvaar dat NVPM'e se huidige kapitaaldelging nie sal verander nie.

By die bestudering van tabel 7.1, is dit belangrik om op die volgende te let:

- Verwagte inkomste van NVPM'e. Hierdie inkomste verteenwoordig die verwagte inkomste van NVPM'e uit die verhuur van die markvloer. Dit word bereken soos vroeër bespreek.
- Verwagte kostes van NVPM'e, huurgeld betaalbaar aan die stadsrade uitgesluit. Die kostes is vir die bestuur van die markterrein, maar dit sluit huurgelde betaalbaar aan die stadsraad uit.
- Potensiële huurgeld aan stadsraad onder alternatiewe eienaarskapmodel betaalbaar. Dit is aanvaar dat die huurgeld alle betalings wat NVPM'e tans aan stadsrade maak vir eiendomsbelasting, huurgeld en bydraes tot die munisipale belastingrekening, sal vervang. Die maksimum huurgeld wat NVPM'e kan bekostig, onder die alternatiewe eienaarskapmodel, word bereken uit die verwagte inkomste en kostes van die mark, en 'n maksimum winsmarge vir markte van 15% op koste. Byvoorbeeld, vir Pietermaritzburg-NVPM is die verwagte inkomste R1,697 miljoen. Die verwagte kostes van die mark, betalings van huurgeld aan die stadsraad uitgesluit, is R1,146 miljoen. Die kapitaaldelging van die mark is R0,139 miljoen. Die maksimum huurgeld wat die mark aan die stadsraad kan betaal ten einde 'n 15% wins op koste te behaal, is dus R209 000; $(R1,146 + R0,209) \cdot 1,15 + 0,139 = R1,697$.
- Wins, bereken op 'n koste-plus basis. Alle markte kan nie 'n wins van 15% op koste onder die alternatiewe eienaarskapmodel behaal nie. Die werklike verwagte wins vir elke NVPM word in tabel 7.1 getoon. Waar die verwagte kostes die inkomstes oorskry, word 'n nul winsmarge aangetoon. Byvoorbeeld, vir Port Elizabeth-NVPM is die verwagte inkomste R1,77 miljoen. Die verwagte kostes van die mark, huurgeld betaalbaar aan die stadsraad uitgesluit, is R1,253 miljoen. Indien aanvaar word dat die inkomste van die stadsraad onveranderd moet bly, volg dat die huurgeld betaalbaar aan die stadsraad R0,223 miljoen is. Vir die mark is die wins, bereken op 'n koste-plus basis, dus 5,4%.
- Huidige inkomste van stadsrade. Die huidige inkomste van stadsrade bestaan uit huurgeld, eiendomsbelasting en die bydraes tot die munisipale belastingrekening wat NVPM'e betaal.

Die volgende afleidings kan uit tabel 7.1 gemaak word.

By agt NVPM'e is die potensiële huurgeld wat markte kan betaal hoër, of gelyk aan, die huidige inkomste van stadsrade. Hierdie NVPM'e is Pretoria, Johannesburg, Kaapstad, Durban, Port Elizabeth, Pietermaritzburg, Klerksdorp en Kimberley. Verder sal die finansiële posisie van produsente en markagente by hierdie NVPM'e nie benadeel word nie. Vyf van die agt markte kan ook bedryf word teen 'n wins van 15% op koste. Dit word hieruit afgelei dat die toepassing van die alternatiewe eienaarskapmodel by die genoemde agt NVPM'e tot die finansiële voordeel van die onderskeie

stadsrade sal wees, en dat die finansiële posisie van die markagent en produsent nie benadeel sal word nie.

Vir die Springs-, Witbank- en Bloemfontein-NVPM'e is die onderskeie stadsrade se inkomste uit die alternatiewe model laer as die huidige inkomste. Indien die uitgawes op die markte onder die alternatiewe model met 'n verdere 2,9% by Springs-, 1,8% by Witbank-, en 1,6% by Bloemfontein-NVPM besnoei word, sal die huurgelde betaalbaar aan die stadsrade voldoende verhoog om die huidige inkomste van die stadsrade te ewenaar: Onder sulke omstandighede sal die toepassing van die alternatiewe eienaarskapmodel ook by Springs-, Witbank- en Bloemfontein-NVPM lewensvatbaar wees. Verder sal die toepassing van die model ook nie die finansiële posisie van produsente en markagente benadeel nie.

By vier NVPM'e, naamlik Oos-Londen, Vereeniging, Uitenhage en Welkom lei die toepassing van die eienaarskapmodel tot 'n afname in die inkomste van die onderskeie stadsrade. Die toepassing van die model hou dus geen finansiële voordeel vir die betrokke stadsrade in nie. Hierdie toedrag van sake kan toegeskryf word aan die hoë kapitaal- en rentelas van die Oos-Londen, Vereeniging- en Welkom-NVPM'e en die hoë uitgawe struktuur, relatief tot inkomste, van die Uitenhage-NVPM. Die toepassing van die eienaarskapmodel by die vier NVPM'e is dus nie ekonomies lewensvatbaar nie.

Die bevindinge van die finansiële evaluering word ten slotte opgesom:

- Die toepassing van die eienaarskapmodel is vir die volgende NVPM'e: Pretoria, Johannesburg, Kaapstad, Durban, Bloemfontein, Port Elizabeth, Pietermaritzburg, Klerksdorp, Springs, Kimberley en Witbank ekonomies lewensvatbaar.
- Weens die hoë rente- en kapitaaldelgingslas by Oos-Londen, Vereeniging- en Welkom-NVPM, die hoë uitgawe struktuur by die Uitenhage-NVPM, kan hierdie eienaarskapmodel nie tot voordeel van alle belangegroeppe by hierdie vier NVPM'e toegepas word nie.

7.4.4 Kwalitatiewe evaluering

Die alternatiewe eienaarskapmodel word vervolgens kwalitatief geëvalueer.

Die volgende insette is deur belangegroeppe oor die model gemaak. Die opnamemetode en steekproef is reeds in hoofstuk 5 beskryf.

- *Produsente.* Respondente by 40% van groepbesprekings het aangedui dat hulle die eienaarskapmodel ondersteun en die deregulering van markagente se aktiwiteite voorstaan.
- *Markagente.* Die Instituut van Markagente het in 'n voorlegging aan die RGN met betrekking tot die ondersoek na die bemerking van varsprodukte, "Die visie van die Instituut van Markagente oor die moontlike funksionering van nasionale varsproduktemarkte in die toekoms", hulsself in beginsel ten gunste van die eienaarskapmodel uitgespreek.

- ▣ *Stadsrade*. Geen spesifieke kommentaar ten opsigte van die eienaarskapmodel is van stadsrade ontvang nie. Soos reeds vroeër in afdeling 6.6.2 genoem, het 11 stadsrade, (73% van die totaal), hulself bereid verklaar om alternatiewe eienaarskap van NVPM'e te oorweeg.

7.4.5 Opsomming

Die bespreking word afgesluit met 'n opsomming van die belangrikste eienskappe en implikasies van die eienaarskapmodel wat nog nie gedek is nie.

Die produsent se posisie. By die finansiële evaluering van die model, afdeling 7.4.3, is reeds aangedui dat die bemarkingskoste van die produsent nie deur die toepassing van die model verhoog mag word nie. Dit is ook belangrik om daarop te let dat oor transaksiesluiting tussen produsent en markagent nou onderling onderhandel word. Daar is dus geen wetlik vasgestelde agentekommissie.

Die markagente se posisie. Volgens die model word die markagent se bedryfsvoering gedereguleer en kan hy as markagent, groothandelaar, makelaar optree en selfs by kleinhandelsaktiwiteite betrokke wees. Waar markagente onder die eienaarskapmodel as "kommissie-agente" optree, is hulle steeds onderworpe aan die bepalings van die *Wet op Agentskapsverkoop van Landbouprodukte, No 12 van 1975*, wat aspekte soos trustrekenings en waarborgfondse reël.

Aanvullend tot die deregulering van die aktiwiteite van markagente, volg die deregulering van ondersteuningsaktiwiteite op die markterrein, byvoorbeeld groothandelaars word toegelaat om op die markterrein, sonder voorskrifte oor die aankoopplek van hul varsprodukte, handel te dryf.

Die markbestuur se posisie. Die rol van die bestuur van die NVPM verander in wese na eiendomsbestuurder met die volgende take: onderhoud en instandhouding van fasiliteite, verkeersreëlings, uithuur van koel- en rypmaakfasiliteite, kantoorryimte, markvloerarea en marktrollies, algemene terreinbestuur asook enige take wat op versoek van en vir die rekening van huurders uitgevoer mag word. As voorbeeld van laasgenoemde: Markbestuur mag, weens die beskikbare infrastruktuur en voordele verbonde aan sentralisasie, deur huurders versoek word om, teen vergoeding, alle rekord hou van kontantverkope asook die invordering van kontant, te hanteer. Die skoonmaak van die markvloer is nog 'n voorbeeld van 'n diens wat deur die markbestuur aan huurders gelewer kan word. Die presiese aard en omvang van sodanige dienste wat deur die markbestuur gelewer mag word, moet self deur die partye ooreengekom word. Die samestelling van bestuur sal in die opvolgende afdeling behandel word.

Stadsrade se posisie. Die stadsrade se posisies as eienaars van NVPM'e bly onveranderd onder die model. Die inkomste wat stadsrade kry uit hul NVPM'e bly onveranderd en mag in sekere gevalle, byvoorbeeld Kaapstad en Durban selfs toeneem.

7.5 SAMEVATTING

7.5.1 Inleiding

Die ondersoek bevind dat die eienaarskap en bestuur van NVPM'e gemeet aan die kriteria vir privatisering en deregulering soos vervat in die relevante Witskrif (opgesom in afdeling 4.4.1 van hierdie verslag), in beginsel nie by die openbare sektor tuishoort nie.

Weens die hoë kapitaalinvestering, relatief tot hul verdienvermoë, is die privatisering van NVPM'e tans nie ekonomiese lewensvatbaar nie. Onmiddellike privatisering word nie aanbeveel nie.

LHA beveel egter aan dat die privatisering van NVPM'e as 'n *langtermyn*doelwit gestel moet word. Ten einde die doelwit te behaal, moet drie kritiese voorvereistes aangespreek word, naamlik ekonomiese lewensvatbaarheid, deregulering en huidige wetgewing.

7.5.2 Ekonomiese lewensvatbaarheid.

Ten einde die NVPM'e vir privatisering voor te berei, is dit belangrik dat 'n winsgeskiedenis vir elke NVPM opgebou sal word. Verder is dit ook belangrik dat alle belangegroepo regverdigde finansiële voordeel uit die oorgangsproses, asook die eindresultaat sal put. In die verband beveel LHA die volgende aan.

- Toekomstige kapitaalinvestering deur huidige NVPM-eienaars moet aan die kriteria vir lewensvatbaarheid voldoen. Dit is dus belangrik dat die ruimtelike benutting van die marksaal deur byvoorbeeld die gebruik van rakke op die markvloer, uitgeput sal word voordat 'n vergroting van die markvloer oorweeg word.
- Die huidige markgeldstelsel as hoofinkomstebron vir NVPM'e, moet afgeskaf word. Die uithuur van die markvloer aan huurders vir die beoefening van aktiwiteite binne die kader van die versprektebedryf, word as alternatief voorgestel. Die model sal die volgende in die hand werk:

- ... Die handhawing van die inkomstevlakke wat stadsrade tans uit hul NVPM'e verkry.

Herstrukturering van die inkomste- en uitgawestruktuur van NVPM'e ter voorbereiding van hul kommersialisering. Uitgawes kan besnoei word deur die vermindering van markpersoneel. In afdeling 7.4.3 is bevind dat personeeluitgawes met ten minste 50% besnoei kan word. Die totale personeelgetal vir die 15 NVPM'e is 1326, sien tabel 3.5. Gevolglik word geraam dat ongeveer 660 persone deur die besnoeiing in personeeluitgawes geraak sal word. Hulle kan moontlik deur verhoogde aktiwiteite van markagentskappe of in die munisipale struktuur opgeneem word.

- ▣ 'n Onderneming/Winssentrum moet deur plaaslike owerhede gestig word as 'n instrument om die plaaslike NVPM vir privatisering voor te berei. In die verband beveel LHA aan dat die stigting van 'n maatskappy oorweeg word. Alle aandele in die maatskappy word deur die plaaslike owerheid besit. Die take van die maatskappy, ter voorbereiding van die NVPM vir privatisering, is soos volg:

Die uitskakeling van *alle* kruissubsidiëring tussen die munisipaliteit en NVPM. Hierby word eie kapitaalfinansiering, verdeling van winste en inkoop van dienste soos instandhouding-, personeel- en rekeningkundige dienste ingesluit.

- ... Finansiële boekhouding volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk. Die opstel van afsonderlike bateregisters word hierby ingesluit.
- ... Die opbou van 'n winsgeskiedenis.
- ... Die bestuur van NVPM'e op 'n sakgrondslag.

Die aanvangslewensvatbaarheid van sodanige maatskappy is in afdeling 7.4 bespreek.

Waar die lewensvatbaarheid van NVPM'e nie sodanig verhoog kan word om privatisering moontlik te maak nie, word die volgende twee alternatiewe aanbeveel:

- ... Die staking van die markdiens, of
 - ... die handhawing van die mark deur plaaslike owerhede as 'n *diens* aan sy gemeenskap.
- ▣ Omdat finansiële betrokkenheid, byvoorbeeld die besit van aandele, 'n voorvereistes is vir die verkryging van inspraak in 'n maatskappy, beveel LHA aan dat die mark deur personeel wat aangestel word deur die NVPM eienaar, dus die stadsraad, bestuur word. Kundige insette van produsente en markagente/handelaars kan deur die aanstelling van sodanige verteenwoordigers op die direksie van die genoemde maatskappy verkry word.

7.5.3 Deregulering

Die privatisering van NVPM'e kan slegs sinvol onderneem word *nadat* die wetlike raamwerk waarbinne dit moot geskied, duidelik godofinies is. In die verband beveel LHA deregulering ten opsigte van die volgende aan:

- ▣ Eienaarskap. Hierby word die oprigting, plasing van markte asook veranderinge aan markinfrastruktuur ingesluit.
- ▣ Bedryf. Die gebruik, bestuur en bedryf van NVPM'e, asook hul inkomstebron(ne) moet gedereguleer word.
- ▣ Ander. Weens die interafhanklikheid tussen NVPM'e en die markagent onder die voorgestelde eienaarskapmodel, beveel LHA aan dat die

aktiwiteite van markagente asook die aktiwiteite van ondersteuningsbedrywe op die markterrein, gedereguleer moet word.

7.5.4 Huidige wetgewing

Volgens huidige wetgewing is die stigting van 'n privaatsmaatskappy deur plaaslike owerhede soos hierbo bespreek, nie moontlik nie. Konsepwetgewing in die verband sal binnekort voor die Parlement dien. Die uitvoerbaarheid van die aanbeveling berus daarom op die aanvaarding van toepaslike wetgewing.

7.5.5 Ander oorwegings

Die outonomie van plaaslike owerhede met betrekking tot besluitneming aangaande sy NVPM se eienaarskap, word erken. Aksies ter privatisering van die plaaslike NVPM hou die volgende voordele vir hierdie owerhede in:

- Die verkryging van addisionele inkomste. Die potensiële verhoging in inkomste is in afdeling 7.4.3 bespreek en in tabel 7.1 gekwantifiseer.
- Ondersteuning van aksies gemik op die effektiewe aanwending van produksiefaktore, optimale funksionering van markkragte en die verhoging van privaatinvesterings.

Privatisering van NVPM'e is dus in die langtermyn tot voordeel van alle belangegroepes.

Waar die dereguleringsvereistes en onvoldoende huidige wetgewing alle voorafgenoemde aanbevelings moet voorafgaan, kan aksies ter verbetering van die lewensvatbaarheid van NVPM'e reeds deur plaaslike owerhede onderneem word. In die verband kan riglyne, soos vroeër in hierdie afdeling bespreek, gebruik word.

7.5.6 Samevatting van aanbevelings

Die aanbevelings van die ondersoek word vervolgens kortliks opgesom. Die implementering daarvan kan in drie fases verdeel word.

Fase 1. Die stadsraad bly die eienaar van die markeiendom, naamlik die grond, geboue en toerusting. Bedryfsvoering op die mark word ten volle gedereguleer. Transaksiebeheer moet dus vanaf die stadsraad na die huurders van die markvloerruimte oorgedra word. Die bestuur van die markeiendom word deur die stadsraad behartig.

Fase 2. Ten einde kommersialisering en uiteindelijke privatisering van selfs die eiendomsbelang van stadsrade te bewerkstellig, word aanbeveel dat 'n maatskappy gestig word wat hierdie markeiendom besit en bestuur. Aanvanklik besit die stadsraad alle aandele in hierdie maatskappy.

Fase 3. Aandele van die genoemde maatskappy word aan die private sektor verkoop sodra 'n winsgewendheidsrekord opgebou is.

Ontleding van die NVPM'e

A.1 INLEIDING

In die bylae word elk van die vyftien NVPM'e ontleed aan die hand van die volgende:

Markfasiliteite, markgroei, bedryfsvoering, finansiële state asook die houding van die huidige eienaar met betrekking tot die moontlike vervreemding van eiendomsreg en/of bestuursfunksies.

Die LHA-waardasie van bates, soos vir elke NVPM getoon, word in bylae D beskryf.

A.2 PRETORIA-NVPM

A.2.1 Markfasiliteite

Die fasiliteite van die Pretoria-NVPM word in tabel A.1 getoon.

TABEL A.1
Markfasiliteite van die Pretoria-NVPM, 1989

Fasiliteit	Grootte (m ²)
Markterrein	253 000
Fasiliteite onder dak:	
■ Marksaal	40 525
■ Koel-rypmaakkamers	4 125
■ Laairuimte (pad)	9 780
■ Laairuimte (spoor)	4 052
■ Kantore	2 500
■ Ander	14 901
Fasiliteite nie onderdak nie:	
■ Laairuimte, parkering en paaie	24 200

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur Pretoria-NVPM.

Die beplande uitbreiding van die mark wat tydelik is omdat die RGN-ondersoek gestaak is, is:

- ▣ Vergroting van markterrein met 5 ha; en
- ▣ vergroting van marksaal met 20 000 m², teen 'n beraamde koste van R35 miljoen.

Addisionele grond is bekom vir die beplande uitbreidings aangesien uitbreidingsruimte op die huidige perseel beperk is.

Die volgende ondersteuningsaktiwiteite is op die markterrein teenwoordig:

- ▣ Kafeteria/restaurante²,
- ▣ bankagentskappe²,
- ▣ blommemark,
- ▣ koeldrankverspreider,
- ▣ voorverpakkings/groothandelaars⁵,
- ▣ kunsmis- en saadhandelaar, en
- ▣ verskaffers van verpakkingsmateriaal.

A.2.2 Markgroei

Die groei in omset (R Miljoen) en deurset ('000 ton) word in figuur A.1 getoon.

A.2.3 Bedryfsvoering

Die missie van die Pretoriase NVPM is die volgende:


“Die ontwikkeling van 'n infrastruktuur vir die bemarking van varsprodukte.

Met infrastruktuur word bedoel:


- ▣ Die daarstelling en instandhouding van bedryfstelsels en prosedures soos byvoorbeeld die ontvangs en uitstal van produkte, verkoopsprosedures, reëlins ten opsigte van die verwydering, hantering en inspeksie van produkte.
- ▣ Die daarstelling en instandhouding van fisiese fasiliteite soos byvoorbeeld die marksaal, kantore, magasyns, laaiplatforms, koel- en rypmaakkamers, hanteringsstoerusting en verkeersfasiliteite.
- ▣ Die daarstelling en instandhouding van 'n markagentekorps vir die fisiese hantering en verkope van varsprodukte op 'n kommissiebasis.” (Gegronde op inligting verskaf deur die Pretoria-NVPM.)

FIGUUR A.1
Markomset en -deurset; Pretoria: NVPM 1983 – 1989

PRETORIA
Deurset



PRETORIA
Omset




BRONNE:

- ¹ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1985. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1984. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ² Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1986. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1985. Pretoria: Staatsdrukker (p.1-2).
- ³ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1987. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁴ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁵ Inligting vir 1989 is verskaf deur die Pretoria NVPM.

Die mark word op 'n basis van bekostigbaarheid bedryf.

Die markdirekteur is 'n munisipale departementshoof. Die gesagstruktuur is soos volg:



Munisipale beheer oor die mark is hoofsaaklik tot finansiële kontrole beperk. Die munisipaliteit lewer die volgende dienste op 'n gereelde basis aan die mark: tesourie-, personeel-, finansiële, oudit- en ingenieurs-/hersteldiens.

A.2.4 Finansiële state

Die inkomstestaat vir die jaar geëindig op 30 June 1989 word in afdeling 3.4 gegee. Die mark word op 'n geslote finansiële rekening bedryf.

Die balansstaat soos op 30 Junie 1989 word in bylae C gegee. Dit is belangrik om op te let dat die markterrein die Pretoria Stadsraad se eiendom is, en dat die produktemark op plaasgrond opgerig is. Dit word nie op die mark se balansstaat getoon nie.

Kapitale uitgawes word tans uit markinkomste, opgehoopte oorskot en die munisipale gekonsolideerde leningsfonds gefinansier.

TABEL A.2
Bates van Pretoria-NVPM, 1989
(R'000)

Bate	Munisipale Waardasie	Versekerde Waarde	LHA-waardasie
Grond	4 500	—	20 240
Geboue	20 500	97 664 ¹	42 220
Toerusting	—	—	1 100
TOTAAL	25 000	97 664	62 380

NOTA:

¹ Geboue en toerusting.

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Pretoria-NVPM.

A.2.5 Eienaarsdoelwitte

Die Stadsraad van Pretoria is tans met die ontwerp van 'n privatiserings- en dereguleringsbeleid en -strategie besig. Geen standpunte/voorwaardes ten opsigte van die moontlike vervreemding van bestuursfunksies en/of eiendomsreg is daarom ontvang nie. Die *persoonlike kommentaar* van drie departementshoofde, naamlik die Markdirekteur, Stadstesourier en die Direkteur: Mannekrag en Bestuursdienste is egter ontvang en word kortliks opgesom:

- Oorweging moet aan die verwydering van die mark uit die munisipale struktuur, geskenk word.
- Kommentaar op alternatiewe eienaarskap/uitkontrakteringsmodelle is soos volg:
 - *Oordrag*. Riglyne ten opsigte van die oordragprys, hetsy markverwant, teen uitstaande skuld of boekwaarde, is nog nie deur die Stadsraad vasgelê nie.
 - *Uithuur van sakeregte*. Die huurder moet verkieslik vanuit die varsproduktebedryf wees.
 - *Gesamentlike onderneming*. Hierdie alternatief word om die volgende redes nie aanbeveel nie:
 - Probleme word voorsien by die aanwysing van die meerderheidsaandeelhouders, verantwoordelikeareas en wedersydse waarborge.
 - Die lang besluitnemingsproses en politieke aard van plaaslike owerhede is moeilik versoenbaar met die dinamika en ekonomiese vereistes van die varsproduktebedryf.

- *Markkorporasie*. Die skep van 'n nutsmaatskappy soortgelyk aan die Abattoirkorporasie word om die volgende redes nie aanbeveel nie:
 - Die unieke aard, karakter en vereistes van elke mark moet behou word.
 - Die stigting van kleiner, vaartbelynde organisasies word voorgestaan.
 - Kruissubsidiëring van marke moedig nie effektiwiteit aan nie.
- ▣ Die volgende finansiële voorwaardes by alternatiewe eienaarskap/uithuur word aanbeveel:
 - Die “verkoopprys” van die mark moet deur die potensiële verdienvermoë daarvan bepaal word.
 - Plaaslike owerhede moet nie net op finansiële korttermynvoordeel konsentreer nie. Die breër belang van die plaaslike gemeenskap en die varsproduktebedryf moet ook oorweeg word.
 - Die finansiering van toekomstige kapitaalwerke by verhuur moet op meriete hanteer word.
- ▣ By die verhuur van markte behoort die verhuurder geen inspraak te hê in die bestuur van die onderneming nie.
- ▣ Die behoud van die huidige markfasiliteite vir die varsbemarkingsbedryf behoort 'n nie-onderhandelbare klousule in enige vervreemdingsooreenkoms te wees.
- ▣ Die opgehoopte surplusse is 'n bate vir die huidige eenaar.
- ▣ Die belange van die belastingbetaler moet nie benadeel word nie.
- ▣ Die personeelimplikasies by moontlike vervreemdingsalternatiewe moet in detail bestudeer word ten einde regverdige behandeling van alle partye te verseker.

A.3 JOHANNESBURG

A.3.1 Markfasiliteite

TABEL A.3
Markfasiliteite van die
Johannesburg-NVPM, 1989

Fasiliteit	Grootte (m ²)
Markterrein	630 000
Fasiliteite onder dak:	
■ Marksaal	68 296
■ Koel-/rypmaakkamers	4 262
■ Laairuimte (pad)	47 562
■ Laairuimte (spoor)	17 000
■ Kantore	8 827
■ Ander	30 216
Fasiliteite nie onderdak nie:	
■ Laairuimte, parkering en paaie	165 168

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Johannesburg-NVPM.

Die aaneenskakeling van die groente- en aartappelsale, teen 'n beraamde koste van R30 miljoen, word vir die 1990/91 boekjaar beplan.

'n Verskeidenheid ondersteuningsaktiwiteite word deur ongeveer 40 huurders op die markterrein beoefen. Die volgende aktiwiteite word onder meer ingesluit:


- Verkope van saad, verpakkingsmateriaal en lekkergoed;
- bankagentskappe; en
- vishandelaars.

A.3.2 Markgroei


Die groei in omset (R Miljoen) en deurset ('000 ton) vir varsgroente en -vrugte word in figuur A.2 getoon.

FIGUUR A.2
 Markomset en -deurset; Johannesburg-NVPM
 1983 - 1989

JOHANNESBURG
 Deurset



JOHANNESBURG
 Omset




BRONNE:

- ¹ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1985. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1984. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ² Suid Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1986. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1985. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ³ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1987. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁴ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁵ Inligting vir 1989 is verskaf deur die Johannesburg- NVPM.

A.3.3 Bedryfsvoering

'n Missie vir die mark is tydens 'n strategiese beplanningsvergadering gedefinieer. Dit is tans onder oorweging en word nog nie amptelik beskikbaar gestel nie.

Die markdirekteur is 'n munisipale departementshoof, waarvan die gesagstruktuur soos volg is:



Die aktiwiteite op die mark word deur die munisipale markverordeninge gereël. Munisipale beheer oor die mark is hoofsaaklik tot finansiële kontrole beperk. Die kundigheid ten opsigte van die bemarking van varsprodukte is in die markdirekteur en die markbestuurspan gevestig. Die volgende munisipale dienste word op 'n gereelde basis aan die mark gelewer: tesourie-, personeel-, aankoop- en regsdiens.

A.3.4 Finansiële state

Die inkomstestaat, vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989, word in afdeling 3.4 getoon. Die mark word op 'n geslote finansiële rekening bedryf.

Die balansstaat vir die mark soos op 30 Junie 1989 word in bylae C getoon. Dit is belangrik om op te let dat die markgrond in besit is van die Johannesburgse Stadsraad en dat dit nie op die mark se balansstaat getoon word nie. Kapitale uitgawes vir die mark word uit opgehoopde oorskotte en die Stadsraad se gekonsolideerde leningsfonds gefinansier. Addisionele inligting word in tabel A.4 getoon.

TABEL A.4
Bates van Johannesburg-NVPM, 1989
(R'000)

Bate	Munisipale Waardasie	Versekerde Waarde	LHA-waardasie
Grond	18 800	—	63 000
Geboue	39 000	140 600	84 250
Toerusting	—	9 200	4 860
TOTAAL	57 800	149 800	152 110

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Johannesburg-NVPM.

A.3.5 Eienaarsdoelwitte

Johannesburg se Stadsraad oorweeg tans hullo standpunt ton opsigte van die moontlike vervreemding van eienaarskap en/of bestuursfunksies van die mark.

Op 14 Mei 1990 besluit die Stadsraad van Johannesburg se Bestuurskomitee dat die finansiële aspekte rakende die moontlike privatisering van die mark eers ondersoek moet word alvorens hulle enige standpunte kan stel. Die ondersoek van die Stadsraad is tans aan die gang en geen uitsluitel is nog ontvang nie.

A.4 KAAPSTAD-NVPM

A.4.1 Markfasiliteite

116 Die fasiliteite van die Kaapstad-NVPM word in tabel A.5 getoon.

TABEL A.5
Markfasiliteite van die Kaapstad-NVPM, 1989

Fasiliteit	Grootte (m ²)
Markterrein	300 000
Fasiliteite onder dak:	
■ Marksaal	45 025
■ Koel-/rypmaakkamers	8 360
■ Laairuimte (pad)	16 500
■ Laairuimte (spoor)	9 917
■ Kantore	1 850
■ Ander	9 740
Fasiliteite nie onderdak nie:	
■ Laairuimte, parkering en paaie	109 860

BRON:

Gegrond op inligting voorsien deur die Kaapstad-NVPM.

Die volgende uitbreidings van fasiliteite het reeds 'n aanvang geneem. Die koste word in hakies getoon:

- Addisionele parkering, (R42 000); reeds voltooi.
- Omskepping van waatlemoenverkoopsarea in 'n marksaal, (R4,5 miljoen).
- Nuwe konferensiefasiliteite, (R532 000).
- 19 Addisionele koel- en rypmaakkamers, (R5,8 miljoen).

'n Subtropiese rypmaakfasiliteit, teen 'n beraamde koste van R15 miljoen, word vir die 1991/92- en 1992/93-boekjare beplan.

Die volgende ondersteuningsaktiwiteite is op die markterrein teenwoordig:


- Restaurant,
- bankagentskappe⁴,
- dieselvulstasie,
- groothandelaar/herverpakker, en
- verkope van plaasimplemente en verpakkingsmateriaal.

A.4.2 Markgroei


Die groei in omset (R miljoen) en deurset ('000 ton) word in figure A.3 getoon.

FIGUUR A.3
 Markomset en -deurset; Kaapstad-NVPM
 1983 - 1989

KAAPSTAD
 Deurset



KAAPSTAD
 Omset




BRONNE:

- ¹ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1985. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1984. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2.)
- ² Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1986. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1985. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2.)
- ³ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1987. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2.)
- ⁴ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2.)
- ⁵ Inligting vir 1989 is verskaf deur die Kaapstad- NVPM.

A.4.3 Bedryfsvoering

Die missie van die mark is: "Die lewering van 'n markdiens aan die belastingbetalers van Kaapstad vir die verskaffing van varsprodukte van goeie gehalte en verskeidenheid teen redelike pryse".

Die markdirekteur van Kaapstad is 'n munisipale afdelingshoof en die gesagstruktuur is soos volg:



Die munisipale beheer oor die mark is hoofsaaklik tot finansiële kontrole beperk. Die munisipale kundigheid ten opsigte van die bemarking van

varsprodukte is in die markdirekteur en sy bestuurspan gevestig. Mark-aktiwiteite word deur munisipale markverordeninge gereël.

Die munisipaliteit lewer die volgende gereelde dienste aan die mark: te-sourie-, personeel-, regs- en ingenieurs/ hersteldiens.

Die markagente op die mark lewer die volgende dienste:

- ▣ Kredietburo: kredietverlening aan kopers.
- ▣ Verhuur van palette aan produsente.

Dit is die enigste NVPM in Suid-Afrika waar markagente sodanige dienste lewer.

A.4.4 Finansiële state

Die inkomstestaat vir die mark vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989, word in afdeling 3.4 getoon. Die volgende verdien aandag:

- ▣ die mark word nie op 'n geslote finansiële rekening bedryf nie
- ▣ die mark maak 'n bydrae ter waarde van 10% van totale inkomste aan die belastingrekening van Kaapstad.

Die balansstaat vir hierdie mark soos op 30 Junie 1989 word in bylae C getoon. Die volgende verdien aandag:

- ▣ Oorskot inkomste word in die markherstelfonds gestort,
- ▣ die markgrond is in besit van die Kaapstadse Stadsraad en word nie op die mark se balansstaat getoon nie, en
- ▣ kapitale uitgawes word gefinansier uit die Stadsraad se gekonsolideerde kapitaalontwikkelingsfonds.

Addisionele inligting word in tabel A.6 getoon:

TABEL A.6
Bates van Kaapstad-NVPM, 1989
(R'000)

Bate	Munisipale Waardasie	Versekerde Waarde	LHA-waardasie
Grond	11 780 ¹	—	24 000
Geboue	—	49 738	49 210
Toerusting	—	3 468	1 960
TOTAAL	11 780	53 206	75 170

NOTA:

¹ Bedrag sluit waardasie vir geboue in.

BRON:

Gebaseer op inligting deur die Kaapstad-NVPM verskaf.

A.4.5 Eienaarsdoelwitte

Die Stadsraad van Kaapstad was weens 'n tydbeperking nie in staat om die moontlike vervreemding van die eienaarskap en/of bestuursfunksies van die Kaapstadse NVPM te oorweeg nie. Verder is die Stadsraad van mening dat die saak eers gedebateer sal word wanneer daaroor met hulle onderhandel word. Laasgenoemde standpunt word ingeneem weens die sensitiewe aard van die privatisering van munisipale dienste by munisipale werknemersvakbonde.

Die NVPM is egter reeds deur die Stadsraad geïdentifiseer as 'n funksie wat moontlik geprivatiseer kan word. Riglyne by die oorweging van alternatiewe eienaarskap is deur die munisipale amptenaar in beheer van marke aan LHA voorsien. Die riglyne is egter nie formeel deur die Stadsraad goedgekeur nie.

- Die Stadsraad se belang by die mark is die versekering van volgehoue en voldoende verskaffing van vars groente en vrugte van aanvaarde verskeidenheid en kwaliteit vir verkoop teen redelike pryse aan die inwoners van die groter Kaapstad.
- Samestelling van eienaarskap en bestuur. Die bestuur of eienaarskap van markte moet nie in die hande van 'n enkele belangegroep wees nie. Die samestelling van bestuur uit alle belangegroepe in die varsbemarkingsbedryf het verdienste.
- Indien 'n nutsmaatskappy die mark oorneem moet die Stadsraad daarop verteenwoordig wees. Hierdie voorwaarde geld nie by die oordrag aan 'n private maatskappy nie.

Die volgende riglyne ten opsigte van alternatiewe eienaarskap en/of uitkontrakteringsmodelle word gegee:

- *Oordrag.* Die volgende verdien oorweging:
 - Die objektiewe beskerming van belangegroepe se belange.
 - Die Stadsraad se oogmerk met die mark, naamlik dienslewering, mag moontlik nie ondersteun word deur 'n privaat onderneming met 'n winsmotief nie.
 - Die oordrag van die mark aan privaatbesit teen markverwante pryse mag lei tot 'n nie-lewensvatbare onderneming of onrealistiese marktariewe.

- ▣ *Uitverhuring van sakeregte.* Kommentaar soortgelyk aan die eerste twee opmerkings onder Oordrag.
- ▣ *Gesamentlike onderneming.* Die model is aanvaarbaar indien die plaaslike owerheid die meerderheidsaandeel besit. Dit sal verseker dat besorgdhede wat onder Oordrag genoem is, aangespreek word. Indien Gesamentlike onderneming 'n oorgangstap tot Oordrag is, geld die opmerkings soos onder Oordrag genoem.
- ▣ *Uitbesteding.* Kommentaar soos vir permanente Gesamentlike onderneming.
- ▣ *Deregulering.* Deregulering word in beginsel ondersteun. Die Stadsraad se doel met die mark mag moontlik nie met hierdie alternatief behaal word nie. Die bedryf van varsprodukmarkte sonder inmenging deur wetgewing is teoreties meer aanvaarbaar as monopolistiese stelsels.
- ▣ *Markkorporasie.* Die oornome van die mark deur 'n korporasie het voordele, byvoorbeeld gesentraliseerde ondersteuningsinfrastruktuur en spesialis tegniese bystand. Dit is egter belangrik dat 'n mate van plaaslike outonomie gehandhaaf word.
- ▣ *Status Quo.* Die Stadsraad bedryf tans 'n doelmatige en koste-effektiewe mark.

Ander riglyne is soos volg:

- ▣ Privatiseringsalternatiewe sal oorweeg word op grond van die voordeel wat dit vir Kaapstad inhou.
- ▣ Personeelaspekte van alternatiewe modelle sal indringend met alle belangegroep, insluitend vakbonde, bespreek moet word.
- ▣ Die oordragprys sal deur onderhandeling bepaal word. Die winsmotief van die nuwe eienaar sal wel 'n invloed hierop uitoefen.
- ▣ Dienste, byvoorbeeld tesourie- en personeeldienste, sal nie deur die Stadsraad aan 'n privaateienaar van die mark gelewer word nie.

A.5 DURBAN-NVPM

A.5.1 Markfasiliteite

TABEL A.7
Markfasiliteite van die Durban-NVPM, 1989

Fasiliteit	Grootte (m ²)
Markterrein	207 920
Fasiliteite onder dak:	
■ Marksaal	20 520
■ Koel-/rypmaakkamers	1 097
■ Laairuimte (pad)	6 309
■ Laairuimte (spoor)	8 905
■ Kantore	2 839
■ Ander	2 440
Fasiliteite nie onderdak nie:	
■ Laairuimte, parkering en paaie	52 792

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Durban-NVPM.

Die markfasiliteite word tans ten volle benut. 'n Ondersoek na die uitbreiding van die marksaal is tydelik weens die RGN-ondersoek gestaak. Die beplande uitbreiding het 'n vergroting van die marksaal, uitbreiding van koelfasiliteite en opgradering van paaie ingesluit. Die beraamde koste is R20 miljoen. Die mark beskik nie oor eie rypmaakfasiliteite nie en huur tans verskuifbare rypmaakkamers van die Piesangraad.

Markfasiliteite sluit 'n Boeremark vir Asiërprodusente, 'n bankagentskap en restaurant in. Geen varsprodukhervatpakkings- of ander klein- of groot-handelsaktiwiteite is op die markterrein teenwoordig nie.

Die skoonmaak van die markvloer en toegangsbeheer tot die markterrein is funksies wat deur die markbestuur aan private instansies uitgekontraakteer is.



A.5.2 Markgroei

Die groei in omset (R miljoen) en deurstet ('000 ton) word in figuur A.4 getoon.

A.5.3 Bedryfsvoering

Die missie van die mark is soos volg gestel deur die markdirekteur: "Die voorsiening en daarstelling van 'n effektiewe en ordelike markstelsel waar die prysvormingsmeganisme optimaal funksioneer".


FIGUUR A.4
Markomset en deurset; Durban-NVPM
1983 - 1989



BRONNE:

- 1 Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1985. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1984. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- 2 Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1986. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1985. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- 3 Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1987. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- 4 Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- 5 Inligting vir 1989 is verskaf deur die Durban- NVPM.

Die markdirekteur is 'n munisipale afdelingshoof. Die gesagstruktuur is soos volg:



Die huidige munisipale organisasiestruktuur word tans ondersoek met die oog op rasionalisering en meer effektiewe dienslewering.

Die munisipale kundigheid ten opsigte van die bemarking van varsprodukte is gevestig in die markdirekteur.

Die volgende munisipale dienste word op 'n gereelde basis aan die mark gelewer: materiaalaankope, plaagbeheer-, personeel-, tesourie-, ingenieurs/herstel-, sekerheids- en beroepsveiligheidsdienste. Munisipale beheer is beperk tot finansiële kontrole. Die bedryfsvoering op die mark word gereël deur munisipale markverordeninge.

A.5.4 Finansiële state

Die inkomstestaat vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989 word in bylae B gegee. Die mark word nie op 'n geslote finansiële rekening bedryf nie. Die volgende aspekte van die munisipale finansiële beleid het betrekking:

- ▣ Die mark maak 'n jaarlikse bydrae tot die munisipale belastingrekening. Die bydrae word bereken op twee persent (minimum) tot vier persent (maksimum) van die kapitale besteding in die mark.
- ▣ Oorskotte op die inkomsterekening word aangewend vir addisionele kapitaaldelging, asook 'n bydrae tot die gekonsolideerde ontwikkelingsfonds. Die grootte van laasgenoemde bydrae wissel tussen drie persent tot vyf persent van kapitale besteding. Tekorte op die inkomsterekening word deur die munisipale belastingrekening aangevul. Die oorskotte en tekorte vir die mark, volgens Durban se munisipale finansiële beleid, vir die afgelope vyf jaar word in tabel A.8 getoon.

TABEL A.8
Oorskotte/tekorte op Durban-NVPM
1985 - 1989

Jaar	Oorskot (R'000)	Tekort (R'000)
1985	—	5
1986	—	1 222
1987	—	25
1988	835	—
1989	187	—

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Tesouriedepartement, Durbanse Stadsraad.

- ▣ Rente op die mark se bydrae tot die munisipale gekonsolideerde ontwikkelingsfonds word soos volg aangewend:
 - 50 persent herbelê in gekonsolideerde ontwikkelingsfonds, en
 - 50 persent word as inkomste vir die mark getoon.

Die balansstaat vir die mark soos op 30 Junie 1989 word in bylae C gegee. Dit is belangrik om daarop te let dat die grond waarop die mark gevestig is 'n bate vir die mark is. Kapitale uitgawes vir die mark word gefinansier uit die munisipale gekonsolideerde ontwikkelingsfonds en uit lenings wat op die kapitaalmarkt aangegaan word.

Addisionele inligting word in tabel A.9 getoon.

TABEL A.9
Bates van Durban-NVPM, 1989
(R'000)

Bate	Munisipale Waardasie	Versekerde Waarde	LHA-waardasie
Grond	7 919	—	14 550
Geboue	13 778	42 773 ¹	26 120
Toerusting	—	—	850
TOTAAL	21 707	42 773	41 520

NOTA:

¹ Toerusting is hierby ingesluit.

BRON:

Gegrono op inligting verskaf deur die Durban-NVPM.

A.5.5 Eienaarsdoelwitte

Die volgende besluite is op 2 April 1990 deur die Stadsraad van Durban oor die eienaarskap van hul mark geneem:

- Alternatiewe vir die huidige eienaarskap van die NVPM moet oorweeg word in die lig van alle faktore wat tans deur die RGN-studie ondersoek word.
- Die mark moet onder beheer van die Stadsraad bly totdat 'n aanvaarbare aanbod, in die belang van Durban se belastingbetalers, ontvang word.
- Die volgende resoluie is deur die Stadsraad aanvaar:

“That under the conditions and circumstances which best fit the City Council's stated objectives the question of alternative ownership of the Durban National Fresh Produce Market, and the form which it would take, be considered on the merits of the circumstances prevailing at the time and of any proposals that are received”.

A.6 BLOEMFONTEIN-NVPM

A.6.1 Markfasiliteite

Die fasiliteite van die Bloemfontein-NVPM word in tabel A.10 getoon.

TABEL A.10.
Markfasiliteite van die Bloemfontein-NVPM, 1989

Fasiliteit	Grootte (m ²)
Markterrein	299 132
Fasiliteite onder dak:	
▣ Marksaal	10 600
▣ Koel-/rypmaakkamers	1 131
▣ Laairuimte (pad)	2 856
▣ Laairuimte (spoor)	5 374
▣ Kantore	1 491
▣ Ander	1 226
Fasiliteite nie onderdak nie:	
▣ Laairuimte, parkering en paaie	27 230

BRON:

Gegronnd op inligting voorsien deur die Bloemfontein-NVPM.

Die mark oorweeg tans die uitbreiding van die marksaal met 'n addisionele 3 533 m² (33,3 persent). Die beraamde koste hiervoor is R2,7 miljoen. Konstruksie sal in die 1990/1991 boekjaar 'n aanvang neem. Voldoende uitbreidingsruimte bestaan op die huidige terrein.

Die volgende ondersteuningsaktiwiteite vind op die markterrein plaas:


- ▣ Bankagentskap,
- ▣ kafeteria,
- ▣ verhuring van magasyn vir die verspreiding van varsprodukte.

A.6.2 Markgroei

Die groei in omset (R miljoen) en deurset ('000 ton) word in figuur A.5 getoon.


A.6.3 Bedryfsvoering

Die mark het nie 'n amptelike goedgekeurde missiestelling nie. Die markdirekteur is 'n munisipale afdelingshoof. Die gesagstruktuur is soos volg:




FIGUUR A.5
 Markomset en -deurset; Bloemfontein-NVPM
 1983 - 1989

BLOEMFONTEIN
 Deurset



BLOEMFONTEIN
 Omset



BRONNE:

- ¹ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1985. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1984. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ² Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1986. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1985. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ³ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1987. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁴ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁵ Inligting vir 1989 is verskaf deur die Bloemfontein- NVPM.

Die munisipale kundigheid ten opsigte van die bemarking van varsprodukte is gevestig in die markdirekteur. Munisipale kontrole oor die mark is beperk tot finansiële beheer. Die markaktiwiteite word gereël deur munisipale markverordeninge.

Die volgende munisipale dienste word op 'n gereelde basis aan die mark gelewer: tesourie-, personeel-, ingenieurs/ herstel- en parkinstandhoudingsdiens.

A.6.4 Finansiële state

Die inkomstestaat vir die jaar geëindig op 30 June 1989 word in afdeling 3.4 getoon. Die mark word nie op 'n geslote finansiële rekening bedryf nie. Oorskotte/verliese op die inkomsterekening word deur die Munisipale Reserwefonds: Belastingdiens geabsorbeer.

Die balansstaat word in bylae C getoon. Die volgende aspekte verdien aandag:

- ▣ Die markgrond is in besit van die Stadsraad en word nie as 'n bate vir die mark getoon nie.
- ▣ Die netto bydrae uit die Munisipale Reserwefonds, Belastingdiens, vir die delging van tekorte op die mark se inkomstestaat word nie as 'n las op die balansstaat getoon nie. Die bydraes uit hierdie fonds sedert oprigting beloop R2,235 miljoen.

TABEL A.11
Bates van Bloemfontein-NVPM, 1989
(R'000)

Bate	Munisipale Waardasie	Versekerde Waarde	LHA-waardasie
Grond	900	—	900
Geboue	14 954	21 513	20 530
Toerusting	—	3 363	770
TOTAAL	15 854	24 876	22 220

BRON:

Gegron op inligting verskaf deur die Bloemfontein-NVPM.

A.6.5 Eienaarsdoelwitte

Die standpunt van die Stadsraad van Bloemfontein is soos volg in 'n brief, gedateer 30 Maart 1990, aan LHA gestel ". . . dat die Stadsraad besluit het dat die status quo gehandhaaf word wat betref eienaarskap van die Bloemfontein Nasionale Varsproduktemark."

A.7 PORT ELIZABETH-NVPM

A.7.1 Markfasiliteite

Die fasiliteite van die Port Elizabeth-NVPM word in tabel A.12 getoon.

TABEL A.12
Markfasiliteite van die Port Elizabeth-NVPM, 1989

Fasiliteit	Grootte (m ²)
Markterrein	293 700
Fasiliteite onder dak:	
■ Marksaal	22 353
■ Koel-/rypmaakkamers	1 887
■ Laairuimte (pad)	10 675
■ Laairuimte (spoor)	14 930
■ Kantore	2 000
■ Ander	5 276
Fasiliteite nie onderdak nie:	
■ Laairuimte, parkering en paaie	12 033

BRON:

Gegron op inligting verskaf deur die Port Elizabeth-NVPM.

Die huidige markfasiliteite word nie ten volle benut nie. Geen uitbreiding van markfasiliteite word vir die volgende vyf jaar voorsien nie. Voldoende uitbreidingsruimte is beskikbaar op die huidige markerrein.

Die volgende ondersteuningsaktiwiteite vind op die markerrein plaas:


- ▣ Kafeteria (2),
- ▣ groothandelaars,
- ▣ saadhandelaar, en
- ▣ kunsmishandelaar.

Die mark verhuur ook kantore aan die munisipale brandweerdienste en omliggende plaaslike owerhede.


A.7.2 Markgroei

Die groei in omset (R miljoen) en deurset ('000 ton) word in figuur A.6 getoon.

FIGUUR A.6
Markomset en -deurset; Port Elizabeth-NVPM
1983 – 1989



PORT ELIZABETH
Omset




BRONNE:

- ¹ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1985. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1984. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ² Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1986. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1985. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ³ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1987. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁴ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁵ Inligting vir 1989 is verskaf deur die Port Elizabeth-NVPM.

A.7.3 Bedryfsvoering

Die missie vir hierdie mark is: "Die voorsiening van 'n noodsaaklike diens aan die plaaslike en streeksgemeenskap deur die voorsiening van varsprodukte van goeie gehalte op 'n deurlopende grondslag en teen redelike pryse; Die lewering en aanpassing van dienste soos benodig deur die mark; Kommunikasie met produsent en koper; Reëling van markaktiwiteite om koste ten opsigte van fisiese komponent te dek; Voorsiening van opgeleide gemotiveerde personeel". (Gegronde op inligting verskaf deur die waarnemende markdirekteur van die Port Elizabeth-NVPM.)

Die markdirekteur is 'n munisipale departementshoof en die gesagstruktuur is soos volg:



Munisipale beheer oor die mark is beperk tot finansiële kontrole. Die kundigheid ten opsigte van die bemerking van varsprodukte is gevestig in die markdirekteur. Markaktiwiteite word beheer deur munisipale verordeninge.

Die munisipaliteit lewer die volgende dienste op 'n gereelde basis aan die mark, naamlik tesourie-, personeel- en instandhoudingsdiens. Ligte herstelwerk word deur markpersoneel uitgevoer. Ander herstelwerk word deur die munisipaliteit of private instansies uitgevoer.

A.7.4 Finansiële state

Die inkomstestaat vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989 word in afdeling 3.4 getoon. Hierdie mark word tans op 'n geslote finansiële rekening bedryf.

Die balansstaat soos op 30 Junie 1989 word in bylae C getoon. Dit is belangrik om daarop te let dat die markgrond in besit is van die Stadsraad en nie op die mark se balansstaat verskyn nie. Kapitale uitgawes word gefinansier deur interne munisipale fondse. Addisionele inligting word in tabel A.13 getoon:

TABEL A.13
Bates van Port Elizabeth-NVPM, 1989
(R'000)

Bate	Munisipale Waardasie	Versekerde Waarde	LHA-waardasie
Grond	969	—	2 940
Geboue	6 781	29 806	34 290
Toerusting	—	590	660
TOTAAL	7 750	30 396	37 890

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Port Elizabeth-NVPM.

A.7.5 Eienaarsdoelwitte

Die besluit van die Stadsraad se Gemeenskapsdienste komitee oor die eienaarskap van die NVPM in Port Elizabeth, is soos volg in 'n brief aan LHA, gedateer 11 April 1990, gestel.

“Dat die RGN via LHA Bestuurskonsultante verwittig word dat die Stadsraad die status quo wil handhaaf met betrekking tot die bestuursfunksies en eiendomsreg van die Port Elizabethse Nasionale Varsprodukte-mark, maar dat die Raad nietemin bereid is om daarvoor te onderhandel en sodra daar konkrete voorstelle gemaak word betreffende veranderings in die bestuursfunksies en/of eienaarskap van markte, sal die Stadsraad uiteraard sy voorwaardes stel”.

A.8 OOS-LONDEN

A.8.1 Markfasiliteite

Die fasiliteite van die Oos-Londen-NVPM word in tabel A.14 getoon.

TABEL A.14	
Markfasiliteite van die Oos-Londen-NVPM, 1989	
Fasiliteit	Grootte (m ²)
Markterrein	143 000
Fasiliteite onder dak:	
■ Marksaal	20 109
■ Koel-/rypmaakkamers	1 950
■ Laairuimte (pad)	8 670
■ Laairuimte (spoor)	5 217
■ Kantore	1 720
■ Ander	2 312
Fasiliteite nie onderdak nie:	
■ Laairuimte, parkering en paaie	13 286

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Oos-Londen-NVPM.

Huidige markfasiliteite word nog nie ten volle benut nie. Markuitbreidings sal egter eers oorweeg word nadat die voordeel van die gebruik van rakke op die markvloer benut is. Geen uitbreidings word egter vir die volgende vyf jaar voorsien nie. Voldoende uitbreidingsruimte bestaan op die huidige markterrein.


Die volgende ondersteuningsaktiwiteite vind op die markterrein plaas:

- ▣ Bankagentskappe (2),
- ▣ kafeteria/kafee,
- ▣ handelaar wat varsprodukte verwerk, en
- ▣ kunsmis en verpakkingsmateriaal word self deur die NVPM verkoop.


A.8.2 Markgroei

Die groei in omset (R miljoen) en deurset ('000 ton) word in figuur A.7 getoon.

FIGUUR A.7
Markomset en -deurset; Oos-Londen-NVPM
1983 - 1989



OOS-LONDEN
Omset




BRONNE:

- ¹ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1985. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1984. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ² Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1986. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1985. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ³ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1987. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁴ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁵ Inligting vir 1989 is verskaf deur die Oos-Londen-NVPM.

A.8.3 Bedryfsvoering

Die mark beskik nie oor 'n amptelike missiestelling nie.

Die markdirekteur is 'n munisipale departementshoof en die gesagstruktuur is soos volg:



Munisipale beheer oor die mark is hoofsaaklik beperk tot finansiële kontrole. Die munisipale kundigheid ten opsigte van die bemarking van varsprodukte is gevestig in die markdirekteur. Markaktiwiteite word gereël deur munisipale verordeninge.

Die munisipaliteit lewer personeel- en finansiële dienste op 'n gereelde basis aan die mark. Onderhoud en herstelwerk word deur markpersoneel en/of private instansies gedoen.

A.8.4 Finansiële state

Die inkomstestaat vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989 word in afdeling 3.4 getoon. Die mark word tans op 'n geslote finansiële rekening bedryf.

Die balansstaat soos op 30 Junie 1989 word in bylae C getoon. Dit is belangrik om op die volgende te let:

- ▣ Die markgrond is in besit van die Stadsraad en word nie op die mark se balansstaat getoon nie.
- ▣ Kapitale uitgawes word gefinansier uit die munisipale gekonsolideerde kapitaal ontwikkelingsfonds.

Addisionele inligting word in tabel A.15 getoon:

TABEL A.15
Bates van Oos-Londen-NVPM, 1989
(R'000)

Bate	Munisipale Waardasie	Versekerde Waarde	LHA-waardasie
Grond	205	—	1 720
Geboue	2 480	30 000	29 920
Toerusting	—	2 800	710
TOTAAL	2 685	32 800	32 350

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Oos-Londen-NVPM.

A.8.5 Eienaarsdoelwitte

In 'n brief aan LHA, gedateer 20 Julie 1990, stel die Stadsraad van Oos-Londen hul standpunt oor die eienaarskap van hul NVPM soos volg:

“Na deeglike oorweging van die verskillende opsies ten opsigte van enige moontlike verandering ten opsigte van die eienaarskap van die Wilsonia Varsproduktemark, is my Raad se mening dat die status quo behou moet word in soverre dit die bedryf en eienaarskap van die mark betref.”

A.9 PIETERMARITZBURG

A.9.1 Markfasiliteite

Die fasiliteite van die Pietermaritzburg-NVPM word in tabel A.16 getoon.

TABEL A.16	
Markfasiliteite van die Pietermaritzburg-NVPM, 1989	
Fasiliteit	Grootte (m ²)
Markterrein	127 000
Fasiliteite onder dak:	
■ Marksaal	12 416
■ Koel-/rypmaakkamers	650
■ Laairuimte (pad)	4 610
■ Laairuimte (spoor)	2 229
■ Kantore	1 710
■ Ander	2 362
Fasiliteite nie onderdak nie:	
■ Laairuimte, parkering en paaie	24 200

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Pietermaritzburg-NVPM.

Geen uitbreiding van die huidige markfasiliteite word binne die volgende vyf jaar voorsien nie. Voldoende uitbreidingsruimte bestaan egter op die huidige markterrein. Opknappingswerk aan die dakstruktuur van die marksaal word binne die volgende drie tot vyf jaar beplan. Die beraamde koste hiervoor is R2 miljoen. Die mark beskik oor geen rypmaakfasiliteite nie en huur tans verskuifbare rypmaakkamers van die Piesangraad.

Die volgende ondersteuningsaktiwiteite vind op die markterrein plaas:


- Kafeteria en
- verhuring van magasynarea aan 'n herverpakker van varsprodukte.

Die mark beskik oor beperkte rekenaarfasiliteite vir die verwerking van verkoopsinligting.

A.9.2 Markgroei

Die groei in omset (R miljoen) en deurset ('000 ton) word in figuur A.8 getoon:

FIGUUR A.8
Markomset en -deurset; Pietermaritzburg-NVPM, 1983 – 1989




BRONNE:

- ¹ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1985. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1984. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ² Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1986. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1985. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ³ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1987. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁴ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁵ Inligting vir 1989 is verskaf deur die Pietermaritzburg-NVPM.

A.9.3 Bedryfsvoering

Die missie vir hierdie mark is: "Die voorsiening van 'n sentrale fasiliteit ten einde ordelike bemarking van varsprodukte te verseker".

Die markdirekteur is 'n munisipale departementshoof en die gesagstruktuur is soos volg:



Die munisipale kundigheid ten opsigte van die bemarking van varsprodukte is gevestig in die markdirekteur. Munisipale beheer oor die mark is beperk tot finansiële kontrole. Markaktiwiteite word gereël deur munisipale verordeninge.

Die munisipaliteit lewer die volgende dienste op 'n gereelde basis aan die mark: dataverwerking-, personeel-, tesourie- en ingenieurs/hersteldiens.

A.9.4 Finansiële state

Die inkomstestaat vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989 word in afdeling 3.4 getoon. Die mark word nie op 'n geslote finansiële rekening bedryf nie. Die volgende aspekte het betrekking:

- ▣ Alle oorskotte/surplusse op die inkomsterekening word in 'n onaan-gewende oorskotrekening gestort.
- ▣ Vanaf 1990/1991 sal die mark weer 'n bydrae van een persent van bruto inkomste aan die munisipale belastingrekening maak. Die totale bydrae tot die belastingrekening sedert 1972 bedra R80 524.

Die balansstaat vir die mark word in bylae C getoon. Dit is belangrik om daarop te let dat die markgrond in besit is van die Stadsraad en word nie op die mark se balansstaat getoon nie. Kapitale uitgawes vir die mark word gefinansier uit die munisipale gekonsolideerde kapitaalontwikkelingsfonds. Addisionele inligting word in tabel A.17 getoon:

TABEL A.17
Bates van die Pietermaritzburg-NVPM, 1989
(R'000)

Bate	Munisipale Waardasie	Versekerde Waarde	LHA-waardasie
Grond	1 843	—	1 910
Geboue	9 821	11 520	12 050
Toerusting	—	817	460
TOTAAL	11 664	12 337	14 420

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Pietermaritzburg-NVPM.

A.9.5 Eienaarsdoelwitte

Die Stadsraad van Pietermaritzburg het die eienaarskap van die plaaslike NVPM op 20 Maart 1990 oorweeg. Op die vergadering is besluit dat die Assistent-stadsklerk die daarstelling van 'n raad vir die bestuur van die mark moet ondersoek. Die resultate van sy ondersoek moet weer aan die Stadsraad voorgelê word.

A.10 KLERKSDORP

A.10.1 Markfasiliteite

Die fasiliteite van die Klerksdorp-NVPM word in tabel A.18 getoon.

TABEL A.18
Markfasiliteite van die Klerksdorp-NVPM, 1989

Fasiliteit	Grootte (m ²)
Markterrein	92 909
Fasiliteite onder dak:	
■ Marksaal	9 873
■ Koel-/rypmaakkamers	623
■ Laairuimte (pad)	4 050
■ Laairuimte (spoor)	2 177
■ Kantore	930
■ Ander	1 923
Fasiliteite nie onderdak nie:	
■ Laairuimte, parkering en paaie	21 636

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Klerksdorp-NVPM.

Die huidige marksaal word nog nie ten volle benut nie. Geen uitbreidings daaraan word vir die volgende vyf jaar beplan nie. Uitbreidings aan die koelkamerfasiliteite word soos volg beplan:

1990/1991, addisionele koel- en rypmaakkamers, R270 000; en
1991/1992, addisionele koel- en rypmaakkamers, R270 000.

Ondersteuningsaktiwiteite op die markterrein sluit die volgende in :


- Blommemark,
- bankagentskap,
- verkope van verpakkingsmateriaal, en
- groot-/kleinhandelverkope van varsprodukte.

A.10.2 Markgroei


Die groei in omset (R miljoen) en deurse (000 ton) word in figuur A.9 getoon.

FIGUUR A.9
 Markomset en -deurset; Klerksdorp-NVPM
 1983 - 1989

KLERKSDORP
 Deurset



KLERKSDORP
 Omset




BRONNE:

- ¹ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1985. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1984. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ² Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1986. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1985. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ³ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1987. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁴ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁵ Inligting vir 1989 is verskaf deur die Klerksdorp-NVPM.

A.10.3 Bedryfsvoering

Die Klerksdorpse mark het nie 'n amptelike missiestelling nie.

Die markmeester is 'n munisipale departementshoof en die gesagstruktuur is soos volg:



Die munisipale kundigheid ten opsigte van die bemarking van varsprodukte is gevestig in die markmeester.

Die munisipaliteite lewer die volgende dienste op 'n gereelde basis aan die mark: finansiële-, personeel- en ingenieurs/hersteldiens. Munisipale beheer oor die mark is hoofsaaklik beperk tot finansiële kontrole. Markaktiwiteite word gereël deur munisipale verordeninge.

A.10.4 Finansiële state

Die inkomstestaat vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989 word in afdeling 3.4 getoon. Die mark word op 'n geslote finansiële rekening bedryf.

Die balansstaat van die mark word in bylae C getoon. Die markgrond is in besit van die Stadsraad en word nie op die mark se balansstaat getoon nie.

Kapitale uitgawes word gefinansier uit die munisipale gekonsolideerde leningsfonds asook markinkomste.

Addisionele inligting word in tabel A.19 getoon:

TABEL A.19
Bates van die Klerksdorp-NVPM, 1989
(R'000)

Bate	Munisipale Waardasie	Versekerde Waarde	LHA-waardasie
Grond	724	—	1 120
Geboue	3 887	16 428	14 530
Toerusting	—	866	520
TOTAAL	4 611	17 294	16 170

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Klerksdorp-NVPM.

A.10.5 Eienaarsdoelwitte

Die standpunt van die Stadsraad van Klerksdorp met betrekking tot alternatiewe eienaarskap, is gestel in 'n brief, gedateer 28 Maart 1990, aan LHA:

“Met verwysing na u (LHA) brief van 19 Februarie 1990 deel ek u mee dat die Raad besluit het dat u (LHA) meegedeel word dat aangesien markte in terme van die Wet op Streeksdienstrade van 1985 as 'n streeksdienstefunksie geïdentifiseer is, die moontlikheid bestaan dat plaaslike besture hulle magte met betrekking tot eiendomsreg en seggenskap van markte kan verloor met die gevolg dat die Raad, indien hy 'n keuse sou hê, die Klerksdorp Varsproduktemark graag sou wou privaatiseer.

Verder het die Raad besluit dat as alternatief die Raad oorweging daaraan sal verleen om die mark te verhuur aan 'n nutsmaatskappy met die Raad as mede-eienaar met dien verstande dat sodanige maatskappy saamgestel word uit belanghebbendes uit die bemarkingsbedryf”.

A.11 VEREENIGING

A.11.1 Markfasiliteite

Die fasiliteite van die Vereenigingse NVPM word in tabel A.20 getoon.

TABEL A.20
Markfasiliteite van die Vereeniging-NVPM, 1989

Fasiliteit	Grootte (m ²)
Markterrein	108 000
Fasiliteite onder dak:	
■ Marksaal	11 568
■ Koel-/rypmaakkamers	900
■ Laairuimte (pad)	6 506
■ Laairuimte (spoor)	732
■ Kantore	1 614
■ Ander	3 554
Fasiliteite nie onderdak nie:	
■ Laairuimte, parking en paaie	9 879

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Vereeniging-NVPM.

Hierdie mark ondergaan uitbreidings in 1987. Geen verdere uitbreidings word vir die volgende vyf jaar voorsien nie. Die volgende ondersteunings-aktiwiteite vind op die markterrein plaas:


- Bankagentskap,
- groothandel koeldrankverkope,
- restaurant, en
- kleinhandelverkope van varsprodukte.

A.11.2 Markgroei


Die groei in omset (R miljoen) en deurse (000 ton) word in figuur A.10 getoon.

FIGUUR A.10
 Markomset en -deurset; Vereeniging-NVPM
 1983 – 1989

VEREENIGING
 Deurset



VEREENIGING
 Omset



BRONNE:


- ¹ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1985. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1984. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ² Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1986. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1985. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ³ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1987. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁴ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁵ Inligting vir 1989 is verskaf deur die Vereeniging-NVPM.

A.11.3 Bedryfsvoering

Die missie vir die mark is:

“Die ordelike en kontinue bemarking van varsprodukte ter bevrediging van beide die produsent en die verbruiker se behoeftes op 'n nasionale basis teen 'n bevredigende rendement aan die eienaar”. (Gegronde op inligting verskaf deur die waarnemende markdirekteur van die Vereeniging-NVPM.)

Die vakante pos van markdirekteur word tans op 'n deeltydse grondslag deur die Stadsekretaris vervul. Dit is genoem dat hy die pos van markdirekteur met ingang 1 Julie 1990 op 'n voltydse basis sal vervul. Die gesagstruktuur is soos volg :



Die markdirekteur is 'n munisipale departementshoof.

Daadwerklike pogings word sedert 1988 deur die Stadsraad aangewend om die ekonomiese lewensvatbaarheid van hierdie mark te verbeter en omvat onder meer die volgende:

- 'n Ondersoek deur die Kommissie vir Varsproduktemarkte oor bedryfsvoering op die Vereeniging-NVPM. Hierdie ondersoek is deur die Stadsraad aangevra.

- ▣ Die Stadsraad implementeer 'n dertienpuntplan van aksie soos voorgestel deur voorgenoemde ondersoek.
- ▣ Die aanstelling van die stadsekretaris as deelydse markdirekteur.
- ▣ Die ontwikkeling van 'n toekomsplan vir die Vereeniging- NVPM in 1989. Aktiewe deelname aan marksake deur die Stadsraadslid verantwoordelik vir markte.
- ▣ Die bedinging van R150 000 as 'n bydrae deur die Vaaldriehoek-SDR vir die installering van dakisolasie by die mark.
- ▣ Die aanstelling van die Stadsekretaris as voltydse markdirekteur.

Die munisipaliteit lewer tans die volgende dienste op 'n gereelde basis aan die mark: tesourie-, personeel-, bestuurs- en regsdiens. Markaktiwiteite word deur markverordeninge gereël.

A.11.4 Finansiële state

Die inkomstestaat vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989 word in afdeling 3.4 getoon. Hierdie mark word op 'n geslote finansiële rekening bedryf.

Die balansstaat soos op 30 Junie 1989 word in bylae C getoon. Die volgende verdien aandag:

- ▣ Die markgrond is 'n bate van die Stadsraad en word nie op die mark se balansstaat getoon nie.
- ▣ Koelkamertoerusting verskyn nie as 'n bate nie omdat dit tans gebruikhuur word.
- ▣ Kapitale uitgawes word gefinansier uit munisipale kapitaalontwikkelingsfonds.

Addisionele inligting word in tabel A.21 getoon:

Bate	Munisipale Waardasie	Versekerde Waarde	LHA-waardasie
Grond	Nie beskikbaar	—	650
Geboue	3 000	3 000	17 520
Toerusting	—	164	295
TOTAAL	3 000	3 164	18 465

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Vereeniging-NVPM.

A.11.5 Eienaarsdoelwitte

Die volgende kommentaar is ontvang van die Stadsraad van Vereeniging ten opsigte van alternatiewe eienaarskap/ bestuur:

- Die Raad het geen beswaar indien die eienaarskap van die NVPM geprivatiseer word nie. Die Raad stel egter die volgende voorwaardes:
 - 'n Nuwe eienaar moet die mark met alle bates, teen markverwante waardes, en laste oorneem. ('n Lening vir die oorname van bates kan met die Raad onderhandel word.)
 - Bestaande personeel moet, sover moontlik, deur die nuwe eienaar in diens geneem word. Personeel wat verkies om in die diens van die Stadsraad te bly kan aan die nuwe eienaar gesecondeer word. Waar 'n personeelid se dienste beëindig word, sal die nuwe eienaar verantwoordelik wees vir alle betalings ingevolge reëls van die munisipale pensioenfonds.
- Die vervreemding van slegs die bestuursfunksies word nie ondersteun nie. Die Raad wil nie verantwoordelik wees vir kapitale uitbreidings sonder dat hy in beheer is van die bestuur van die mark nie. Die Raad stel die volgende voorwaardes:
 - By die verhuring van fasiliteite, verwag die Stadsraad 'n huur wat aan die Stadsraad 'n opbrengs van 15 persent op die kapitale waarde van die mark sal gee. Instandhoudingskoste is vir die rekening van die huurder.
 - By die verhuring van die mark wil die Stadsraad nie insette lewer by die bestuur van die mark nie.
- Instandhoudingsdienste sal deur die Stadsraad aan die nuwe eienaar/ huurder van die mark gelewer word teen 'n premie van 10 persent op huidige munisipale tariewe.
- Die Raad verkies dat markte oorgedra word na 'n korporasie.

A.12 SPRINGS

A.12.1 Markfasiliteite

Die fasiliteite van die Springs-NVPM word in tabel A.22 getoon.

TABEL A.22
Markfasiliteite van die Springs-NVPM, 1989

Fasiliteit	Grootte (m ²)
Markterrein	86 046
Fasiliteite onder dak:	
▣ Marksaal	11 800
▣ Koel-/rypmaakkamers	790
▣ Laairuimte (pad)	8 613
▣ Laairuimte (spoor)	2 256
▣ Kantore	917
▣ Ander	2 292
Fasiliteite nie onderdak nie:	
▣ Laairuimte, parkering en paaie	17 420

BRON:

Gegronnd op inligting verskaf deur die Springs-NVPM.

Die huidige marksaal en -fasiliteite word nie ten volle benut nie. Uitbreidings aan die huidige fasiliteite word nie binne die volgende vier jaar voorsien nie.

Die mark beskik nie oor eie rypmaakfasiliteite nie en huur tans verskuifbare rypmaakfasiliteite by die Piesangraad.

Ondersteuningaktiwiteite op die markterrein sluit die volgende in:


- ▣ Verspreider van verpakkingsmateriaal,
- ▣ herverpakker van varsprodukte,
- ▣ groothandelaar,
- ▣ blommemark, en
- ▣ restaurant en kafee.

A.12.2 Markgroei


Die groei in omset (R miljoen) en deurset ('000 ton) word in figuur A.11 getoon.

FIGUUR A.11
Markomset en -deurset; Springs-NVPM
1983 - 1989

SPRINGS
Deurset



SPRINGS
Omset




BRONNE:

- ¹ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1985. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1984. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ² Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1986. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1985. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ³ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1987. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁴ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁵ Inligting vir 1989 is verskaf deur die Springs-NVPM.

A.12.3 Bedryfsvoering

Die mark beskik nie oor 'n amptelike missiestelling nie.

Die markmeester is 'n afdelingshoof. Die gesagstruktuur is soos volg:



Die kundighied ten opsigte van die bemarking van varsprodukte is gevestig in die markmeester. Munisipale beheer oor die mark is beperk tot finansiële kontrole. Die markaktwiteit word gereël deur munisipale markverordeninge.

Die volgende dienste word op 'n gereelde basis deur die munisipaliteit aan die mark gelever: tesourie-, personeel-, sekuriteits- en ingenieurs/ herstel-diens.

A.12.4 Finansiële state

Die inkomstestaat vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989 word in afdeling 3.4 getoon. Die mark word op 'n geslote finansiële rekening bedryf.

Die balansstaat van die mark word in bylae C getoon. Die volgende inligting het betrekking:

- Die markgrond is 'n bate vir die Stadsraad en word nie op die mark se balansstaat getoon nie.
- Kapitale uitgawes word gefinansier uit die munisipale gekonsolideerde leningsfonds.
- Addisionele inligting word in tabel A.23 getoon:

TABEL A.23
Bates van die Springs-NVPM, 1989
(R'000)

Bate	Munisipale Waardasie	Versekerde Waarde	LHA-waardasie
Grond	430	—	1 720
Geboue	7 503	13 438 ¹	19 620
Toerusting	—	—	410
TOTAAL	7 933	13 438	21 750

NOTA:

1 Versekerde waarde vir geboue en toerusting.

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Springs-NVPM.

A.12.5 Eienaarsdoelwitte

Die volgende is 'n opsomming van 'n skrywe gedateer 3 Mei 1990, wat van die Stadsraad van Springs ontvang is.

Die Stadsraad van Springs oorweeg die eienaarskap van die plaaslike NVPM en noem dat hulle nie 'n vaste siening het oor eienaarskap nie. Hul stel hulself bereid tot onderhandeling oor alternatiewe.

Die volgende voorwaardes word egter gestel ten opsigte van alternatiewe eienaarskap:

- Die behoud van 'n doeltreffende markdiens moet verseker word,
- die mark moet voortbestaan “. . . met sy gepaardgaande voordele vir handelaars en ook die inwoners . . .”, en
- dat die markaktiwiteite nie afgeskaal of beëindig mag word ten gunste van ander markte nie.

By die vervreemding sou die Raad verkies dat dit teen 'n markverwante prys geskied. So 'n prys is egter onderhandelbaar.

By die verhuring, sal 'n "ekonomiese rentekoers op die waarde van die eiendom verlang word". Inspraak in die bestuur, by hierdie alternatief, sal ook 'n voorvereiste wees.

A.13 UITENHAGE

A.13.1 Markfasiliteite

Die fasiliteite van die Uitenhage-NVPM word in tabel A.24 getoon.

TABEL A.24	
Markfasiliteite van die Uitenhage-NVPM, 1989	
Fasiliteit	Grootte (m ²)
Markterrein	20 252
Fasiliteite onder dak:	
▣ Marksaal	3 770
▣ Laairuimte (pad)	650
▣ Kantore	280
▣ Ander	228
Fasiliteite nie onderdak nie:	
▣ Laairuimte, parkering en paaie	4 695

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Uitenhage-NVPM.

Die mark beskik oor geen koel- en rypmaak- of spoorfasiliteite nie. Die oprigting van drie koelkamers, totale vloeroppervlak 144m², word beplan en tenders ter waarde van R1,2 miljoen is reeds hiervoor aangevra. Die marksaal word tans slegs 70 persent benut en geen uitbreidings hieraan word binne die volgende vyf jaar voorsien nie. Daar is voldoende uitbreidingsruimte op die huidige markterrein.

Geen varsprodukherverpakkings-, groot- of kleinhandelsaktiwiteit is op die markterrein teenwoordig nie. Geriewe vir die was en verpakking van varsprodukte is opgerig vir gebruik deur die informele sektor. Dit word egter nog nie gebruik nie.


Die insameling en verwerking van verkoopsinligting word tans per hand deur die markpersoneel gedoen.

A.13.2 Markgroei


Die groei in omset (R miljoen) en deurstet ('000 ton) vir hierdie mark word in figuur A.12 getoon.

FIGUUR A.12
 Markomset en -deurset; Uitenhage-NVPM
 1983 - 1989

UITENHAGE
 Deurset



UITENHAGE
 Omset




BRONNE:

- ¹ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1985. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1984. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ² Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1986. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1985. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ³ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1987. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁴ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁵ Inligting vir 1989 is verskaf deur die Uitenhage-NVPM.

A.13.3 Bedryfsvoering

Die mark het nie 'n amptelike missie nie.

Die pos van markmeester raak in Julie 1989 vakant en is nog nie gevul nie. Die mark staan tans onder die beheer van die Gesondheidsdepartement. Die Onderhoof van die Gesondheidsdepartement is tans die bestuurder van die mark terwyl die Administratiewe Beampte: Markte, verantwoordelik is vir beheer oor markaktiwiteite. Die gesagstruktuur van die mark binne die munisipaliteit lyk soos volg:



In November 1989 onderneem die Stadsraad van Uitenhage 'n twaalf maande-aksieprogram om die lewensvatbaarheid van die mark te verbeter. Die Stadsraadslid verantwoordelik vir die mark is aktief by die aksies betrokke.

Die munisipaliteit lewer tans die volgende dienste aan die mark: personeel-, regs-, tesourie- en bestuursdienste.

A.13.4 Finansiële state

Die inkomstestaat vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989 word in afdeling 3.4 getoon. Die volgende inligting het betrekking:

- Die mark word nie op 'n geslote finansiële rekening bedryf nie.
- Vir die tydperk 1/7/1985 tot 30/6/1988 maak die mark 'n jaarlikse bydrae tot die belastingrekening ter waarde van tien persent van markinkomste. Die bydrae is in 1988/1989 gestaak weens die swak finansiële posisie van die mark.
- Oorskotte/tekorte op die inkomsterekening word oorgedra na die mark-reserwerekening.

Die balansstaat soos op 30 Junie 1989 word in bylae C getoon. Die volgende het betrekking:

- Die markgrond is in besit van die Stadsraad en word nie op die mark se balansstaat aangetoon nie.
- Die markreserwefonds word nie op die mark se balansstaat aangetoon nie. Hierdie fonds bedra tans R166 000.
- Kapitale uitgawes word gefinansier uit die markreserwefonds en die gekonsolideerde kapitaalontwikkelings- en leningsfonds.

Addisionele inligting word in tabel A.25 getoon.

TABEL A.25
Bates van die Uitenhage-NVPM, 1989
(R'000)

Bate	Munisipale Waardasie	Versekerde Waarde	LHA-waardasie
Grond	41	—	205
Geboue	279	1 789	2 940
Toerusting	—	135	35
TOTAAL	320	1 924	3 180

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Uitenhage-NVPM.

A.13.5 Eienaarsdoelwitte

In 'n brief aan LHA, gedateer 12 Maart 1990, stel die Stadsraad van Uitenhage die volgende standpunt oor die moontlike vervreemding van eiendomsreg/bestuursfunksies met betrekking tot die NVPM:

- Die Raad het nog nie die privatisering van die mark in detail oorweeg om werklike sinvolle insette tot die studie te lewer nie.

- ❑ Pogings word tans aangewend om die ekonomiese lewensvatbaarheid van die mark te verbeter.
- ❑ Die Raad sal in die afsienbare toekoms konsultante aanstel om hulle van advies te bedien oor die privatisering van munisipale funksies.

A.14 WELKOM

A.14.1 Markfasiliteite

Opsommende inligting oor markfasiliteite van die Welkom-NVPM word in tabel A.26 getoon.

TABEL A.26
Markfasiliteite van die Welkom-NVPM'e, 1989

Fasiliteit	Grootte (m ²)
Markterrein	108 063
Fasiliteite onder dak:	
❑ Marksaal	8 208
❑ Koel-/rypmaakkamers	445
❑ Laairuimte (pad)	1 840
❑ Laairuimte (spoor)	2 807
❑ Kantore	1 167
❑ Ander	1 483
Fasiliteite nie onderdak nie:	
❑ Laairuimte, parkering en paaie	22 075

BRON:

Gegrand op inligting verskaf deur die Welkom-NVPM.

Die markfasiliteite word tans nie ten volle benut nie. Geen uitbreidings word vir die volgende vyf jaar voorsien nie. Uitbreidings sal egter eers oorweeg word nadat die gebruik van rakstelsels op die markvloer uitgeput is.

'n Kafeteria en bankagentskap is op die mark gevestig. Daar is egter geen varsprodukherverpakking-, klein- of groothandelsaktiwiteit op die markterrein nie.


Alle verwerking van verkoopsinligting word tans per hand deur markpersoneel gedoen.

A.14.2 Markgroei


Die groei in omset (R miljoen) en deurset ('000 ton) vir die mark word in figuur A.13 getoon.

FIGUUR A.13
 Markomset en -deurset; Welkom-NVPM
 1983 - 1989

WELKOM
 Deurset



WELKOM
 Omset




BRONNE:

- ¹ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1985. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1984. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ² Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1986. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1985. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ³ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1987. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁴ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁵ Inligting vir 1989 is verskaf deur die Welkom-NVPM.

A.14.3 Bedryfsvoering

Die missie vir die mark is: "Om in 'n uiters mededingende veld te dien as ordelike en doeltreffende afsetkanaal vir varsprodukte tot die beste voordeel van produsente, handelaar en verbruikers". (Gegronde op inligting verskaf deur die markmeester van Welkom.)

Die markmeester is 'n munisipale afdelingshoof en die gesagstruktuur lyk soos volg:



Die kundigheid ten opsigte van die bemarking van varsprodukte is gevestig in die markmeester. Munisipale beheer oor die mark is beperk tot finansiële kontrole. Die markaktiwiteite word gereël deur munisipale verordeninge.

Die volgende dienste word op 'n gereelde basis deur die munisipaliteit aan die mark gelewer: tesourie-, personeel-, regs- en ingenieurs/hersteldienste.

A.14.4 Finansiële state

Die inkomstestaat vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989 word in afdeling 3.4 getoon. Die mark word tans op 'n geslote finansiële rekening bedryf.

Die balansstaat vir die mark soos op 30 Junie 1989 word in bylae C getoon. Die markgrond is 'n bate van die Stadsraad en word nie op die balansstaat van die mark getoon nie. Kapitale uitgawes ten opsigte van die mark word uit die munisipale kapitaalontwikkelingsfonds gefinansier. Addisionele inligting word in tabel A.27 getoon.

TABEL A.27
Bates van die Welkom-NVPM, 1989
(R'000)

Bate	Munisipale Waardasie	Versekerde Waarde	LHA-waardasie
Grond	1 081	—	2 700
Geboue	7 477	9 400	14 460
Toerusting	—	80	160
TOTAAL	7 558	9 480	17 320

BRON:

Gegrono op inligting verskaf deur die Welkom-NVPM.

A.14.5 Eienaarsdoelwitte

Die volgende insette is van die Stadsraad van Welkom op 27 Junie 1990 ontvang oor alternatiewe eienaarskap van NVPM'e.

Die volgende riglyne ten opsigte van alternatiewe modelle is ontvang:

- *Oordrag.* Waar NVPM'e tans op 'n verlies bedryf word, kan hierdie model die verliese vir stadsrade verminder terwyl die voordeel van markte vir produsent en verbruiker behou word. Die verkoopsprys sal bepaal word deur die markwaarde van die grond, geboue en toerusting; uitstaande lenings; opgehoopte wins/verlies; en of daar beheer behou word oor die vaststelling van tariewe.
- *Verhuring.* Met hierdie model behoort daar geen verliese vir stadsrade te wees nie. Die tarief waarteen die mark verhuur word sal deur die volgende faktore bepaal word: uitstaande leningskoste, koste van onderhoud van geboue en toerusting en welke partye verantwoordelik is vir die betaling van versekeringspremies en soortgelyke koste.
- *Gesamentlike onderneming.* Die Stadsraad voorsien dat die eindresultaat van so 'n stap dieselfde sal wees soos vir oordrag en verhuring.
- *Deregulering.* Die Stadsraad is van mening dat: "Deregulering kan aanleiding tot chaos gee."

- ▣ *Korporasies*. In die verband noem die Stadsraad dat die korporasie-model "n goeie gedagte" kan wees.
- ▣ *Status Quo*. Weens die feit dat bestaande markte probleme ondervind om 'n winsgewende vlak te bereik, moet metodes gevind word om die inkomsteposisie van NVPM'e te verbeter.

A.15 KIMBERLEY

A.15.1 Markfasiliteite

Opsommende inligting oor markfasiliteite van die Kimberley-NVPM word in tabel A.28 getoon.

TABEL A.28
Markfasiliteite van die Kimberley-NVPM, 1989

Fasiliteit	Grootte (m ²)
Markterrein	77 000
Fasiliteite onder dak:	
▣ Marksaal	7 442
▣ Koel-/rypmaakkamers	671
▣ Laairuimte (pad)	4 224
▣ Kantore	465
▣ Ander	1 520
Fasiliteite nie onderdak nie:	
▣ Laairuimte, parkering en paaie	25 000

BRON:

Gegron op inligting verskaf deur die Kimberley-NVPM.


Geen uitbreiding van markfasiliteite word vir die volgende vyf jaar voorsien nie. Die mark beskik nie oor spoorlynfasiliteite nie. Die verwerking van verkoopsinligting word per hand deur markpersoneel gedoen. Geen ondersteuningsaktiwiteite is op die markterrein teenwoordig nie.

A.15.2 Markgroei


Die groei in omset (R miljoen) en deurset ('000 ton) vir die mark word in figuur A.14 getoon.

FIGUUR A.14
 Markomset en -deurset; Kimberley-NVPM
 1983 - 1989

KIMBERLEY
 Deurset



KIMBERLEY
 Omset




BRONNE:

- ¹ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1985. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1984. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ² Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1986. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1985. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ³ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1987. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁴ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁵ Inligting vir 1989 is verskaf deur die Kimberley-NVPM.

A.15.3 Bedryfsvoering

Die mark beskik nie oor 'n missiestelling nie.

Die gesagstruktuur is soos volg:



Die markmeester is 'n munisipale afdelingshoof. Munisipale beheer oor die mark is beperk tot finansiële kontrole. Die kundigheid ten opsigte van die bemarking van varsprodukte is gevestig in die Markmeester. Markaktiwiteite word gereël deur munisipale markverordeninge.

Die munisipaliteit lewer personeel-, regs-, finansiële en ingenieurs/hersteldienste aan die mark.

A.15.4 Finansiële state

Die inkomstestaat vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989 word in afdeling 3.4 getoon. Die mark word in wese op 'n geslote finansiële rekening bedryf. Oorskotte op die inkomsterekening word in die markherstelfonds gestort.

Die balansstaat vir die mark soos op 30 Junie 1989 word in bylae C getoon. Die markgrond is 'n bate van die Stadsraad en word nie op die mark se balansstaat getoon nie. Kapitale uitgawes word gefinansier uit die inkomste asook uit die munisipale gekonsolideerde leningsfonds. Addisionele inligting word in tabel A.29 getoon.

TABEL A.29
Bates van die Kimberley-NVPM, 1989
(R'000)

Bate	Munisipale Waardasie	Versekerde Waarde	LHA-waardasie
Grond	144	—	500
Geboue	449	5 500	5 930
Toerusting	—	113	90
TOTAAL	593	5 613	6 520

BRON:

Gegronde op inligting verskaf deur die Kimberley-NVPM.

A.15.5 Eienaarsdoelwitte

Die volgende standpunte oor alternatiewe eienaarskap is op 13 Junie 1990 van die Stadsraad van Kimberley ontvang:

- Die volgende alternatiewe ten opsigte van eienaarskap is aanvaarbaar:
 - Oordrag van die mark aan private besit teen 'n markverwante koopprys,
 - deregulering, en
 - status quo.
- Die Stadsraad verkies dat die status quo gehandhaaf word.

Die volgende algemene riglyne word verder gegee:

- By die Verhuring van die mark sal die volgende verwag word:
 - 'n Markverwante huur ten einde 'n redelike rendement op die raad se belegging te verdien;
 - finansiële waarborge gelykstaande aan een jaar se huurgeld sal vereis word; en
 - die Stadsraad sal 'n inspraak in die bestuur van die mark vereis ten einde sy bates te beskerm.
- By die Oordrag van die mark sal dit verkies word dat bestaande personeel oorgeneem word. Hulle kan egter ook in die huidige personeelkomplement van die munisipaliteit opgeneem word

- ▣ Die markfasiliteite moet vir die varsbemarkingsbedryf behoue bly. 'n Klousule met hierdie strekking sal by verkoopsooreenkomste ingesluit word.

A.16 WITBANK

A.16.1 MARKFASILITEITE

Opsommende inligting oor markfasiliteite van die Witbank-NVPM word in tabel A.30 getoon.

TABEL A.30	
Markfasiliteite van die Witbank-NVPM, 1989	
Fasiliteit	Grootte (m ²)
Markterrein	16 694
Fasiliteite onder dak:	
▣ Marksaal	3 610
▣ Koel-/rypmaakkamers	267
▣ Laairuimte (pad)	1 725
▣ Kantore	384
▣ Ander	636
Fasiliteite nie onderdak nie:	
▣ Laairuimte, parkering en paaie	7 000


Die mark beskik oor geen spoorfasiliteite nie. Die marksaal word tans onderbenut en geen uitbreidings word vir die volgende vyf jaar voorsien nie. Daar is een varsproduktekleinhandelaar op die markterrein gevestig.

A.16.2 Markgroei


Die groei in omset (R miljoen) en deurset ('000 ton) vir die mark word in figuur A.15 getoon.

FIGUUR A.15
 Markomset en -deurset; Witbank-NVPM
 1983 - 1989

WITBANK
 Deurset



WITBANK
 Omset




BRONNE:

- ¹ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1985. Statistiek oor varsprodukte markte, 1 Januarie tot 31 Desember 1984. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ² Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1986. Statistiek oor varsprodukte markte, 1 Januarie tot 31 Desember 1985. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ³ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1987. Statistiek oor varsprodukte markte, 1 Januarie tot 31 Desember 1986. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁴ Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsprodukte markte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Staatsdrukker (p. 1-2).
- ⁵ Inligting vir 1989 is verskaf deur die Witbank-NVPM.

A.16.3 Bedryfsvoering

Die markmeester is 'n munisipale afdelingshoof.

Die gesagstruktuur van die markmeester is soos volg:



Die kundigheid ten opsigte van die bemarking van varsprodukte is gevestig in die markmeester. Die munisipale beheer oor die mark is hoofsaaklik beperk tot finansiële kontrole.

Die munisipaliteit lewer personeel-, regs-, tesourie- en ingenieurs/hersteldienste aan die mark.

A.16.4 Finansiële state

Die inkomstestaat vir die jaar geëindig op 30 Junie 1989 word in afdeling 3.4 getoon. Die mark word op 'n geslote finansiële rekening bedryf.

Die balansstaat vir hierdie mark soos op 30 Junie 1989 word in bylae C getoon. Die markgrond is 'n bate van die Stadsraad en word nie op die mark

se balansstaat getoon nie. Kapitale uitgawes word gefinansier uit die markinkomste en munisipale gekonsolideerde leningsfonds. Addisionele inligting word in tabel A.31 getoon.

TABEL A.31
Bates van Witbank-NVPM, 1989
(R'000)

Bate	Munisipale Waardasie	Versekerde Waarde	LHA-waardasie
Grond	417	—	420
Geboue	1 200	4 000	3 700
Toerusting	—	125	35
TOTAAL	1 617	4 125	4 225

BRON:

Gegrono op inligting verskaf deur die Witbank-NVPM.

A.16.5 Eienaarsdoelwitte

Die Stadsraad van Witbank, sonder om homself te verbind, het hom in 'n brief aan LHA gedateer 28 Maart 1990, ten gunste van die privatisering van die Nasionale Varsproduktemark uitgespreek. Die volgende voorkeur ten opsigte van privatiseringsalternatiewe is gestel:

- Die vervreemding van die bates moet teen markverwante pryse geskied.
- Die vervreemding van die bates moet teen die uitstaande leningskuld plus opgehoopte tekort geskied.
- Die verhuring van die bates sal geskied teen 'n huurgeld wat minstens die jaarlikse leningskoste dek. Die Stadsraad sal by Verhuring nie betrokke wees by die bestuur van die mark nie.

Die Stadsraad sal by die voorsiening van toekomstige markfasiliteite betrokke raak slegs wanneer 'n ekonomiese huurgeld verhaal word.

Produksamestelling op die 15 NVPM'e gedurende 1988

B.1 AGTERGROND

Grafieke in die bylae toon die produksamestelling op elk van die vyftien NVPM'e gedurende 1988. Die markaandeel van die produkte, as persentasie van die totale massa deursew op die betrokke mark, word by elke grafiek getoon.

Die bron vir die grafiek is:

Suid-Afrika (Republiek), Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. 1989. Statistiek oor varsproduktemarkte, 1 Januarie tot 31 Desember 1988. Pretoria: Direktoraat Landbou-ekonomiese Tendense (p. 4-11).

Die grafiek vir Witbank-NVPM is gegrond op inligting deur die markmeester van Witbank-NVPM verskaf.

Die legende vir die grafieke is soos volg:

Art: aartappels

Uie: uie

Kool: koolprodukte

Pmp: pampoen

Tmt: tamaties

AG: ander groente

Apl: appels

Pere: pere


Drw: druiwe

Psg: piesangs


Str: sitrusvrugte en

AV: ander vrugte.


JOHANNESBURG 1988




PRETORIA 1988




KAAPSTAD
1988




DURBAN
1988




PORT ELIZABETH
1988




OOS-LONDEN
1988




PIETERMARITZBURG
1988




BLOEMFONTEIN
1988




KIMBERLEY
1988




WELKOM
1988




UITENHAGE
1988




WITBANK
1988




SPRINGS 1988



VEREENIGING 1988



